



Wes-Kaapse  
Regering

Maatskaplike Ontwikkeling

# Jaarverslag 2016/17



**DEPARTEMENT VAN  
MAATSKAPLIKE  
ONTWIKKELING:  
WES-KAAP  
BEGROTINGSPOS NO. 07  
JAARVERSLAG  
2016/2017**

## **VRYWARING**

Die Engelse weergawe van hierdie jaarverslag word as die amptelike teks beskou. Die Afrikaanse en Xhosa-weergawe van hierdie publikasie is op versoek beskikbaar.

Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige wanvertolkings wat gedurende die vertaalproses kon voorgekom het nie.

Sou daar enige wanvertolkings wees wat tydens die vertaling van hierdie dokument kon voorgekom het, sal die Engelse weergawe as bronteks geld.

Hierdie jaarverslag is saamgestel deur die Hoofdirekoraat: Besigheidsbeplanning en -Strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

## INHOUDSOPGAWE

<b>DEEL A: ALGEMENE INLIGTING</b> .....	<b>6</b>
1. DEPARTEMENT SE ALGEMENE INLIGTING .....	6
2. AKRONIEME .....	7
3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER .....	9
4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE .....	12
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAAKTHEID VAN DIE JAARVERSLAG .....	22
6. STRATEGIESE OORSIG .....	23
6.1 Visie .....	23
6.2 Missie .....	23
6.3 Waardes .....	23
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE .....	24
7.1 Grondwetlike mandate .....	24
7.2 Wetgewende mandate .....	24
7.3 Kernfunksies van die Departement .....	26
7.4 Beleidsmandate .....	26
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR .....	30
9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR RAPPOORTEER .....	30
<b>DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING</b> .....	<b>32</b>
1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAAKDE DOELWITTE .....	32
2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE .....	33
2.1 Diensleweringomgewing .....	33
2.2 Diensleweringverbeteringsplan .....	36
2.3 Organisasoriese omgewing .....	47
3. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE .....	50
Die departementele strategiese beplanningsproses het die vyf strategiese doelwitte, soos vervat in die Strategiese Plan vir die 2015-2020-boekjare, herbevestig. Dit is: .....	
Om die integriteit van sakeprosesse aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op maatskaplike navorsing sowel as monitering en verslagdoening te verhoog. Sakeprosesse, -stelsels en die organisatoriese strukture sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp .....	
4. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM .....	55
4.1 PROGRAM 1: ADMINISTRASIE .....	55
4.2 PROGRAM 2: MAATSKAPLIKEWELSYNSDIENSTE .....	59
4.3 PROGRAM 3: KINDERS EN GESINNE .....	67
4.4 PROGRAM 4: HERSTELLENDIENSTE .....	78
4.5 PROGRAM 5: ONTWIKKELING EN NAVORSING .....	85
5. OORDRAGBETALINGS .....	94
5.1 Oordragbetalings aan staatsentiteite .....	94
5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsentiteite .....	94

<b>6. VOORWAARDELIKE TOEKENNINGS</b> .....	<b>95</b>
<b>7. SKENKERFONDSE</b> .....	<b>96</b>
<b>8. KAPITAALBELEGGING</b> .....	<b>96</b>
<b>DEEL C: STAATSBESTUUR</b> .....	<b>100</b>
1. <b>INLEIDING</b> .....	<b>100</b>
2. <b>RISIKOBESTUUR</b> .....	<b>100</b>
3. <b>BEDROG EN KORRUPSIE</b> .....	<b>101</b>
4. <b>VERMINDERING VAN BOTSSENDE BELANGE</b> .....	<b>102</b>
5. <b>GEDRAGSKODE</b> .....	<b>103</b>
6. <b>GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES</b> .....	<b>104</b>
7. <b>PORTEFEULJEKOMITEES</b> .....	<b>106</b>
8. <b>SKOOR-RESOLUSIES</b> .....	<b>109</b>
9. <b>VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE</b> .....	<b>110</b>
10. <b>INTERNE BEHEERENHEID</b> .....	<b>112</b>
11. <b>INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES</b> .....	<b>113</b>
12. <b>VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE</b> .....	<b>114</b>
<b>DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR</b> .....	<b>118</b>
<b>DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING</b> .....	<b>153</b>
<b>VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL</b> .....	<b>153</b>
<b>Verwys na die Engelse weergawe van hierdie geslag.</b> .....	<b>153</b>
<b>BYLAE A: Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsentiteite</b> .....	<b>154</b>
<b>BYLAE B: Kontakbesonderhede</b> .....	<b>155</b>
<b>BYLAE C: SEKTORAANWYSERS NIE OOR VERSLAG GEDOEN NIE DEUR WK DMO</b> .....	<b>157</b>

## **DEEL A: ALGEMENE INLIGTING**

# DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

## 1. DEPARTEMENT SE ALGEMENE INLIGTING

### DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

**FISIESE ADRES:** Queen Victoria Straat, 14  
Kaapstad  
8001

**POSADRES:** Privaatsak X9112  
Kaapstad  
8000  
Suid-Afrika

**Om addisionele afskrifte van hierdie dokument te bekom, kontak asseblief:**

**Tel.:** +27 21 483 5121  
**Faks:** +27 21 483 6824  
**E-pos:** [mishkaah.sallies@westerncape.gov.za](mailto:mishkaah.sallies@westerncape.gov.za)

**PR:** PR 211/2017  
**ISBN:** 978-0-621-45620-2

**Titel van publikasie:** Wes-Kaapse Provinsiale Regering  
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Jaarverslag 2016/17.

**TOLVRYE NO.:** 0800 220 250

**WEBWERF:** <http://www.westerncape.gov.za>

## 2. AKRONIEME

AKRONIEM	VERKLARING
BAP	Bestuursaksieplan
BPAI	Bestuursprestasie-assesseringsinstrument
DH	Departementshoof van Maatskaplike Ontwikkeling
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DSDA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DvdP	Departement van die Premier
DvG	Departement van Gesondheid
DVO	Diensvlakoooreenkoms
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
HWSETA	Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Gesondheid en Welsyn
IKB	Institusionele Kapasiteitsbou
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
JV	Jaarverslag
KBOV	Korporatiewe Bestuursoorsig en -Vooruitskouing
KDS	Korporatiewedienstesentrum
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrums
KSBD	Kindersorg-en-Beskermingsdienste
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
M&E	Monitering en Evaluering
MGO-sentrumprogram	Massadeelname; Geleenthede en toegang; Ontwikkeling en groei
MH	Menslike Hulpbronne
MSDA	Minister van Staatsdiens en Administrasie
MTBK	Mediumtermyn-bestedingskomitee
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MTSR	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk
MvO	Memorandum van Ooreenkoms
NDOO	Nie in diens, onderwys en/of opleiding
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NSS	Naskoolsorg
NT	Nasionale Tesourie
NTR	Nasionale Tesourieregulasies
OBO	Oordragbetalingsooreenkoms
OGSA	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika
OO	Organisatoriese Ontwikkeling
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
OSW	Organisasie sonder Winsoogmerk
PJOS	Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwitte
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PT	Provinsiale Tesourie
RB	Rekenpligtige Beampte
RBS	Rekenpligtigebeamptestelsel
ROAR	Ontvang, Waarneming, Assesering en Verwysing
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie diens
SARMD	Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskapliediensoeroepe
SASSA	Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap
SBD	Senior Bestuursdienste
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SKOOR	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
Stats SA	Statistiek Suid-Afrika
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
VEPOPAPAR	Slagofferbemaagtigingsprogram en Register van Mishandelde Ouer Persone
VKB	Verskaffingskettlingbestuur
VKO	Vroeëkindertontwikkeling



<b>AKRONIEM</b>	<b>VERKLARING</b>
VvW	Vergoeding van Werknemers
WGW	Werknemergesondheid en -Welstand
WK	Wes-Kaap
WKR	Wes-Kaapse Regering
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur

### 3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER



**Adv. Albert Fritz**  
**Provinsiale Minister: Maatskaplike Ontwikkeling**

As Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling is ek trots om nog 'n finansiële jaar aan die stuur van 'n Departement te kon wees wat voortgaan om sy dienste en die omvang daarvan op 'n volhoubare en stabiele manier uit te brei.

Die toenemend moeiliker ekonomiese en fiskale klimaat het beteken dat die Departement al hoe slimmer te werk moes gaan en, nog belangriker, dienslewering vir sleuteldienste moes prioritiseer. As die politieke hoof het ek opdrag gegee dat die Departement se dienslewering altyd meetbare impak op gemeenskappe moet demonstreer, ten einde te verseker dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) voortdurend doeltreffendheid kan monitor en voortdurend verbeter.

Dit is natuurlik ook makliker om impak te meet wanneer die Departement self deur duidelike, samehangende en meetbare strategiese uitkomstes gelei word, wat die Departement steun om aan sy vele wetgewende en beleidsmandate te voldoen. In hierdie verband is die 5 Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD), spesifiek PSD 2 wat die Departement met die volgende belas: verbeter onderwysuitkomstes en geleenthede vir jeugontwikkeling, en PSD 3: verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels, van kardinale belang. Hierdie jaarverslag stel die DMO in staat om te evalueer presies hoeveel vordering die Departement in hierdie verband gemaak het.

PSD 2 het van die DMO vereis dat dienste gerig word op die ondersteuning en, waar nodig, beskerming van jong kinders ten einde te help om hul skoolgereed te maak en dat hul in skole kan aanbly om sodoende hul reg tot veilige en toereikende sorg te verwesenlik.

In hierdie verband is ek trots op die werk wat die DMO verrig het om ons maatskaplike werkers ten opsigte van verskillende gespesialiseerde bepalings van die Kinderwet op te lei. In die besonder is:

- 26 maatskaplike werkers opgelei in die Veiligheids- en Risikobedoelingsinstrument;
- 34 maatskaplike werkers opgelei in aanneming as 'n permanente opsie vir kinders wat sorg en beskerming benodig; en
- 14 maatskaplike werkers opgelei in bemiddeling deur die Wes-Kaapse Vereniging van Gesinsbemiddelaars.

Gegewe die uitdagings waarmee die Departement te staan gekom het in verband met die administrasie van die pleegsorgstelsel, is ek trots op die vordering wat gemaak is. Die

aanstelling van 'n pleegsorgbestuurder sal baie daartoe bydra om te verseker dat ons voortdurend op hierdie aspek van die Departement se dienslewering verbeter.

Die doeltreffendheid van die Departement se Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) het verbeter. Die gesentraliseerde toelatingstelsel vir kinders tot KJSS'e het ook bygedra tot die meer doeltreffende bestuur en plasing van kinders.

PSD 2 het die Departement verder genoop om klem te plaas op die ondersteuning van die jeug ná skool om die gaping tussen onderwys en finansiële onafhanklikheid makliker te oorbrug. Tesame met die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS) het die Departement hierdie jaar merkbare vordering behaal.

Die daarstelling van Jeugkafees bly steeds 'n sleutelprioriteit vir die Departement. Die Jeugkafees blyk baie suksesvol te wees om geteikende en sinvolle dienste, geleenthede en steun aan duisende jongmense van regoor die provinsie te bied. Die 6de Jeugkafee is in 2016 in Vrygrond geopen. 'n Totaal van ses Jeugkafees is sedert 2014 in die provinsie geopen en ek kan met trots noem dat almal ten volle operasioneel is en aan hul mandate voldoen. Die Ministeriële Toekennings vir Uitnemende Jeug het hierdie jaar plaasgevind met 'n totaal van 21 organisasies wat vir hul uitstaande bydrae tot jeugontwikkeling vereer is, asook vyf individue vir hul bydrae as rolmodelle vir ander jeug. Die beskikbaarstelling van geleenthede vir die jeug was hierdie jaar 'n belangrike fokusarea. Ek is trots op die 61 jongmense wat deel was van die Jeugvaardigheidsoordragprogram, wat gevorder het om uiteindelik as gegradueerdes van die Sake-inkubasieprogram te kwalifiseer. Die program het 'n Sake-ekspo vir die Jeug ingesluit wat deur die Ministerie aangebied is.

PSD 3 het onder meer vereis dat die DMO psigososiale ondersteuningsdienste verskaf om die skade in verband met maatskaplike euwels in die provinsie te verminder. Die Departement het gefokus op die verbetering van behandeling vir en verwante ingrypings teen middelmisbruik. Die uitstaande kenmerk van die Departement se stryd teen middelmisbruik was die uitbreiding van verskeie dienste. Die Departement het die volgende dienste uitgebrei:

- Behandelingsprogramme vir buitepasiënte by KJSS'e;
- Matriksprogram vir jeugdiges by skole in Kuilsrivier, Eersterivier, Steenberg, Lavender Hill, Houtbaai en Elsiesrivier;
- Opioïedvervangingsprogram; en
- Gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste in Atlantis, Beaufort-Wes en Ceres.

Die Departement se intervensies om ouer persone teen mishandeling of verwaarlosing te beskerm, het hierdie jaar 'n groot hupstoot ontvang. Ek is trots om te kan noem dat die DMO 'n inspektoraat daargestel het, wat sake in verband met die mishandeling van bejaardes en menseregtekweessies sal ondersoek.

Die Departement het steeds die residensiëlesorgsentrums vir verswakte ouer persone geprioritiseer, en aansienlike vordering is gemaak met die verpligte registrasie van befondsde en private residensiële fasiliteite en, derhalwe, die nakoming van norme en standaarde ingevolge die Wet op Ouer Persone.

Die Departement se versorging en ondersteuning van slagoffers van gesinsgeweld het hierdie jaar 'n hupstoot ontvang met die daarstelling van die provinsie se 16de skuiling vir slagoffers van mishandeling. Ons skuilings bied ook steeds dienste aan slagoffers van mensehandel.

Dit is slegs 'n paar van ons prestasies en in hierdie verband wil ek graag die Departementshoof (DH), Dr. Robert Macdonald, bedank vir sy uitstaande leierskap van die Departement. Nog belangriker, soos ons terugkyk op hierdie finansiële jaar wil ek graag elke amptenaar in die Departement en ons vennote, Organisasies sonder Winsoogmerk (OSW), bedank wat op voetsoolvlak saamwerk om van diens te wees vir dié wat ons dienste die meeste benodig.

As 'n Departement bly ons steeds daartoe verbind om ons deel te doen en vir alle mense van diens te wees. Met die ekonomiese en fiskale klimaat wat toenemend agteruitgaan, sal die DMO voortgaan om vennootskappe te smee en vernuwend te werk te gaan. Ons kan meer bereik indien ons voortgaan om "Beter Tesame" te werk.



---

**PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING**

**Adv. A. Fritz**

**Datum: 31 Augustus 2017**

## 4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE



**Dr. Robert Macdonald**  
**Rekenpligtige Beampte: Maatskaplike Ontwikkeling**

### Oorsig van die werksaamhede van die Departement

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling was die afgelope paar jaar werksaam binne 'n omgewing van toenemende hulpbronbeperkings weens 'n verlaagde finansiële basis en groeiende vraag na noodsaaklike dienste. Die Departement pas sedert 2013 besuinigingsmaatreëls toe en prioriseer befondsing vir direkte dienslewering. 'n Voortsepende uitdaging wat die Departement ervaar het, was om waarde vir geld via die befondsing van OSW-dienste te bewerkstellig sonder om die lewensvatbaarheid van hierdie organisasies negatief te beïnvloed. Dit het hierdie doel nagestreef deur die subsidietoewysing vir die salarisse van maatskaplike werkers, maatskaplikewerktoesighouers en maatskaplikewerkbestuurders by befondsde OSW's in die vorige boekjaar te verhoog en deur 'n verhoging van 3% onder inflasie, teenoor geen verhoging nie, aan befondsde OSW's. Die toenemende finansiële druk het verdere vermindering van niestatutêre dienste genoodsaak, asook die prioritisering van statutêre dienste soos kinderbeskerming.

Kinderbeskerming is die enkel mees belangrike prioriteit van die Departement en is veral noodsaaklik in die lig van stygende geweld teen kinders. Die Departement werk hard om te verseker dat alle kinders wat sorg en beskerming benodig gehaltesdiens ontvang deur die vermoëns van maatskaplikewerkpersoneel te verbeter. Hiervolgens is pogings daarop gemik vir die daarstelling van 'n 24-uur-kinderbeskermingsdiens, die implementering van die Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste 2015 (KSBD) en om te verseker dat alle maatskaplikewerkpersoneel op hoogte gehou word van nuwe ontwikkelings op die gebied van kinderbeskerming en opleiding ontvang om die Kinderwet te implementeer. Dit het ingesluit die ontwikkeling van goedgekeurde planne, Standaardbedryfsprosedures (SBP's) en gepaardgaande opleidingsprogramme ten einde maatskaplikewerkpersoneel by te staan met die implementering van hul statutêre pligte. Die verskaffing van psigososiale ondersteunings- en beradingsdienste aan gesinne, baie jong moeders, seuns en vaders, en kwesbare ouers is voortgesit.

'n Spesiale Vroeëkindertontwikkelingsprogram (VKO) vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling waar skoolgereedheid swak is, is in April 2016 van stapel gestuur by tien VKO-fasiliteite in Khayelitsha, Delft en Philippi, en sal by 'n verdere 50 fasiliteite – insluitend landelike gebiede – in 2017/18 geïmplementeer word. Dit sluit in 'n selfoonboodskapprogram wat ouer- en praktisynondersteuningsprogramme by hierdie fasiliteite verskaf. Twee mediaveldtogte was die fokus van bewusmaking oor VKO. Die Eerste 1 000 Dae se selfoonvriendelike webwerf ('n platform wat maklike toegang vanaf enige mobiele toestel fasiliteer) is in samewerking met

die Departement van Gesondheid bekendgestel en het die belangrikheid van die kind se ontwikkeling tydens die periode vanaf bevrugting tot hul tweede verjaarsdag uitgelig. Die tweede VKO-veldtog het die belangrikheid van die registrasie van gedeeltelikesorgsentrums uitgelig asook die voordele daarvan vir kinders en ouers/versorgers.

Die Departement het ook die leiding geneem met die ontwikkeling van 'n Provinsiale Raamwerk vir Persone met Intellektuele Gestremdhede om duidelikheid te bewerkstellig tussen die DMO, DvG en die Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD), en 'n Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid om integrasie regdeur die sektor en die provinsie te bevorder, is goedgekeur. 'n Residensiëlesorgsentrum vir kinders en volwassenes met veelvuldige gestremdhede is op 1 April 2016 vanaf die DvG na die DMO oorgedra. 'n Omvattende bewusmakingsveldtog wat mense met gestremdhede, hul gesinne en versorgers teiken, is geïmplementeer met behulp van digitale media, gedrukte media en radio, met die fokus op beskikbare dienste.

Die Departement het 'n verhoging in eenheidskoste vir verswakte ouer persone in residensiëlesorgsentrums vanaf die Provinsiale Tesourie (PT) ontvang, maar die befondsingsbehoefte vir verswakte sorg is buite verhouding hoog ten opsigte van die subsidiëtoewysing en is dus nie voldoende om in hul behoeftes te voorsien nie. Die versorging van ouer persone, veral die uitbreiding van onafhanklike en hulpleeëenhede, verswakte sorg en geskikte gemeenskapsgebaseerde intervensies bly steeds 'n prioriteit vir die Departement. Dit word bewerkstellig deur die befonding van dienssentrums, hulpleeëenhede en residensiëlesorgsentrums. 'n Databasis vir onbefondsde gemeenskapsgebaseerde versorgings- en ondersteuningsdienste (dienssentrums) is saamgestel om 'n holistiese oorsig van dienste te bied, om gapings in die dienslewingsgebiede te identifiseer, asook om prioriteitsgebiede vir die toewysing van toekomstige befonding uit te lig.

Die Departement het voortgegaan om te fokus op die ondersteuning van slagoffers; skuilings vir hawelose volwassenes, veral vroue en kinders, en spesiale huisvesting vir slagoffers van mensehandel; proefdienste en herleidingsprogramme. 'n Hersiening van die Herleidingsakkrediteringsbeleidsraamwerk is van stapel gestuur, terwyl die stelsel vir die naspeuring en monitering van alle kinders in botsing met die gereg wat aangehou word, geïmplementeer is om sodoende die Departement in staat te stel om stelsel- en prosedureknelpunte te identifiseer en die hoof te bied. Vyf nasionale herleidingsprogramme is tans in werking en vier provinsiale herleidingsprogramme is in die loop van die oorsigjaar geakkrediteer. Die akkreditering van vlak 2-herleidingsprogramme vir meisies by die Vredelus KJSS is tans aan die gang om in hierdie behoefte te voorsien. 'n Projek in Hanover Park, Manenberg en Lavender Hill wat 'n intervensiemodel implementeer met die doel om gemeenskappe te transformeer wat deur sielkundige en ekonomiese uitdagings verwoes is, het die volgende resultate in die loop van die oorsigjaar gelewer: 'n beradingsprojek (258 nuwe kliënte); 'n mentorprojek vir mans (173 nuwe kliënte); 'n nasorgprojek (184 kinders in drie laerskole); en die jeug-in-aksie-projek (209 jeugdiges en kinders).

Ten volle funksionerende gehalteversekering gegrond op 'n goedgekeurde driejaarplan is geïmplementeer as deel van 'n omvattende prestasiebestuurstelsel om die nakoming van norme en standaarde vir KJSS'e te verseker. Die Wes-Kaap is die leidende provinsie ten opsigte van die volledige registrasie van KJSS'e wat beveiligde versorgingsprogramme aan kinders en jeugdiges ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid bied. Die implementering van risikoplanne vir alle sentrums en 'n doeltreffende gehalteversekeringsproses het gehelp om die nakoming van norme en standaarde vir beveiligde sorgsentrums te monitor. 'n Protokol vir Krisiskommunikasie en Rapportering van Insidente is van stapel gestuur vir befondsde OSW KJSS'e, wat OSW's op grondvlak gehelp het om tendense en opleidingsbehoefte te identifiseer en om die beskerming van kinders deur middel van spesiale ondersoeke en korrektiewe/ontwikkelingsplanne proaktief te bestuur. Die gestruktureerde intervensies binne Wes-Kaapse DMO KJSS'e vir verhoorafwagte en gevonnise jeugdiges word nou as 'n maatstaf gebruik vir 'n Nasionale Konsepbeleid oor bendebeheer in beveiligde sorgsentrums.

Die Departement het die opgradering van sekuriteit by skuilings vir slagoffers van misdaad en geweld geprioritiseer, en het dienste in areas uitgebrei waar bendegegeweld voorkom. Om die implementering van die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel te verseker, is 'n interne Taakspan teen Mensehandel ingestel om met die implementering van die Wet te help. Die Departement sal 'n plan ontwikkel om die Nasionale Bevelsentrum teen Geslagsgebaseerde Geweld van stapel te stuur – 'n 24-uur-hulplyn wat deur maatskaplike werkers beman word om slagoffers van geslagsgebaseerde geweld by te staan om toegang tot dienste te verkry. Ondersteuningsdienste vir slagoffers van misdaad in die LGBTI-gemeenskap is uitgebrei, opvoedkundige werksessies vir mans is in areas met hoë vlakke van gesinsgeweld aangebied, en terapeutiese en psigososiale slagofferondersteuningsdienste is na slagoffers van bendegegeweld uitgebrei. 'n Verwysingsprotokol is ontwikkel om te verseker dat dienste aan slagoffers gekoördineer word. Ruimte in skuilings vir manlike slagoffers van geweld en misdaad is van stapel gestuur om 'n basislyn te ontwikkel vir die behoefte aan skuilings vir mans in Kaapstad. Die Departement het ook die eerste skuiling in Suid-Afrika spesifiek vir volwasse slagoffers van mensehandel en hul kinders van stapel gestuur. Drie skuilings in die Wes-Kaap het by die nasionale DMO toekennings as erkenning ontvang vir die gehaltesdiens wat hulle lewer.

Vordering op die gebied van middelmisbruikbehandeling het ingesluit die uitbreiding van 'n skoolgebaseerde buitepasiëntprogram vir jeugdige in Elsievrië; buitepasiëntprogramme in die landelike gebiede van Beaufort-Wes en Ceres waardeur dienslewering uitgebrei is en toegang verbeter is; 'n staatsbestuurde middelmisbruikbehandelingsentrum vir binnepasiënte vir 30 vroulike kliënte in Kensington; die verskaffing van 'n middelmisbruikbehandelingsprogram vir binnepasiënte aan 20 manlike volwassenes en 16 seuns (ouderdomsgroep: 16–17) by die Kraaifontein ROAR-behandelingsentrum (Ontvang, Waarneming, Assessering en Verwysing); en 'n binnepasiëntbehandelingsentrum vir 10 seuns (ouderdomsgroep: 13–15) en 8 meisies (ouderdomsgroep: 13 – 17) by die Lindelani KJSS. Voorts is meer gesubsidieerde bedspasie by twee binnepasiëntbehandelingsentrums beskikbaar gestel om toeganklikheid te verbeter en 'n gemeenskapsgebaseerde behandelingsmodel is by alle KJSS'e geïmplementeer wat deur 'n binnepasiënteenhed vir kinders by Lindelani en by die De Novo-jeugsentrum gesteun word. Die Departement het beursgeleenthede aan 'n aantal studente van befondsde OSW's verskaf vir 'n nagraadse kwalifikasie in middelmisbruikbehandeling met die doel om die vaardigheidsbasis en kundigheid op die gebied uit te bou. Die digitale veldtog teen middelmisbruik wat gefokus het op die mites en feite oor middelmisbruik en hoe om hulp te kry, het verder uitgekring deur die teikengehoor uit te brei, kanale te verfyn en voort te bou op die vorige jaar se veldtog. 'n Spesifieke selfoonvriendelike webwerf oor middelmisbruik is ook ontwikkel.

Intervensies wat bely is met die “Alcohol Harms Reduction Game Changer”-program sluit in die ontwikkeling van 'n interne verwysingskanaal vir gevallebestuur by die DMO se plaaslike kantore, wat tans in Metro-Oos, Metro-Suid en die Kaapse Wynlande op die proef gestel word. Dit sal gemeenskaps help om toegang te verkry tot alkoholverwante vroeëintervensie- en voorkomende dienste. Hierbenewens is 'n SBP vir hoërisiko-alkoholgebruikers ook ontwikkel om intervensies in die drie proefstreke te standaardiseer. Memorandums van Ooreenkoms (MvO's) is met twee skole in Metro-Oos (Town Two Khayelitsha-proeffasiliteit) onderteken, wat sodoende samewerking verenig rondom voorkomende strategieë rakende skade in verband met alkoholmisbruik. Die Departement en die DvG het 'n saamgestelde hulpbrongids van die drie proeffasiliteite ontwikkel om die alkoholverwante dienste te bemark wat deur verskeie belanghebbendes in die gebied verskaf word.

Die Departement het die Behoeftige Persone se Begrafnisbystandgids gefinaliseer om 'n raamwerk vir die DMO te verskaf om arm en kwesbare families by te staan wat nie hul geliefdes kan begrawe nie. 'n DMO 2017/18-Rampbestuurplan is in samewerking met die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum ontwikkel om rolle en verantwoordelikhede rakende rampe uit te klaar.

## Oorsig van die finansiële resultate van die Departement

### Departementele ontvangste

Tabel A: Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2016/17			2015/16		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-) / Onderbesteding	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-) / Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Belastingontvangste	-	-	-	-	-	-
Casino's	-	-	-	-	-	-
Belasting op perdewedrenne	-	-	-	-	-	-
Dranklisensies	-	-	-	-	-	-
Motorvoertuiglisensies	-	-	-	-	-	-
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	686	804	(118)	668	911	(243)
Oordragte ontvang	-	-	-	-	-	-
Boetes, strafgelde en verbeurings	-	-	-	-	-	-
Rente, dividende en huurgeld op grond	32	129	(97)	30	91	(61)
Verkoop van kapitaalbates	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	245	1 145	(900)	217	1 182	(965)
<b>Totaal</b>	<b>963</b>	<b>2 078</b>	<b>(1 115)</b>	<b>915</b>	<b>2 184</b>	<b>(1 269)</b>

### Departementele ontvangste

Eie inkomste gegenerer deur die Departement beloop 0,1% van die totale begroting. Die Departement se hoofbronne van inkomste is:

- Vordering van skuld wat aan die Departement verskuldig is;
- Slegte skuld wat 'n impak op eie inkomste gehad het, het R128 000 beloop en kan toegeskryf word aan onekonomiese verhalings, verjaarde skuld en uitermatige ontberings;
- Kommissie op versekering en die aftrekking van loonbeslagorders;
- Parkeerfooie en amptelike akkommodasiefooie soos volgens die beleid van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW); en
- Verhalings van onbestede oordragbetalingsfondse van die vorige boekjare.

Die oorverhaling van inkomste vir die 2016/17-boekjaar beloop R1,115 miljoen en kan hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf word:

- Stygings in skuldverhaling;
- Fondse wat deur Staatsmotorvervoer (SMV) terugbetaal is en SASSA-telefoonrekeninge ten opsigte van die vorige boekjaar se rekeninge.



## Programbesteding

Tabel B: Programbesteding

Naam van program	2016/17			2015/16		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) / Onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) / Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	185 987	185 987	-	174 273	174 273	
Maatskaplike-welsynsdienste	770 481	768 382	2 099	725 708	719 877	5 831
Kinders en gesinne	611 481	611 241	240	601 873	601 064	809
Herstellende dienste	345 823	344 612	1 211	319 202	318 985	217
Ontwikkeling en navorsing	50 092	49 771	321	77 873	77 873	-
<b>Totaal</b>	<b>1 963 864</b>	<b>1 959 993</b>	<b>3 871</b>	<b>1 898 929</b>	<b>1 892 072</b>	<b>6 857</b>

### Program 1:

Die program het 100% van sy begroting van R185,987 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee.

### Program 2:

Die program het 99,7% van sy begroting van R768,382 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R2,099 miljoen hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers (VvW) omdat geskikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

### Program 3:

Die program het 99,99% van sy begroting van R611,481 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R240 000 hou verband met die "After School Game Changer"-program vir OSW's.

### Program 4:

Die program het 99,6% van sy begroting van R345,823 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1,211 miljoen hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers (VvW) omdat geskikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

### Program 5:

Die program het 99,4% van sy begroting van R50,092 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R321 000 hou verband met onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers (VvW) omdat geskikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het.

## Viremente

- Die onderbesteding aan goedere en dienste in subprogram 1.2 is weens die opgelope uitgawes op die Maart-rekening vir die Ouditeur-Generaal se fooie wat eers in April 2017 betaal is, reis- en verblyfkooste weens verdere besuinigingsmaatreëls op lugreise en akkommodasie, en personeelopleiding weens die aanvulling van die begroting deur die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Gesondheid en Welsyn (HWSETA). Die fondse sal benut word om die tekort binne subprogram 4.2 vir klere en uniforms vir kliënte en personeel in DMO KJSS'e, eiendomsbetalings, agentskaps- en uitbestede dienste by Horizon en Clanwilliam aan te vul;

- Die onderbesteding aan VvW in subprogram 2.1 is weens interne bevorderings, omdat geskikte kandidate nie gevind kon word nie en weens die vul van geprioritiseerde poste in subprogram 3.3 en 3.4.
- Die onderbesteding aan oordragte en subsidies in subprogram 2.3 is weens nienakoming deur OSW's (nie-indiening van geouditeerde finansiële state) en die fondse sal benut word om die tekort in subprogram 4.2 vir agentskaps- en uitbestede dienste vir Horizon en Clanwilliam aan te vul; en
- Die onderbesteding aan oordragte en subsidies in subprogram 3.4 is weens nienakoming deur OSW's (nie-indiening van vorderingsverslae en/of geouditeerde finansiële state). Die fondse sal benut word om die tekort binne subprogram 4.2 vir agentskaps- en uitbestede dienste vir Horizon en Clanwilliam, in subprogram 4.4 vir instandhouding en herstelwerk by eie fasiliteite binne goedere en dienste, en in subprogram 5.6 vir oordragte en subsidies vir jeugintervensies aan te vul.

### Fondse oorgedra

- Die Departement het vir die oordrag van fondse en die behoud van inkomste ten bedrae van R1,355 miljoen aansoek gedoen. Dit sal as volg benut word:
  - Die oordrag van R240 000 is vir die "After School Game Changer"-program waar fondse slegs toegeken is nadat die ouditeringsopvolgproses afgehandel is. Die doel was om standaardisering te verseker van bywoningsmoniteringstelsels vir naskoolfasiliteite en MGO-sentrums (Massadeelname; Geleenthede en toegang; Ontwikkeling en groei). Baie moeite is daaraan bestee om 'n werkende biometriese stelsel te verseker. Omdat die stelsel vir MGO-sentrums 'n uitdaging was, is die DMO se biometriese projek gekanselleer en die fondse is herprioritiseer vir opleiding en kapasiteitsbou, derhalwe die aansoek en kontrak met die diensorganisasie Partners Afterschool Care Projects (PASCAP). Die fondse sal in die 2017/18-boekjaar bestee word.
- Die aansoek om die behoud van inkomste van R1,115 miljoen is om befondsing aan 3 OSW's te verskaf soos hieronder gelys:
  - Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremdheid: Om noodhulpopleiding vir 203 personeel te fasiliteer, om die verkryging van polisieklaringsertifikate te fasiliteer en om geakkrediteerde opleiding vir tuisversorging te fasiliteer;
  - Carel du Toit-trustfonds: Om gehoormetingstoerusting te koop vir verbeterde en vinnige toegang vir 'n vroeëintervensiediens vir dowe kinders; en
  - Yukani-sentrum vir kinders met spesiale behoeftes: Voertuigherstelwerk vir die vervoer van kinders na en van die sentrum.

## **Redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes en die bedrae betrokke, sowel as stappe gedoen om dit te bekamp en herhaling te voorkom**

Geen om te rapporteer nie.

### **Departement se toekomsplanne**

In lyn met ons vasberadenheid om voortdurend die implementering van dienslewering in verband met statutêre vereistes te verbeter, sal die Departement meer geleenthede vir kinders en jeugdiges steun. In hierdie verband sal die Departement voortgaan om die Provinsiale Vroeëkindertontwikkelingstrategie verder uit te brei. Hierdie strategie het reeds die ontwikkeling teweeggebring van 'n spesiale revolusionêre VKO-proefprogram vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling, wat in die volgende boekjaar verder sal groei. Die Departement sal ook steeds betrokke wees by die "After School Game Changer"-program, wat die ruimte sal verskaf wat kinders benodig om aan positiewe ontwikkelingsaktiwiteite deel te neem.

Deur middel van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS) sal die Departement verseker dat programme vir jongmense volhoubaar is en 'n betekenisvolle impak op hul lewens het, veral in verband met die vermindering van werklose jeugdiges. Ingevolge die Departement se mandaat is die strategiese fokus om te verseker dat die behoeftes van die mees kwesbare en hoërisiko-jongmense in die provinsie geprioritiseer word, terwyl dienste, geleenthede en ondersteuning ook aan 'n wye verskeidenheid jongmense verskaf word. Hiervolgens is departementele inisiatiewe gemik op die verbetering van die gehalte van jeugontwikkelingsuitkomstes, veral deur te verseker dat al die DMO-programme wat die jeug teiken daarop gerig is om jongmense na geleenthede te lei wat hul loopbaanvoorsigte, vaardigheidsvlakke en algehele lewenskanse verbeter. Die Departement sal daarna streef om voort te bou op die gehalte van alle programme wat jongmense teiken en dit te verbeter, veral programme soos die Jeugkafees. In hierdie verband sal die Departement aandag daaraan skenk om te verseker dat die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) meer doeltreffend aangewend word as 'n bron van ekonomiese geleenthede en vaardigheidsontwikkeling vir jongmense. Die Departement sal ook op die insluiting van jeugdige met gestremdhede fokus, met spesifieke klem op die skep van verbeterde skakels met ekonomiese geleenthede en dienste van beter gehalte vir jeugdige met gestremdhede.

'n Transversale benadering is belangrik weens die ekonomiese klimaat wat aanhou om druk uit te oefen op die Departement se hulpbronne en vermoë om dienste te lewer. Die Departement sal steeds bly fokus op die versterking van gesinsbande deur middel van die "Family-at-Risk"-projek. Die projek sal fokus op noodsaaklike dienste aan hoërisikogesinne en sal dan vorder na dienste gemik op meer mediumrisikogesinne soos hierdie noodsaaklike gevalle/dienste stabiliseer. Die uitvoering van hierdie projek is gedeeltelik afhanklik van eksterne belanghebbendes in die Kindersorg-en-Beskerming-, en Familieregstelsels, insluitend die Gesinshof, Kinderhof, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), en die Kantoor van die Gesinsadvokaat. Die Departement sal daaraan werk om samewerking met hierdie rolspelers te versterk.

Die Departement se fokus rakende die "Alcohol Harms Reduction Game Changer"-program sal wees om die gemeenskapsgebaseerde model vir middelmisbruikbehandeling en -rehabilitasie uit te brei. Ons hoofokus, in vennootskap met die DvG, sal wees om 'n Kort Motiverende Intervensie (KMI) by noodsentrums in die geteikende areas in te stel om hoërisikogebruikers met 'n alkoholverwante besering van die nodige ondersteuning en hulp te verskaf. Die KMI-diens sal 'n konkrete verwysingskanaalproses behels om te verseker dat wanneer hoërisikogebruikers uit gesondheidsfasiliteite ontslaan word, hul toegang kan verkry tot geskikte maatskaplike dienste. In hierdie verband sal ons ons gemeenskapsprogramme koördineer en die verwysingstelsels tussen al ons vennote binne alle regeringsfere en OSW-sektore vereenvoudig. Hierbenewens sal die Departement ook die werk voortsit om die aantal rehabilitasiedienste uit te brei wat daarop gemik is om die psigososiale uitwerking van alkohol en dwelmmiddels te bekamp.

## Openbare-private vennootskappe

Geen om te rapporteer nie.

## Gestaakte aktiwiteite

- Die sluiting van die staatsbestuurde vlak 2-Tenderten KJSS vir kinders tussen 5 en 12 jaar. Die redes vir sluiting is as volg:
  - Vlak 2-versorging resorteer volgens die Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrums onder 'n OSW KJSS; en
  - Die ooraanbod van hierdie KJSS'e in die Metro-Suidstreek.
- Alle personeel is binne die Departement herontplooï soos aangedui in die vakbondooreenkoms. Finale passing en plasing word tans onderneem en alle inwoners is binne die voldoende vlak van versorging na OSW KJSS'e uitgeplaas.
- Die befondsing wat beskikbaar gemaak is weens hierdie herprioritering is gebruik om bykomende nodige beveiligde bedspasie (vlak 3) by Lindelani beskikbaar te stel, asook vir die voorsiening van die Kraaifontein ROAR- en Behandelingssentrum.

## Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

- Nuwe aktiwiteite vir hierdie verslagdoeningsperiode is as volg:
  - Totstandkoming van die Kraaifontein ROAR- en Behandelingssentrum;
  - Meer beveiligde bedspasie by Lindelani; en
  - Die oordrag van die Sivuyile-fasiliteit vir persone met intellektuele gestremdhede op 1 April 2016 vanaf die Departement van Gesondheid.
- Die behoefte aan meer beveiligde bedspasie was weens meer kinders op straat en toenemende maatskaplike probleme soos bendegeweld, ens. Dus het Lindelani, wat voorheen 'n ROAR-sentrum was, nou ook 'n beveiligde sorgsentrum vir kinders met uitdagende gedrag geword, en 'n ROAR-sentrum vir seuns is by die Kraaifontein ROAR- en Behandelingssentrum in werking gestel.
- Sivuyile is na die Departement oorgedra volgens die goedgekeurde Kabinetvoorlegging van 2015 en rakende die hofsak oor mense met intellektuele gestremdhede se reg op opvoeding. Die Departement is verantwoordelik vir koördinerings- en fasiliterings- rakende kwessies oor intellektuele gestremdhede; en
- Daar was geen bykomende koste rakende die totstandkoming van die Kraaifontein ROAR-sentrum en vir meer beveiligde bedspasie by Lindelani nie, aangesien die begroting wat beskikbaar geraak het ná die sluiting van Tenderten herprioritiseer is om die ROAR-sentrum in werking te stel. In die geval van Sivuyile het die Departement van Gesondheid die begroting oorgedra en alle personeel (insluitend die verpleegpersoneel) is dan ook geabsorbeer.

## Verskaffingskettingsbestuur (VKB)

### Ongevraagde bodvoorleggings aangegaan tydens die oorsigjaar

Die Departement het nie enige ongevraagde bodvoorleggingssooreenkomste tydens die oorsigjaar aangegaan nie.

### VKB-prosesse en -stelsels in werking om onreëlmatige uitgawes te verhoed

Die Rekenpligtigebeamtetstelsel (RBS) wat VKB reguleer en funksies vir die bestuur van roerende bates is in werking. Hierdie beleid het te make met en sit die beleidsaspekte uiteen. Dit reguleer institusionele en administratiewe handeling rakende daaglikse VKB-werksaamhede.

### Uitdagings wat in VKB ervaar is en hoe dit die hoof gebied is

Die monitering van die implementering van die RBS was 'n uitdaging. Met die intrede van verskaffingskettingbestuur, het die Departement evaluerings uitgevoer om te bepaal in watter mate die Departement voorgeskrewe VKB-praktyke vir verskaffingskettingprestasie in die Departement nagekom het. Spesiale intervensies is uitgevoer om gapings wat geïdentifiseer is te oorbrug. Kapasiteitsbou vorm deel van die plan om prestasie en nakoming van wetlike vereistes of voorskrifte te verbeter.

Die implementering van strategiese verkryging het enkele voordele teweeggebring. Maar dit het sy eie spesifieke uitdagings ingehou, onder andere begrotingsbeperkings en veranderinge in sakestrategieë.

**Tabel C: Geskenke en donasies in natura ontvang van nieverwante partye**

Area in Departement	Aard van die geskenk (goedere en dienste)	Geskenk deur (maatskappy/ persoon)	Verwantskap met Departement	Waarde
Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskaps-ontwikkeling	Bedlakens, japonne, kussingslope, verlore items, skoene, boeke	R Daniels: Taj Hotel	Besigheidsvennoot	R35 000.00
Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskaps-ontwikkeling	150 paar pantoffels	R van der Merwe	Besigheidsvennoot	R5 860.50
Ministerie	Kaartjies vir Jazz-fees	R Dunne: SA Brouerye	Besigheid	R2 430.00
Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering	Kookwaterkan, toiletware, tweedehandse klere	Ebson Ndlovo: kerkgroep	Geen	R2 999.00
Direktoraat: Fasiliteitsbestuur en Gehaltemonitering	Toiletware, kos, verbruiksartikels	A Olivier: De Maio-stigting	Ouerondersteuningsgroep vir Sivuyile-inwoners	R8 072.34
Streekkantoor: Metro-Noord	Linnegoed, handdoeke, gordyne	M Cronje: Commodore Hotel	Geen	R3 000.00
Streekkantoor: Metro-Noord	Linnegoed, beddegoed, gordyne	M Cronje: Legacy Hotels	Professioneel	R3 000.00
Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering	900 pakke sanitêre doekies	J Venter: Good Earth Warehousing	Geen	R14 000.00
Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Pantoffels	Cape Grace Hotel	Besigheidsvennoot	R6 212.13
Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering	Toiletware, klere	D Dreyer	Ondersteuningsgroep	R2 500.00
Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Kaartjies vir Jazz-fees	Metropolitan	Belanghebbende	R6 000.00
Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Kaartjies vir Jazz-fees	R Rohm: Sanlam	Belanghebbende	R6 000.00
Hoofdirektoraat: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling	Linnegoed, japonne, kussingslope, waslappe, badmatjies	C Sander	Besigheidsvennoot	R89 962.72
<b>TOTAAL</b>				<b>R185 036.69</b>

**Vrystellings en afwykings wat van die Nasionale Tesourie (NT) ontvang is:**

Geen.

**Gebeure ná die verslagdoeningsdatum**


Geen.

**Ander**

Geen gebeure ná die verslagdoeningsdatum is ingedien waaroor verdere kommentaar verlang word nie.

**Waardering en gevolgtrekking**

Namens die senior bestuur van die Departement wil ek graag my dank betuig teenoor alle DMO-personeel, veral diegene wat op grondvlak met dienslewering te doen het, vir hul onwrikbare toewyding tot diens aan die publiek. Ek wil ook graag my dank betuig teenoor al ons OWS-vennote wat gehaltesdienste namens die Departement aan die publiek gelever het, ondanks 'n moeilike ekonomiese omgewing waarin ons tegelyk 'n toenemende behoefte aan maatskaplike dienste en armoedeverligting, asook 'n afname in staatsbefondsing en die privaat sektor se korporatiewe maatskaplike belegging beleef het.



---

**Dr. Robert Macdonald**  
**Rekenpligtige Beampste**  
**Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**  
**Datum: 31 Augustus 2017**

## 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is konsekwent.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.

Die jaarverslag is voorberei volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.

Die finansiële jaarstate (Deel E) is voorberei volgens die gewysigde kontantstandaard en die relevante raamwerke en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.


Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n interne beheerstelsel, wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf rakende die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbronninligting en die finansiële jaarstate.

Die eksterne ouditeure is daarmee gemoeid om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening gee die jaarverslag 'n billike oorsig van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbronninligting en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2017.

Die uwe



---

**Dr. Robert Macdonald**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Datum: 31 Augustus 2017**

## 6. STRATEGIESE OORSIG

### 6.1 Visie

'n Selfstandige samelewing.

### 6.2 Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleentheid voorsien en bemagtig.

### 6.3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR), wat deur die Departement onderskryf word, is as volg:



Sorgsaamheid

Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk



Bevoegdheid

Die vermoë en bekwaamheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is



Aanspreeklikheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid



Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen



Innovasie

Om oop te wees vir nuwe idees en op vindingryke wyse kreatiewe oplossings vir probleme te ontwikkel



Responsiwiteit

Om die behoeftes van ons landsburgers en werknemers te dien



Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is tot die volgende **sleuteldiensleweringsebeginsels** verbind:

### Om anders te werk te gaan

Die Departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werksywes te verken en te toets ten einde binne die kortste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om gehalte in te boet.

### Oorlegpleging en insluiting

Ons sal deurlopend daaraan aandag skenk om sinvol met ons vennote en belanghebbendes in gesprek te tree, soos in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge omskryf word.

### Toeganklikheid

Toeganklikheid van dienste vir diegene wat dit nodig, is noodsaaklik. Die Departement sal voortgaan om oor die periode van die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) sy struktuur en prosesse te moderniseer, waar nodig.

### Aanspreeklikheid en deursigtigheid

Goeie institusionele korporatiewe bestuur sal verseker word deur die implementering van resultaatgebaseerde monitering, evaluering en verslagdoening, grondige sakeprosesse, beleide en die opskerping van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

## 7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

### 7.1 Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
<b>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996</b>	Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees.
<b>Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)</b>	Artikel 78 van die Grondwet sit die pligte van die Kinderkommissaris uiteen wat die WKR van hulp moet wees in die bevordering en beskerming van die kinders van die Wes-Kaap en verwys in die besonder na welsynsdienste.

### 7.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
<b>Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 2013 (Wet 7 van 2013)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.</li> </ul>
<b>Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede, 2012 (Wet 6 van 2012)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die ophê van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die hof oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
<b>Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap, 2008 (Wet 54 van 2008)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die doel van hierdie wet is om koördinerende rakende aangeleenthede in verband met jeugontwikkeling te skep en te bevorder.</li> </ul>
<b>Wet op die Voorkoming en Behandeling van</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hierdie wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder</li> </ul>

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
<b>Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008)</b>	alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeëintervensieprogramme, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
<b>Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Hierdie wet stel 'n proses vir strafregspiegling daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hul misdrywe begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.</li> </ul>
<b>Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet 13 van 2006)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Hierdie wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone.</li> <li>● Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>● wysheid en vaardighede van ouer persone;</li> <li>● ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede;</li> <li>● regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone;</li> <li>● daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.</li> </ul> </li> <li>● In teenstelling met die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele versorging na gemeenskapsgebaseerde versorging verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.</li> </ul>
<b>Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Hierdie wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.</li> </ul>
<b>Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Hierdie wet is op 1 April 2010 deur 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf: <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die regte en verantwoordelikhede van kinders;</li> <li>● Die verantwoordelikhede en regte van ouers;</li> <li>● Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders;</li> <li>● Die bevordering van die welstand van kinders; en</li> <li>● Die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul> </li> <li>● Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof van April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat: <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Versorger wat 'n regmatige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), kan as 'n pleegouer aangestel word; en</li> <li>● Nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Bystand of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word en dus moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n regmatige onderhoudsplig het nie oor die finansiële middele beskik om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoelaag kan aansoek doen.</li> </ul> </li> </ul>
<b>Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Hierdie wet het ten doel om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig ten einde die volgende omskrywings in te voeg:</li> </ul>

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Om verder voorsiening te maak vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gemik is;</li> <li>● Om die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei;</li> <li>● Om die pligte van assistentproefbeamptes te bepaal;</li> <li>● Om die verpligte evaluering van gearresteerde kinders te bepaal;</li> <li>● Om die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te bepaal;</li> <li>● Om die aanwysing van familie-opspoorders te bepaal asook vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
<b>Wet op Maatskaplikediensberoep, 1978 (Wet 110 van 1978) – gewysig 1995, 1996 en 1998</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Hierdie wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (SARMD) daargestel wat die bevoegdhede en werksaamhede van die maatskaplikediensraad en -beroep omskryf.</li> </ul>
<b>Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld maksimum beskerming teen mishandeling te bied.</li> </ul>
<b>Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet 71 van 1997)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Die doel van hierdie wet is om OSW's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne OSW's kan funksioneer.</li> </ul>

### 7.3 Kernfunksies van die Departement

Die Departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n Maatskaplikewelsynsdiens aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n Gemeenskapsontwikkelingsdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

### 7.4 Beleidsmandate

- **Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrusms 2016:** Hierdie strategie bepaal die voorsiening van die voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme regoor die provinsie heen, wat met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuurbeskikbaarheid belyn is.
- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Standaardbedryfsprosedure vir Maatskaplikewelsynsdienste 2016:** Hierdie SBP dien as 'n algemene generiese riglyn om heersende praktyke met betrekking tot die kom en gaan van kliënte te versterk, te standaardiseer en te verbeter en om integrasie tussen die verskillende programintervensies in die Departement op bedryfsvlak te verseker. Die SBP-handleiding het nie ten doel om huidige SBP's en instrumente te vervang wat gebruik word om wetlike maatskaplikewerkpraktyke uit te voer nie.
- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste 2015:** Hierdie strategie is ontwikkel om risiko's wat gepaardgaan met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te mitigeer. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir die Prestasiemonitering van Maatskaplikewelsyns- en Gemeenskapsontwikkelingsdienslewering** Hierdie provinsiale raamwerk is belyn met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en beoog omvattende prestasiemonitering deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering vir

gemeenskapsontwikkeling en maatskaplikewelsynsdienste in die Departement, asook in die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op die verbetering van dienslewingsgehalte en bepaal die standarde van diensprestasie en hoe dit gemonitor en bestuur moet word.

- **Gehalteversekeringstrategie vir Kinder- en Jeugsorgsentrums 2015:** Hierdie strategie verseker dat gehalteversekering by KJSS'e gedoen word soos dit deur artikel 211 en regulasie 89 van die Kinderwet vereis word.
- **Strategie vir die Verbeterde Voorsiening van Multiprogramsentrums 2015:** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik toegeruste, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker, wat die vereiste reeks residensiële sorgprogramme soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet verskaf.
- **Nasionale Vroeëkindertontwikkelingsbeleid 2015:** Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering in Suid-Afrika vir vroeëkindertontwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke gapings die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende gehalte-VKD-program te verseker, wat geskik is ten opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase en wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hul versorgers soos dit in die NOP beoog word.
- **Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Standaardbedryfsprosedure vir die Verwydering van Straatkinders na 'n Plek van Veiligheid en daaropvolgende Prosesse 2015:** Hierdie SBP is as 'n stapsgewyse riglyn ontwikkel vir hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind verwyder word wat sorg en beskerming benodig en na 'n plek van veiligheid geneem word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personeel en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektor uiteen. Die SBP gee die volgende: tydraamwerke waarby gehou moet word; definisies van straatkinders; op wie die prosedure van toepassing is; toepaslike wetgewing; en kontaknommers van die relevante rolspelers.
- **Nasionale Jeugbeleid 2020 (2015):** Die doel is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jongmense versterk om die ekonomie en die samelewing te transformeer deur in hul behoeftes te voorsien; deur positiewe uitkomstes, geleenthede, keuses en verhoudings aan te moedig; en deur die nodige ondersteuning te verskaf om dit te ontwikkel.
- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid oor die Befondsing van Organisasies sonder Winsoogmerk vir die Voorsiening van Maatskaplikewelsyns- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste 2013 (gewysig Oktober 2015):** Hierdie beleid verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat deursigtigheid, aanspreeklikheid, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid is belyn met die Nasionale Beleid oor Finansiële Toekennings.
- **Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2014-2019:** Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese doelwitte geïdentifiseer in sy strewende om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelstellings by te dra.
- **Witskrif oor Gesinne 2013:** Die hoofdoel van hierdie Witskrif is om gesinswelstand aan te moedig, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskweptes deel van die hoofstroom van regeringswye beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die Departement het

'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aanvaar is.


- **Regulasies vir Proefdienste 2013:** Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerant no. 36159 van 15 Februarie 2013, vol. 572, no. 9911 gepubliseer is, is gemik op die regulering en verbetering van proefdienste.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn 2013:** Hierdie nasionale raamwerk sit 'n konsekwente stelsel en duidelike standaard vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan uiteen.
- **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Jeugstrategie 2013:** Om die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te lei, toe te lig en te rig en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap se voorsien.
- **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie 2013:** “Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie (is) om meer ondersteuning, geleentheid en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24”.<sup>1</sup>
- **Nasionale Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede 2013:** Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroommaatskaplikeontwikkelingsdienste aan mense met gestremdhede te rig en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van alle mense met gestremdhede beskerm word en aan voldoen word deur die voorsiening van relevante sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.
- **Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2012:** Die Nasionale Beplanningskommissie het die “Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030” op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stip, wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Die bygewerkte “Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – kom ons laat dit werk” is in die loop van 2012 gepubliseer.
- **EenKaap2040: Van Visie tot Aksie 2012:** Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie vir hoe die mense van die Wes-Kaap saam kan werk om hul streekseksonomie en die samelewing in die algemeen te ontwikkel, wat daardeur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volhoubare langtermynvoortgang kan rig.
- **Generiese Norme en Standaard vir Maatskaplikewelsynsdienste 2011:** Verskaf die maatstawwe vir die voorsiening van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.

---

<sup>1</sup> Uittreksel uit die Premier, Helen Zille, se voorwoord tot die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie 2013. [vertaal]

- **Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika 2011:** Verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplikehulpwerkers, leerlingmaatskaplikehulpwerkers, maatskaplikewerkspecialiste en privaat praktisyns ten einde bekwame professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
- **Nasionale Dwelmmeesterplan 2008:** Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eenvormige respons ten opsigte van middelmisbruik beskik.
- **Witskrif oor Maatskaplike Welsyn 1997:** Hierdie Witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te verskaf.

## 8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



## 9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUR RAPPOORTEER

Nie van toepassing nie.

## DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING



## **DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING**

### **1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAALE DOELWITTE**

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) voer tans sekere ouditprosedures ten opsigte van prestasie-inligting uit om redelike sekerheid in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te verskaf. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan die bestuur ingesluit, met wesenlike bevindinge oor ander wetlike en regulatoriese vereistes wat onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" (VBD's) in die ouditeursverslag verskyn.

Verwys na die Engelse weergawe vir die verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

## 2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

### 2.1 Diensleweringomgewing

Die Wes-Kaap het 'n geskatte bevolking van 6,3 miljoen landsburgers,<sup>2</sup> 1,93 miljoen huishoudings en het teen 'n koers van 1,57% sedert Sensus 2011 gegroei. Die Gemeenskapsopname van 2016 wat deur Statistiek SA gedoen is, gee die geskatte gemiddelde grootte van huishoudings as 3,25 lede. Risikofaktore soos werkloosheid,<sup>3</sup> misdaad en middelmisbruik hou 'n bedreiging in vir die welstand van kinders en gesinne in die provinsie.

Om onmiddellike risiko's vir gesinne die hoof te bied, het die Departement toegang tot tydelike maatskaplikennoodlenigingsdienste en tydelike werksgeleenthede gefasiliteer deur middel van die UOWP en geteikende voedingsinisiatiewe. Hierbenewens is dienste aan kwesbare gesinne gelewer wat sodoende verseker het dat die provinsiale regering sy statutêre verpligtinge aan hierdie gesinne nakom ingevolge artikel 28 van die Grondwet, waardeur skade geassosieer met gesinsdisfunksie verminder word. KSBD en beleidsontwikkeling is van die Departement se belangrikste statutêre/wetgewende mandate. Die Departement sal hoofsaaklik verseker dat bestaande statutêre verpligtinge nagekom word rakende prosesse in die Kinderhof, alternatiewe sorg, aannemings, herenigingsprosesse, gesinsbemiddeling, ouerskapsplanne, regte en verantwoordelikhede van ouers, huweliksberading en ouerskapsvaardighede (PSD 3).

Die Wes-Kaap het ongeveer 570 370 kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar. Ondanks geringe geprojekteerde groei in hierdie bevolkingskohort oor die volgende vyf jaar, sal VKO-intervensies toenemend fokus op kwessies rakende veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding. Die Departement dra ook tot die Provinsiale "After School Game Changer"-program by deur die befondsing van naskoolse gedeeltelikesorgfasiliteite en streef daarna, by wyse van samewerking, om die gehalte van programme te verbeter, 'n veilige en bemagtigende omgewing te skep en hulpbronne te ontsluit. Die doel van die "Game Changer"-program is om naskoolse programme van gehalte aan ongeveer 20% van leerders in geen-fooi- en laefooi-skole in die Wes-Kaap te verskaf.

Volgens die Gemeenskapsopname van 2016 is daar 'n totaal van 1 929 700 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap. Navorsing dui op 'n hoë voorkoms van kindermishandeling, en dit is duidelik dat kinderbekermingstrategieë opgeskerp moet word. Primêre uitdagings behels dat OSW's wat kinderbekerming bied dikwels nie in staat is om vakatures te vul, maatskaplikewerkerpersoneel te behou en vervoer aan hul maatskaplike werkers te verskaf om hul funksies uit te voer nie. Waar sulke situasies voorkom, verleen die Departement se streek- en plaaslike kantore hulp met dienslewering ten einde volle dekking in die provinsie te verseker. Die Departement het 'n omvattende benadering geïmplementeer om hierdie situasie te bestuur, onder meer 'n verhoging in die vorige boekjaar in die subsidietoewysing vir die salarisse van maatskaplike werkers, maatskaplikewerktoesighouers en maatskaplikewerkbestuurders by befondsde OSW's, en die fokus op die kapasiteitsbou van diensverskaffers rakende verbeterde verslagdoening, finansiële bestuur, goeie staatsbestuur en die kontrakbestuur van diensverskaffers soos omskryf in hul oordragbetalingsooreenkomste (OBO's) met die Departement.

In Sensus 2011 het 1 041 553 persone aangedui dat hul 'n vorm van gestremdheid het. Hiervan het 190 929 persone aangedui dat hulle nie in staat is om vir hulself te sorg nie. Die Departement het voortgegaan met regstellingsintervensies deur middel van sy leiding van die PSD 3-projek, wat ten doel het om geleenthede in die hoofstroom te bring en om die regte,

---

<sup>2</sup> Halfjaar-bevolkingskatting van 2016 gepubliseer deur Statistiek Suid-Afrika (Stats SA).

<sup>3</sup> 20,5% eng definisie en 23,6% uitgebreide definisie (k4 2016).

welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremdhede, hul gesinne en versorgers te steun en te bevorder.

Die ouerwordende Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die 48%-toename in die getal mense in die kategorie 60 jaar of ouer. Volgens Sensus 2011 het die Wes-Kaap 520 785 persone wat 60 jaar en ouer is. Onlangse bevolkingsprojeksies dui daarop dat die bevolking van persone ouer as 60 jaar met 'n verdere 35% tussen 2011 en 2020 sal toeneem. Die bevolking van ouer persone wat die vinnigste groei, is in areas wat tradisioneel nie 'n groot aantal ouer persone gehad het nie. Daar is dus 'n wanverhouding tussen waar dienste vir ouer persone beskikbaar is en waar die toenemende behoefte is. Die 73%-toename in ouer persone wat 85 jaar en ouer is, hou beduidende implikasies in vir die verskaffing en ondersteuning van verswaktensorgdienste vir ouer persone. Die versorging van ouer persone, veral die uitbreiding van onafhanklike en hulpleeëenhede, verswakte sorg en geskikte gemeenskapsgebaseerde intervensies bly steeds 'n prioriteit vir die Departement. Dit word bewerkstellig deur die befondsing van dienssentrums, hulpleeëenhede en residensiële sorgsentrums. Navorsing wat in die vorige jaar afgehandel is rakende 'n evaluering van dienssentrums vir ouer persone het waardevolle insigte verskaf vir die moontlike ontwikkeling van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde versorgingsmodel binne die versorgingskontinuum.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,1 miljoen jongmense tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar. Aan die hand van data uit Sensus 2011 is daar bereken dat 13% van hierdie jongmense (ongeveer 277 160) as "nie in diens, onderwys en/of opleiding" (NDOO) geklassifiseer kan word. Hierbenewens het meer as 60% van die werklose jongmense minder as 'n matriekvlak van opvoeding. Sleutelbevindings uit die navorsing rakende NDOO in die provinsie het die negatiewe impak van geweldsmisdaad, middelmisbruik en bendebedrywighede op die sosialisering van jongmense uitgewys. Dit tesame met die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werkseleenthede het aanleiding gegee tot 'n hoë aanvraag na dienste vir jongmense, maar het ook 'n negatiewe impak gehad op die uittreestategieë vir jeugdiges in vaardigheidsprogramme. Die Departement se vernaamste prioriteite oor die MTBR heen is dus om te verseker dat alle departementele jeuggefokusde programme met die langtermynuitkomstes van die PJOS belyn is en dat daar 'n strategiese fokus op NDOO is. Hierbenewens sal die Departement, tesame met die jeugsektor, daarna streef om OSW's se jeuggeteikende programme met PJOS-uitkomstes te belyn. Insgelyks, in die openbare sektor het die Departement, in samewerking met die Departement van die Premier (DvdP), transversale belyning met en implementering van jeuggeteikende programme oor alle provinsiale departemente heen verseker.

Die PJOS is geïmplementeer en ses Jeugkafees word bedryf wat ontwerp is om energieke, positiewe ruimtes te verskaf waar jongmense die geleentheid gebied word om toegang te verkry tot vaardigheidsontwikkelingsprogramme, opleidingswerksessies, seminare en entrepreneursgeleenthede. Verdere geleentheid vir jeugdiges is ook deur die UOWP verskaf en gedurende die oorsigjaar is 1 425 UOWP-jeuggeleenthede geskep.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n bron tot kommer weens die skadelike effek wat dit op die provinsie se maatskaplike en ekonomiese welstand het. Die beduidendste toename in gerapporteerde misdaad in die provinsie het in die kategorie dwelmverwante misdaad voorgekom, met 'n toename van 156,3% in die tydperk vanaf 2005 tot 2015. Hierdie en ander maatskaplike euwels styg teen 'n vinniger tempo as die aanwas van die bevolking. 'n Duideliker beeld van die voorkoms van dwelmverwante misdaad in die Wes-Kaap kom na vore wanneer dit volgens die verhouding van die bevolking ondersoek word. Teen 1 431 per 100 000 persone vir die 2014/15-periode was die Wes-Kaap die provinsie met die hoogste syfer van dwelmverwante misdaad. In dieselfde jaar was die provinsie se voorkomssyfer 292% hoër as die nasionale voorkomssyfer van 490 per 100 000. Departementele navorsing oor gerapporteerde gevalle van gesinsgeweld dui op 'n toename van 18% tussen 2007 en 2010. Die Departement het in lyn met sy mandaat voortgegaan om te fokus op intervensies soos die ondersteuning van slagoffers; skuilings vir hawelose volwassenes, veral vroue en kinders; spesiale huisvesting vir slagoffers van mensehandel; proefdienste en herleidingsprogramme.

In reaksie op die provinsie se toenemende uitdaging van dwelmmisbruik onder die jeug, is dwelmbehandeldingsdienste by alle DMO-beveiligde Kinder- en Jeugsorgsentrums voortgesit, tesame met die skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme by 10 hoërisikoskole. Die Departement het aan die "Alcohol Harms Reduction (AHR) Game Changer" deelgeneem waar die Departement verantwoordelik is vir sleutelpunt 3: om die gehalte van regerings- en nieregeringsdienste rakende alkoholverwante en maatskaplike kwessies te verbeter. Alkoholmisbruik is algemeen onder die jeug en dit is van kritieke belang om skoolgaande jeugdige te betrek om hulle bewus te maak van die gevare rakende alkohol. Hierdie sleutelpunt verseker dat alkoholmisbruik in die lewensoriënteringssessies in die skoolkurrikulum en tydens naskoolse programme aandag geniet.

Geografiese inligtingstelseltegnologie (GIS) is gebruik om klientbevolking (en toekomstige klientbevolking aan die hand van geprojekteerde data) te karteer teenoor huidige dienslewering en 'n sosio-ekonomiese indeks. Laasgenoemde is 'n aanduiding wat gebruik word om die potensiële teikenbevolking met die grootste behoefte te identifiseer. Die ruimtelike ontleding dui aan of departementele diensleweringshulpbronne gepas binne die opvangsgebied van die geteikende bevolking ontplooi word. Die Departement gebruik hierdie indekse en instrumente om meer doeltreffende teikenstelling van sy dienslewering te bewerkstellig.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) voltooi. Die tabelle hieronder sit die diensleweringplan en die prestasies tot op hede uiteen.

### Hoofdienste en standaarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
<b>Kinder-beskerdings-dienste</b>	Kinders met 'n behoefte aan versorging en beskerming, hul gesinne en/of versorgers	a) Die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskerdingsdienste (in 2015 ontwikkel en bespreek)	a) Nakoming van 30% met prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskerdingsdienste	<p>Nakoming van 30% bereik met prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskerdingsdienste</p> <p><b>Die volgende is die ondersteunende inligting:</b></p> <p><b>Voltooië Standaardbedryfsprosedures (SBP)</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die SBP vir maatskaplikewelsynsdienste is gefinaliseer en in Junie 2016 goedgekeur</li> <li>● Die konsep-SBP oor die verwydering van kinders na tydelike veilige sorg is gedurende die oorsigjaar ontwikkel – wag op finale goedkeuring</li> <li>● Die konsep-SBP vir kanalisering is gedurende die oorsigjaar voltooi – wag op finale goedkeuring</li> <li>● Die SBP vir die uitbreiding van opdragte rakende Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) is ontwikkel en in Maart 2017 goedgekeur</li> </ul> <p><b>Inhoudspakket</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Een inhoudspakket is ontwikkel ten opsigte van die maatskaplike werker se rol in die Kinderhof</li> </ul> <p><b>Kommunikasie van die voltooië SBP's</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die SBP vir maatskaplikewelsynsdienste en die SBP vir die uitbreiding van KJSS-opdragte is aan alle befondsde OSW's en DMO-personeel versprei en op die beleidsregister en die DMO se webwerf geplaas</li> </ul> <p><b>Implementering van opleiding ten opsigte van die voltooië SBP's</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Opleiding rakende die SBP vir maatskaplikewelsynsdienste is vir al 6 streke voltooi</li> <li>● Opleiding rakende die veiligheids- en risikobeoordelingsinstrument is in vyf van die ses streke voltooi</li> </ul>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
				<ul style="list-style-type: none"> <li>Opleiding is aan aangewese OSW's verskaf rakende die SBP vir die uitbreiding van KJSS-opdragte</li> <li>'n Onderzoek na Organisasoriese Ontwikkeling (OO) rakende korporatiewe dienste op streeksvlak is afgehandel</li> <li>'n Funksionele OO-ontleding is uitgevoer om die verantwoordelikhede rakende die implementering van hoofafdelings van wetgewing duidelik te maak</li> </ul> <p><b>Verkryging van nodige hulpbronne om die strategie te implementeer</b> Twee bykomende motors per streek (12 motors) is bekom</p>
		a) Die Provinsiale Gehalte-versekerings-raamwerk (in 2015 ontwikkel, bespreek en goedgekeur)	b) Nakoming van 30% aan Provinsiale Gehalte-versekerings-raamwerk	<p>b) Nakoming van 30% aan Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk</p> <p><b>Die volgende is die ondersteunende inligting:</b> <b>Ingefaseerde implementering</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die Gehalteversekeringsraamwerk is deur die Kinderbeskermingsprogram ingefaseer as 'n aanvanklike loodsprojek en sal oor die volgende vyf jaar uitgevoer word</li> </ul> <p><b>Opleiding van M&amp;E-personeel en maatskaplikebeleidsontwikkelaars</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Aanvullingsopleiding en opleiding van nuwe M&amp;E-personeel en beleidsontwikkelaars is gedoen</li> <li>Die Direktoraat: Kinders en Gesinne het gehalteversekering by hul moniteringsplanne ingesluit</li> </ul> <p><b>Ontwikkeling van nasporingstelsels, -instrumente en -prosesse om prestasie teenoor geprioritiseerde norme en standaarde en praktykrylyne van die Kinderwet te monitor</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Databasis is ontwikkel om vordering met die implementering van M&amp;E-prosesse in befondsde OSW's te kontroleer</li> <li>Die konsep-SBP oor kanalisering wat ontwikkel is, sal die monitering van die implementering van die Kinderwet en sy prosesse formaliseer</li> </ul>
		c) Supervisie-opleiding oor die supervisie-raamwerk en supervisie-praktyke	c) Hersiening van huidige supervisiestatus teen Maart 2017	<p>c) Huidige supervisiestatus is teen Maart 2017 hersien</p> <p><b>Die volgende is die ondersteunende inligting:</b></p> <p>Implementering van die supervisieraamwerk word elke 6 maande gemonitor en in 'n verslag saamgevat wat aan die nasionale DMO verskaf word. Die volgende aspekte is die elemente wat hersien en gemonitor is:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik van gestandaardiseerde supervisieprosesvorms</li> <li>Opleiding wat deur supervisors ontvang is</li> </ul>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
				<ul style="list-style-type: none"> <li>● Bestuur van werkslading – dit sluit in die verhouding van maatskaplike werker teenoor maatskaplikewerksupervisor ten opsigte van norme en standaarde</li> <li>● Instelling en institusionalisering van supervisiestreksforums</li> <li>● Supervisiestatus – gereeldheid van supervisiesessies, getal supervisors per streek, die verhouding van supervisors teenoor ander personeelkategorieë</li> <li>● Opleiding oor die supervisieraamwerk en -praktyke is gedurende die oorsigjaar voortgesit en het al ses streke gedek. 'n Opleidingsverslag is voltooi</li> <li>● Die supervisieraamwerk is na behore gedek tydens die belanghebbertinteraksies met befondsde OSW's en streke</li> </ul>
			d) Lewering van dienste kragtens die geprioritiseerde wetgewende norme en standaarde, die prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste, die Provinsiale Gehalteversekerings-raamwerk en die supervisieverbeteringsplan	d) Die DMO beplan en implementeer werk ingevolge hierdie beleidsmandate. Dienste word gelewer kragtens die geprioritiseerde wetgewende norme en standaarde, die prioriteite soos uiteengesit in die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste, die Provinsiale Gehalteversekeringsraamwerk en die supervisieverbeteringsplan

Hoofdiensie	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
<b>Pleegsorg-bestuur</b>	Kinders wat versorging en beskerming benodig, wat in pleegsorg geplaas is en toegang het tot 'n alternatiewe veilige omgewing waarin hulle kan grootword en ontwikkel	a) 'n Pleegsorg-bestuursplan is tans in konsepvorm	a) Konseppleegsorg-bestuursplan is teen Maart 2017 voltooi en bespreek	<p>a) Voltooiende Provinsiale Pleegsorgbestuursplan is bespreek en in Maart 2017 deur die DH goedgekeur</p> <p><b>Die volgende is die ondersteunende inligting:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Pleegsorgbestuursplan fokus op die werwing en opleiding van spesiale pleegsorgouers om na kinders met spesiale behoeftes om te sien. Opleiding word vir die volgende boekjaar beplan</li> <li>● Hersiening is maandeliks gedoen. (Streke werk portefeulje van bewyse van bygewerkte pleegsorgopdragte by en dien dit in – maandelikse konsolidasie) Gekonsolideerde opsommings-verslag word op 'n tweemaandelikse grondslag deur die DH goedgekeur</li> <li>● Die Pleegsorgbestuursplan fokus op die werwing en opleiding van spesiale pleegsorgouers om na kinders met spesiale behoeftes om te sien. Opleiding word vir die volgende boekjaar beplan</li> </ul>



### Batho Pele-reëlings met begunstigdes

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p><b>Kinderbeskermingsdienste</b></p> <p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingsforum</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingsforum (insluitend pleegsorg)</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Die kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingskomiteeforum (insluitend pleegsorg) is vanaf September 2016 by die Gesinnesubprogram geïntegreer vir beter koördinerings. Die forum is hernoem as die Provinsiale Kinder- en Gesinsforum. Vier kwartaallikse forumvergaderings is tydens die 2016/17-boekjaar gehou.</p>
<p>b) Sesmaandelikse streeksinteraksies met DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor</p>	<p>b) Sesmaandelikse streeksinteraksies met DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor</p>	<p>b) Sesmaandelikse interaksies met streke en befondsde OSW's is uitgevoer om betrekkinge te versterk en terugvoer te verskaf oor vorige streeksinteraksies (soos geregtelike prosesse, veranderinge aan wetgewing, nuwe beleidsmandate) en gapings in dienslewering</p>
<p>c) Tweemaandelikse aannemingspanele</p>	<p>c) Tweemaandelikse aannemingspanele</p>	<p>c) Tweemaandelikse aannemingspanele. Die aannemingspanele is na die DH gesentraliseer gedurende hierdie oorsigjaar</p>
<p>d) Brosjyre op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes</p>	<p>d) Brosjyre op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes</p>	<p>d) Daar is 'n brosjyre op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes, en lede van die publiek gebruik hierdie besonderhede soos bewys deur die aantal direkte oproepe wat van die publiek ontvang word. Bykomend tot die diensleweringbrosjures is daar ook 'n spesifieke kinderbeskermingsbrosjyre in al drie tale op die webwerf beskikbaar. Die gedrukte kopieë is na alle streke versprei vir verdere verspreiding aan die publiek</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry	e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry	e) Uitvoering van kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg) in lyn met die uitsette in OSW's se oordragbetalingsooreenkomste
<b>Toegang:</b>  a) Ses streekkantore b) 33 plaaslike kantore   c) Diensleweringpunte	<b>Toegang:</b>  a) Ses streekkantore b) 33 plaaslike kantore  c) Diensleweringpunte	<b>Toegang:</b>  a) Ses streekkantore b) 38 plaaslike kantore – DMO het kantore wat in een kantoor werksaam was na nuwe persele verskuif c) Diensleweringpunte
<b>Hoflikheid:</b>  a) Geen	<b>Hoflikheid:</b>  a) Implementering van gedragskode  b) Kliëntediensopleiding (10)	<b>Hoflikheid:</b>  a) Implementering van gedragskode  b) 17 kliëntediensbeamptes het opleiding oor verskeie aspekte ontvang gedurende die verslagdoeningsperiode. (Provinsiale Opleidings-instituut het meer opleiding beskikbaar gestel wat vir kliëntediensbeamptes relevant is)  <b>Bykomende inligting:</b>  Kliëntediensbeamptes en kliëntediensassistente is na streke, fasiliteite en hoofkantoor uitgeplaas om norme en standaarde in verband met kliëntediens te handhaaf

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p><b>Openheid en deursigtigheid:</b></p> <p>a) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>b) Jaarverslag</p> <p>c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes</p>	<p><b>Openheid en deursigtigheid:</b></p> <p>a) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>b) Jaarverslag</p> <p>c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes</p>	<p><b>Openheid en deursigtigheid:</b></p> <p>a) Jaarlikse prestasieplan</p> <p>b) Jaarverslag</p> <p>c) DMO-webwerf bestaan en word bygewerk met program-inhoud en besonderhede van relevante beamptes</p> <p><b>Bykomende instrumente gebruik:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Landsburgers se verslag</li> <li>● Dienshandves</li> <li>● Departementele webwerf</li> <li>● Gedeeltelikesorgdatabasis</li> <li>● Pamflette, brosjures, strooibiljette</li> </ul>
<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures</p>	<p><b>Waarde vir geld:</b></p> <p>a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes</p> <p>b) Standaardbedryfsprosedures</p> <p><b>Bykomende inligting:</b></p> <p>Die program monitor ook die befondsde kinderbeskermingsorganisasies kwartaalliks deur middel van die evaluering van kwartaalverslae en in lyn met beplande prestasiemoniteringsplanne; 'n dienslewingsverbeteringsplan word kwartaalliks ontwikkel en gemonitor</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p><b>Pleegsorgbestuur</b></p> <p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingsforum (Provinsiale Kinder- en Gesinsforum)</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingsforum (Provinsiale Kinder- en Gesinsforum)</p>	<p><b>Oorlegpleging:</b></p> <p>a) Die kwartaallikse Provinsiale Kinderbeskermingskomiteeforum (insluitend pleegsorg) is vanaf September 2016 by die Gesinnesubprogram geïntegreer in 'n poging om die belanghebbendes rakende kinderbeskerming en gesinne byeen te bring vir beter koördinerings. Die forum is hernoem as die Provinsiale Kinder- en Gesinsforum.</p> <p><b>Bykomende inligting:</b></p> <p>Opleidingsessie met nuutgeregistreerde Klusterpleegsorgskemas (KPSS) oor die voorskrifte van die Wet rakende die bestuur van KPSS'e (byvoorbeeld Acres of Love KPSS en Elonwabeni KPSS)</p> <p>SASSA-beamptes, kanaliseringsbeamptes van die DMO-streekkantore en die sewe geregistreerde KPSS'e het opleiding ontvang oor hoe om pleegsorgtoelaes te bekom vir kinders wat by KPSS'e geplaas is</p>
<p>b) Sesmaandelikse streeksinteraksies met DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor</p>	<p>b) Sesmaandelikse streeksinteraksies met DMO-personeel en befondsde organisasies in die Kinder- en Gesinnesektor</p>	<p>b) Sesmaandelikse interaksies met streke en befondsde OSW's is uitgevoer om betrekkinge te versterk en terugvoer te verskaf oor vorige streeksinteraksies (soos geregtelike prosesse, veranderinge aan wetgewing, nuwe beleidsmandate) en gapings in dienslewering</p>
<p>c) Tweemaandelikse aannemingspanele</p>	<p>c) Tweemaandelikse aannemingspanele</p>	<p>c) Tweemaandelikse aannemingspanele</p> <p><b>Bykomende inligting:</b></p> <p>Die aannemingspanele is na die DH gesentraliseer gedurende hierdie oorsigjaar</p>

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike prestasie
d) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes	d) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes	d) Daar is 'n brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes, en lede van die publiek gebruik hierdie besonderhede soos bewys deur die aantal direkte oproepe wat van die publiek ontvang word  <b>Bykomende inligting:</b>  Bykomend tot die dienslewingsbrosjures is daar ook 'n spesifieke kinderbeskermingsbrosjure in al drie tale op die webwerf beskikbaar. Die gedrukte kopieë is na alle streke versprei vir verdere verspreiding aan die publiek
e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry	e) Kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg), ligging van dienste en hoe om daartoe toegang te verkry	e) Uitvoering van kwartaallikse openbare opvoedings-/opleidingsessies rakende kinderbeskermingskwessies (insluitend pleegsorg) in lyn met die uitsette in OSW's se OBO's
<b>Toegang:</b>  a) Ses streekkantore b) 33 plaaslike kantore  c) Dienslewingspunte	<b>Toegang:</b>  a) Ses streekkantore b) 33 plaaslike kantore  c) Dienslewingspunte	<b>Toegang:</b>  a) Ses streekkantore b) 38 plaaslike kantore (meer plaaslike kantore is geïdentifiseer om dié te akkommodeer wat in ander kantore werksaam was)  c) Dienslewingspunte
<b>Hoflikheid:</b>  a) Geen	<b>Hoflikheid:</b>  a) Implementering van gedragskode b) Kliëntediensopleiding (10)	<b>Hoflikheid:</b>  a) Implementering van gedragskode b) 17 kliëntediensbeamptes het opleiding oor verskeie aspekte ontvang gedurende die verslagdoeningsperiode  <b>Bykomende inligting:</b> Kliëntediensbeamptes en kliëntediensassistente is na streke, fasiliteite en hoofkantoor uitgeplaas om norme en standaarde in verband met kliëntediens te handhaaf

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<b>Openheid en deursigtigheid:</b> a) Jaarlikse prestasieplan b) Jaarverslag c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes	<b>Openheid en deursigtigheid:</b> a) Jaarlikse prestasieplan b) Jaarverslag c) Brosjure op die DMO-webwerf oor program-inhoud en kontakbesonderhede van relevante beamptes	<b>Openheid en deursigtigheid:</b> a) Jaarlikse prestasieplan b) Jaarverslag c) DMO-webwerf bestaan en word bygewerk met program-inhoud en besonderhede van relevante beamptes  <b>Bykomende inligting:</b> ● Landsburgers se verslag ● Dienshandves ● Departementele webwerf ● Gedeeltelikesorgdatabasis ● Pamflette, brosjures, strooibiljette
<b>Waarde vir geld:</b> a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes b) Standaardbedryfsprosedures	<b>Waarde vir geld:</b> a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes b) Standaardbedryfsprosedures	<b>Waarde vir geld:</b> a) In ooreenstemming met wetgewende vereistes b) Standaardbedryfsprosedures  <b>Bykomende inligting:</b> Die program monitor ook die befondsde kinderbeskermingsorganisasies kwartaaliks deur middel van die evaluering van kwartaalverslae en in lyn met beplande prestasiemoniteringsplanne; 'n dienslewingsverbeteringsplan word kwartaaliks ontwikkel en gemonitor

### Dienslewingsinligtingsinstrument

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasie
<b>Kinderbeskermingsdienste</b> a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette
<b>Pleegsorgbestuur</b>		

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasie
a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette	a) Jaarverslag b) Landsburgers se verslag c) Dienshandves d) Departementele webwerf e) Gedeeltelikesorgdatabasis f) Pamflette, brosjures, strooibiljette

### Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasie
<b>Kinderbeskermingsdienste</b> a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes	a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes	a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes
<b>Pleegsorgbestuur</b> a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes	a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes	a) Tolvrye telefoonlyn b) Korrespondensie aan Minister/DH/Streeksdirekteur c) Kliëntediensbeamptes

## 2.3 Organisasoriese omgewing

Die Hoofdirektorate: Maatskaplike Welsyn en Besigheidsbeplanning en -Strategie, tesame met die korporatiewe dienste in die Departement se ses streekkantore, was tydens 2016/17 onderhewig aan organisatoriese herstruktureringprosesse. Implementering is vir die volgende boekjaar geskeduleer. In verband met laasgenoemde was die fokus op die skep van bykomende kapasiteit in die Direktooraat: Spesiale Programme om dienste te lewer aan mense met gestremdhede, veral dié met ernstige intellektuele gestremdheid, in die lig van die oordrag van hierdie funksie na die DvG; en die verskaffing van bykomende kapasiteit in die vorm van 'n gehalteversekeringseenheid in die Direktooraat: Fasiliteitebestuur en Gehalte-monitoring. Dit sal verseker dat dienste wat gelewer is binne departementele sowel as OSW-befondsde KJSS'e volgens wetsbepaling verskaf word. In die geval van die Hoofdirektooraat: Besigheidsbeplanning en -Strategie was sy mikrostruktuur onderhewig aan organisatoriese herstruktureringprosesse om voorsiening te maak vir meer doeltreffende beleidsbelyning, kennisbestuur en korporatiewe bestuur van IKT-dienste binne die Departement.

Die organisatoriese herstrukturering van die ses streekkantore se korporatiewe dienste, tesame met die implementering van die Departement se Strategie vir die Verbetering van KSBD, sal aanleiding gee tot die verskaffing van bykomende administratiewe steun op diensleweringvlak. Dit sal maatskaplikewerkbeamptes beskikbaar stel vir meer intensiewe maatskaplikewerksupervisie en derhalwe voldoende dienslewering op voetsoolvlak, en sal die Departement in staat stel om sy statutêre verpligtinge na te kom rakende prosesse in die Kinderhof, alternatiewe sorg, aannemings, gesinsbehoud en -hereniging, gesinsbemiddeling, ouerskapsplanne, regte en verantwoordelikhede van ouers, huweliksberading en ouerskapsvaardighede, wat alles belangrike maatskaplikewerkintervensies is.

### Sakeprosesse

Die departementele Strategie vir die Verbetering van KSBD in die Wes-Kaap wat in die vorige jaar goedgekeur is en intervensies binne die strategie sluit die ontwikkeling van SBP's in vir die implementering van statutêre maatskaplikewerkdienste. Dit sal verseker dat die Departement sy statutêre mandate nakom en derhalwe die risiko van litigasie temper. Tesame met die goedkeuring van 'n SBP vir maatskaplikewelsynsdienste wat belyn is met die Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste in 2016, verseker dit dat maatskaplikewerkpraktisyns 'n eenvormige en gestandaardiseerde benadering tot dienslewering regoor alle streke implementeer wat sodoende die gehalte van dienslewering verseker. Dit word gesteun deur deurlopende opleiding en die implementering van die Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika 2011.

In verband met ondersteuningsdienste het die Departement voortgegaan om sy prosesse vir die bestuur van prestasie-inligting te verfyn deur middel van 'n gehalteversekeringsloodsprojek van stapel te stuur ten opsigte van die vlak van prestasie-inligting, asook deur deurlopende opleiding in die implementering van die SBP vir prestasie-inligting en die Handleiding vir Aanwyserbeskrywings (HAB). Die sukses van hierdie maatreëls blyk duidelik uit die feit dat die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) oor die laaste MTBR-periode 'n ongekwalfiseerde audit oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die Departement se gerapporteerde prestasie-inligting gelewer het.

Ten opsigte van VKB-prosesse, het die Departement voortgegaan om strategiese verkryging te implementeer – 'n samewerkende en gestruktureerde proses wat die Departement se besteding krities analiseer en die inligting gebruik om doeltreffende sakebesluite te neem oor die verkryging van kommoditeite en dienste – in reaksie op die NOP se gedifferensieerde benadering tot verkryging. Tesame met die hersiening van die Departement se VKB-struktuur en bondige riglyne vir die implementering daarvan, sal dit 'n doeltreffende, goed toegeruste VKB-stelsel verseker.



Laastens sal die Departement voortgaan met die implementering van diensskedules as die meganisme om die Diensvlakooreenoms (DVO) te operasionaliseer wat dit met die DvdP se Korporatiewedienstesentrum (KDS) aangegaan het. Die Departement sal ook voortgaan met die implementering en verfyning van SBP's vir sy eie diensskedules wat te make het met die hantering van dissiplinêre prosedures, verlofbestuur en personeelwerwing en -keuring.

## **MENSLIKEHULPBRONBESTUUR**

### **Indiensneming en vakatures**

Die Departement is tans besig met die proses om die oorblywende vakante befondsde poste te vul binne die goedgekeurde organisatoriese struktuur vir die Hoofdirektorate: Maatskaplike Welsyn sowel as Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling en het 'n aantal maatskaplikewerkgegradueerdes aangestel wat beurse van die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) gehad het. Maatskaplikewerkgegradueerdes wat hulle beursverpligtinge nakom, maak die meerderheid uit van die poste wat bykomend tot die dienststaat gevul is. Die restant is grootliks as gevolg van vorige herstruktureringprosesse wat daartoe gelei het dat nienoodsaaklike dienste soos skoonmaak- en sekuriteitsdienste uitbestee is. Die vakatures vir Direkteur: Kinders en Gesinne en die Streeksdirekteur: Kaapse Wynlande/Overberg is op 1 September 2016 gevul.

Tydens hierdie prestasiesiklus het die Departement die organisatoriese struktuur van alle beveiligde sorgsentrums (Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn, Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitering) met die relevante norme en standaarde belyn. Die konsultasieproses met die Departement van Arbeid sal tydens die 2017/18-boekjaar afgehandel word. Die Departement is ook tans besig met die hersiening van die korporatiewe eenhede van die ses streke om voldoende ondersteuningspersoneel te verseker, wat ook tydens die nuwe boekjaar afgehandel sal word.

### **Personeelopleiding**

Die Departement het tydens hierdie boekjaar op groot skaal in die opleiding van sy personeel belê en het die wetgewende vereiste (1%) oorskry. Die Departement kon sy leerderskapprogram vir 194 kinder- en jeugsorgwerkers voltooi deur middel van befondsing vanaf die HWSETA en wag tans op die resultate vanaf die HWSETA om hul in staat te stel om by die SARMD te registreer.

'n Totaal van 29 nuwe beurse is aan interne personelede in gespesialiseerde velde toegeken waar 'n tekort aan vaardighede bestaan, soos proefdienste, afhanklikheidsorg, kinder- en gesinstudies, sowel as forensiese en kliniese maatskaplike werk. 'n Totaal van 101 maatskaplikewerkstudiebeurse is toegeken deur middel van befondsing vanaf die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) om te help met die voorsiening van maatskaplike werkers in die arbeidsmark. Daar is ook 17 beurse vir afhanklikheidsorg aan eksterne mense buite die Departement toegeken om die beskikbaarheid van gekwalifiseerde beroepspersone op hierdie gebied te versterk.

Ander leerprogramme wat van stapel gestuur is vir beroepspersone en ondersteuningspersoneel met betrekking tot maatskaplike werk sluit in die opleiding in die toepassing van wetgewing op hul spesifieke praktykveld, sowel as mentorskap en afrigting. Opleiding vir Senior Bestuursdienste (SBD) het ingesluit inleiding tot die staatsdiens vir SBD-lede, fasilitering, mentorskap en afrigting, en opleiding rakende regulatoriese impakassessering. Die verskaffing van opleidingsgeleenthede kan nie genoeg beklemtoon word nie omdat dit deur kapasiteitsbou-intervensies is wat vaardighede versterk word en die gehalte van dienslewering verbeter word.

## **Tegnologiese omgewing**

Informasie Tegnologie-stelsels speel 'n belangrike rol in die doeltreffende werking van die Departement. Hiervolgens gaan die Departement voort om te verseker dat IKT-bestuur en -stelseladministrasieprosesse/-prosedures in werking en operasioneel is. Tweemaandelikse vergaderings van sy Informasie Tegnologie-beheer Komitee verseker dat die Departement se toewysingsproses vir IKT-toerusting, -sagteware en -dienste voldoen aan WKR-standaarde, en dat sy verkrygings- en wegdoeningsprosesse voldoen aan die Wet op die Staatsagentskap vir Inligtingstegnologie (Wet 88 van 1998) soos gewysig deur die SITA-wet (Wet 38 van 2002) en die WKR se IKT-standaarde.

Die DMO se IKT-beleid wat in 2016 goedgekeur is, voorsien beampptes van 'n proses vir die aansoek, goedkeuring en verkryging van IKT-toerusting waarvolgens goeie bestuur verseker word ten opsigte van IKT-verkryging – dit sluit in nakoming van die WKR se IKT-standaarde insluitend versoenbaarheid met en steun op die WKR-netwerk. Stelseladministrasie-ondersteuning word ook aan nasionale IKT-stelsels verskaf soos die Slagofferbemaagtigingsprogram en Register van Mishandelde Ouer Persone (VEPOP), Bestuurstelsel vir Proefgevalle en Kinder- en Jeugsorgtoepassings en op provinsiale vlak aan BAS, LOGIS, Elektroniese Inhoudsbestuur en so meer.

Die Strategiese IKT-plan 2015-20 word op 'n jaarlikse grondslag hersien. Prioriteite oor die MTBR is steeds die ontwikkeling van 'n gevallebestuurstelsel vir eie dienste en 'n departementele OSW-bestuurstelsel vir uitbestede dienste. In geval van eersgenoemde word sakeontleding tans gedoen en in geval van laasgenoemde is die eerste twee fases reeds voltooi, d.w.s. die OSW-databasis en -stelsel om die nakomingsvereistes vir betaling te bestuur, is reeds gebou en getoets. Daar word met die stelsel in die vooruitsig gestel dat oordragbetalings van befondsing doeltreffend aan OSW's gedoen sal word deur die nakomingskontrole van betalingsdokumente te outomatiseer, soos goedgekeurde OSW-verslae, finansiële state en OBO'e. Hierbenewens stel bestuursinligting in verband met die verspreiding van befondsde dienste, tesame met inligting oor die ligging van kwesbare groepe wat deur die Departement bedien word, gefokusde dienslewering in staat. Die OSW-bestuurstelsel sal baie handmatige prosedures vervang, duplisering verminder wat deur die huidige handmatige stelsel veroorsaak word en sal baie MS Excel-gebaseerde verslae en databasisse vervang wat tans vir verslagdoening en nakomingskontrole gebruik word.

'n Uitdaging in die tegnologiese omgewing is natuurlik die ingeperkte fiskale omgewing in die provinsie en die Departement. Die Departement sal voortgaan om maatreëls te implementeer om van die uitwerkings van die provinsiale begrotingsbesnoeiing te mitigeer, soos in die vooruitsig gestel word oor die MTBR, deur sy IKT-opdatering langer as die DMO se verpligte vyfjaarperiode te verleng en toegang te verkry tot moontlike bronne van befondsing binne die PT en die nasionale departement.

Laastens stel die implementering van generiese e-posadresse die Departement in staat om elektroniese kommunikasie beter te bestuur en te verseker dat alle rekords geliasseer en beveilig word volgens die toepaslike wetgewing. Dit is eerstens in die Departement se programme en kommunikasie-eenheid geïmplementeer en sal gedurende 2017 na die Direktoraat: Fasiliteitebestuur en Gehaltemonitoring uitgebrei word om sodoende te verseker dat alle direktorate en eenhede binne die Departement wat met die publiek werk meer toeganklik is.

## **2.4 Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewingswysigings**

Geen.

### 3. STRATEGIESE UITKOMSGEORIËNTEERDE DOELWITTE

Die departementele strategiese beplanningsproses het die vyf strategiese doelwitte, soos vervat in die Strategiese Plan vir die 2015-2020-boekjare, herbevestig. Dit is:

<p><b>Strategiese Uitslagsgeoriënteerde Doelwit 1</b></p>	<p><b>Verbeterde korporatiewe bestuur</b></p>
	<p><b>Doelwitverklaring:</b> Die Departement implementeer doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, met inbegrip van navorsing, beplanning, kennis en prestasiebestuur, en verbeter sodoende sy prestasie in die maatskaplike sektor.</p>
	<p><b>Regverdiging:</b> Om die integriteit van sakeprosesse aan die hand van deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering gegrond op maatskaplike navorsing sowel as monitering en verslagdoening te verhoog. Sakeprosesse, -stelsels en die organisatoriese strukture sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word ten einde die verbetering van dienslewering ter wille van almal in die provinsie op te skerp.</p>
	<p><b>Skakels:</b> Hierdie doelwit sluit aan by PSD 5: "Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning." Dit hou verder ook ten nouste verband met die NOP 2030-uitkomst: "Bou 'n bekwame en ontwikkelingsgerigte staat" en "Beveg korrupsie" en die MTSR 2019-uitkomst: "'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens."</p>
	<p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het gestreef na die modernisering en verbetering van staatsbestuur deur middel van sy sakeprosesse, -stelsels en -strukture. Dit is in lyn met die nasionale uitkomst rakende 'n doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgerigte staatsdiens soos in hoofstuk 15 van die NOP beskryf word.</li> <li>● Deurlopende opleiding in die implementering van die SBP vir prestasie-inligting en die Handleiding vir Aanwyserbeskrywings (HAB). Die sukses van hierdie maatreëls blyk duidelik uit die feit dat die OGSA oor die laaste MTBR-periode 'n ongekwalifiseerde audit oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die Departement se gerapporteerde prestasie-inligting gelewer het.</li> <li>● Implementering van strategiese verkryging – 'n samewerkende en gestruktureerde proses wat die Departement se besteding krities analiseer en die inligting gebruik om doeltreffende sakebesluite te neem oor die verkryging van kommoditeite en dienste. Die RBS wat verskaffingskettingbestuur reguleer en funksies vir die bestuur van roerende bates is in werking.</li> <li>● BPAL-resultate is op vlak 4 gehandhaaf ten opsigte van die Strategiese Plan, Jaarlikse Prestasieplan, IKT, finansiële bestuur en VKB-standaarde.</li> <li>● Die DMO se vakaturekoers staan op 2,5% gegrond op befondsde, gevulde poste (met uitsluiting van internskappe) wat ver onder die DSDA se teiken/norm van 10% is.</li> <li>● Daar is verseker dat IKT-bestuur deur middel van die Departement se IT-beleid, -stelseladministrasieprosesse en -prosedures in werking en operasioneel is. Die Strategiese IKT-plan 2015-20 word op 'n jaarlikse grondslag hersien en prioriteite oor die MTBR is steeds die ontwikkeling van 'n gevallebestuurstelsel vir eie dienste en 'n departementele OSW-bestuurstelsel vir uitbestede dienste.</li> </ul>

<p><b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 2</b></p>	<p><b>Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur maatskaplikewelsynsdienste</b></p> <p><b>Doelwitverklaring:</b> Versterk maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur gepaste ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsyns-intervensies wat individue en gesinne ondersteun en versterk, in vennootskap met belanghebbendes.</p> <p><b>Regverdiging:</b> Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kwesbare individue en groepe te lewer met spesifieke verwysing na mense met gestremdhede, ouer persone en diegene wat uitermatige ontberings beleef.</p> <p><b>Skakels:</b> Hierdie doelwit sluit aan by PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Dit hou ook verband met Nasionale Uitkomst 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel."</p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> (Let asseblief daarop dat alle prestasies onder hierdie program ten nouste verband hou met die gewenste uitkomstes van hoofstuk 11 van die NOP):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement het die residensiëleorgafasiliteite vir verswakte ouer persone, alternatiewe versorging en ondersteuningsmodelle soos dagsorgsentrums, dienssentrums, seniors klubs, verposingsorg, selfsorg en tuisgebaseerde sorg geprioritiseer, en het sy befondsingsvlakke weer in oënskou geneem om te verseker dat die versorging en ondersteuning van ouer persone in residensiële fasiliteite en gemeenskapsgebaseerde sorgsentrums gehandhaaf word en dat bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone in die provinsie ondersteun word.</li> <li>● Die registrasie van gemeenskapsgebaseerde versorgings- en ondersteuningsdienste (dienssentrums) is geïmplementeer met die doel om die standaard van dienste aan ouer persone te verbeter.</li> <li>● Aansienlike vordering is gemaak met nakoming ten opsigte van verslagdoening van befondsde OSW's wat groter aanspreeklikheid deur diensverskaffers weerspieël.</li> <li>● Die Departement het voortgegaan met die handhawing en voorsiening van steun aan bestaande maatskaplikewelsynsinfrastruktuur vir die verskaffing van geïntegreerde programme en dienste wat daarop gemik is om die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremdhede en hul gesinne te bevorder.</li> <li>● Goedkeuring van 'n Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid deur die Departement se uitvoerende bestuur.</li> <li>● Opleiding van maatskaplike werkers oor intellektuele gestremdheid en 'n eenvormige verwysingskanaal vir holistiese evaluering en geskikte verwysing van mense met gestremdhede.</li> <li>● Ouerondersteuningstrukture is in George, Witzenberg, Kraaifontein en Atlantis in vennootskap met die DMO en die Aksiegroep vir Kinders met Gestremdhede in werking gestel – 'n OSW wat deur die ouers van kinders met gestremdhede en sommige plaaslike munisipaliteite bestuur word.</li> <li>● Uitbreiding van die dienste vir portuurondersteuningsprogramme in die volgende areas: Stellenbosch, Knysna en Beaufort-Wes.</li> <li>● Die Departement het die Behoeftige Persone se Begrafnisbystandgids gefinaliseer om 'n raamwerk vir die DMO te verskaf om arm en kwesbare families by te staan wat nie hul geliefdes kan begrawe nie. 'n DMO 2017/18-Rampbestuurplan is in samewerking met die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum ontwikkel om rolle en verantwoordelikhede rakende rampe uit te klaar. Die plan sal onderhewig wees aan jaarlikse hersiening.</li> </ul>
<p><b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 3</b></p>	<p><b>Omvattende kindersorg, gesinsorg en ondersteuningsdienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welstand te bevorder</b></p> <p><b>Doelwitverklaring:</b> Gepaste kindersorg en gesinsorg en ondersteuningsdienste en -intervensies wat die ontwikkeling van kinders en gesinne beskerm, ondersteun en fasiliteer, in vennootskap met belanghebbendes.</p> <p><b>Regverdiging:</b></p>

	<p>Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan alle kwesbare kinders en groepe te lewer om die gesinstruktuur te behou.</p> <p><b>Skakels:</b>                  Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomstes en geleentheid vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike ewels." Verder hou dit ook verband met Nasionale Uitkomst 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel."</p>
	<p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement is besig met die implementering van die DMO se Strategie vir die Verbetering van KSBD (2015) wat ontwikkel is om die risiko's in verband met die implementering van statutêre vereistes, norme en standaarde te mitigeer.</li> <li>● Om kinderbeskermingsdienste verder te verbeter, sal die DMO die nuwe provinsiale Pleegsorgbestuursplan implementeer wat in Maart 2017 goedgekeur is en die konsep-SBP vir kanalisering finaliseer wat die administratiewe bestuur van kinders in die statutêre kinderbeskermingstelsel behels.</li> <li>● Instelling van pleegsorgbestuursvergaderings met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) en die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SASSA) om knelpunte en uiteindelik die pleegsorgagterstand die hoof te bied.</li> <li>● Sewe klusterpleegsorgskemas en 'n gepaardgaande konseppleegsorgplan is goedgekeur wat sal help met die bestuur van pleegsorgskemas. Die opleiding rakende die veiligheids- en risikoboordelingsinstrument is van stapel gestuur vir maatskaplikewerkpersoneel in vyf van die ses streke om hul assesseringsvaardighede van kwesbare kinders op te skerp. 'n Groot aantal kindermishandelingsgevalle is deur die OSW's en DMO-streke aangemeld deur middel van die verpligte kindermishandelingsregister wat die DMO help met gepaste beplanning vir kinderbeskermingsdienste in spesifieke areas.</li> <li>● Prestasiemoniteringsbesoeke is aan befondsde kinderbeskermings-organisasies gebring om nakoming van die norme en standaarde te monitor om sodoende doeltreffende en doelmatige dienslewering te verseker. Die prestasiemonitering sluit gehalteversekering in, wat 'n omvattende vorm van prestasiemonitering is wat aan die OSW's ook die geleentheid bied om hul eie selfassessering te doen.</li> <li>● Die Departement het dienste aan kwesbare gesinne gelewer wat sodoende verseker het dat die provinsiale regering sy statutêre verpligtinge aan hierdie gesinne nakom ingevolge artikel 28 van die Grondwet, waardeur skade geassosieer met gesinsdisfunksie verminder word.</li> <li>● In samewerking met die Stad Kaapstad was die fokus op die hereniging van hawelose volwassenes met hul gesinne en dit het herenigingsdienste vir volwassenes verbeter.</li> <li>● Die instelling van 'n spesiale VKO-program vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling waar skoolgereedheid swak is, is in April 2016 van stapel gestuur. Dit is van stapel gestuur by tien proeffasiliteite in Khayelitsha, Delft en Philippi en sal na 50 fasiliteite uitgebrei word – insluitend landelike gebiede – in 2017/18. 'n Selfoonboodskapprogram wat ouer- en praktisynondersteuningsprogramme insluit, is by hierdie fasiliteite geïmplementeer.</li> <li>● 'n Veldtog oor die registrasie van VKO-gedeeltelikesorgfasiliteite is met 'n webwerf van stapel gestuur wat die belangrikheid van registrasie van gedeeltelikesorgfasiliteite en die voordele vir kinders en ouers/versorgers uiteensit.</li> </ul>
<p><b>Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 4</b></p>	<p><b>Maak werk van maatskaplike ewels deur 'n omvattende program vir die voorkoming van maatskaplike misdaad en die voorkoming en behandeling van middelmisbruik te verskaf</b></p> <p><b>Doelwitverklaring:</b>                  Verminder maatskaplike ewels deur die voorsiening van maatskaplikemisdadvoorkomings- en proefdienste, sowel as dienste teen middelmisbruik wat risikofaktore verlaag en aanleiding gee tot verantwoordelike, veerkragtige en produktiewe lede van die samelewing.</p> <p><b>Regverdiging:</b></p>

	<p>Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van gespesialiseerde proefdienste te bied aan persone wat met die gereg bots, sowel as aan hul slagoffers, en om hul weerstand teen risikofaktore rakende maatskaplike misdaad te versterk.</p> <p><b>Skakels:</b> Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomstes en geleentheid vir jeugontwikkeling" en PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels." Verder hou dit ook verband met Nasionale Uitkomst 2: "'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners", Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld" en Nasionale Uitkomst 13: "'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingstelsel."</p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b> (Let asseblief daarop dat alle prestasies onder hierdie program ten nouste verband hou met die gewenste uitkomstes van hoofstuk 11 van die NOP):</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Hersiening van die Herleidingsakkrediteringsbeleidsraamwerk is van stapel gestuur, terwyl die stelsel vir die naspewing en monitering van alle kinders in botsing met die gereg wat aangehou word, geïmplementeer is om die Departement in staat te stel om stelsel- en prosedureknelpunte te identifiseer en die hoof te bied.</li> <li>● 'n Herintegrasie- en nasorgloodsprojek is geïmplementeer om die kontinuum van dienste aan ontvangers van proefdienste te verbeter. Hierdie geïntegreerde inisiatief konsolideer sosio-ekonomiese intervensies om residivisme te verminder.</li> <li>● Die Wes-Kaap is die leidende provinsie ten opsigte van die volle registrasie van KJSS'e wat beveiligde versorgingsprogramme aan kinders en jeugdige ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid bied. Die implementering van risikoplanne vir alle sentrums en 'n doeltreffende gehalteversekeringsproses het gehelp om die nakoming van norme en standaarde vir beveiligde sorgsentrums te monitor. Dit sluit geregistreerde Sentrums vir Volwasse Onderwys in by alle sentrums wat deur gekwalifiseerde onderwyspersoneel bestuur word.</li> <li>● Om die implementering van die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel te verseker, het die Departement 'n interne Taakspan teen Mensehandel saamgestel om met die implementering van die Wet te help.</li> <li>● Opvoedkundige werksessies vir mans is in areas met hoë vlakke van gesinsgeweld aangebied, en terapeutiese en psigososiale slagofferondersteuningsdienste is na slagoffers van bendegeweld uitgebrei. 'n Verwysingsprotokol is ontwikkel om te verseker dat dienste aan slagoffers gekoördineer word.</li> <li>● Ruimte in skuilings vir manlike slagoffers van geweld en misdaad is van stapel gestuur om 'n basislyn te ontwikkel vir die behoefte aan skuilings vir mans in Kaapstad. Die Departement het die eerste skuilings in Suid-Afrika spesifiek vir volwasse slagoffers van mensehandel en hul kinders van stapel gestuur, en drie skuilings in die Wes-Kaap het by die NDMO toekennings as erkenning ontvang vir die gehaltesdiens wat hulle lewer.</li> <li>● Vordering op die gebied van middelmisbruikbehandeling het ingesluit die uitbreiding van 'n skoolgebaseerde buitepasiëntprogram vir jeugdige in Elsie'srivier en buitepasiëntprogramme in die landelike gebiede van Beaufort-Wes en Ceres waardeur dienslewering uitgebrei is en toegang verbeter is.</li> <li>● Die digitale veldtog teen middelmisbruik het verder uitgekling deur die teikengehoor uit te brei, kanale te verfyn en nuwe elemente in te bring. 'n Spesifieke selfoonvriendelike webwerf oor middelmisbruik is ook ontwikkel. Die fokus van hierdie veldtog was die mites en feite oor middelmisbruik en hoe om hulp te kry.</li> </ul>
<p><b>Strategiese Uitkomstgeoriënteerde Doelwit 5</b></p>	<p><b>Skep geleentheid deur gemeenskapsontwikkelingsdienste</b></p> <p><b>Doelwitverklaring:</b> Skep geleentheid vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en veerkragtigheid te ontwikkel gegrond op empiriese navorsing.</p> <p><b>Regverdiging:</b> Hierdie program het ten doel om maatskaplike insluiting te bevorder en armoede te verminder deur toegang tot volhoubare gemeenskapsontwikkelingsprogramme te bied om geleentheid vir almal te skep om selfonderhoudend te word.</p> <p><b>Skakels:</b></p>

	<p>Hierdie doelwit sluit aan by PSD 2: "Verbeter onderwysuitkomstes en geleenthede vir jeugontwikkeling", PSD 3: "Verbeter welstand en veiligheid en maak werk van maatskaplike euwels" en PSD 5: "Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike belyning." Hierdie doelwit sluit aan by Nasionale Uitkomst 11: "Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld."</p> <p><b>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die provinsiale OSW-hulptoonbank het voortgegaan om OSW's met registrasie en nakoming by te staan om die volhoubaarheid van die dienste en organisasies te verseker, en intensiewe mentor- en opleidingsintervensies is met 12 kwesbare OSW's onderneem.</li> <li>● Verskeie streeksbeamptes het die geakkrediteerde opleidingskursus oor fasilitering en mentorskap bygewoon om die Departement se vermoë te versterk om OSW's te ondersteun.</li> <li>● Die verhoogde Nasionale Aansporingstoekenning (NAT) het die DMO in staat gestel om betrekkinge te bewerkstellig met die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Onderwys, Opleiding en Ontwikkelingspraktyke (ETDP SETA) in samewerking met New Venture Creation (KMMO) om die kapasiteit van mense met gestremdhede uit te bou deur geakkrediteerde opleiding te verskaf.</li> <li>● 'n Konsepbedryfsprosedurehandleiding oor volhoubare lewensbestaan is ontwikkel.</li> <li>● Alle departementele jeuggefokusde programme is met die langtermynuitkomstes van die PJOS belyn en daar is 'n strategiese fokus op NDOO.</li> <li>● Die Bevolkingseenheid het op die kartering van gebiede gefokus waar OSW's werksaam is wat kindersorg-en-beskerdingsdienste in die Wes-Kaap aanbied, om gapings/oorvleuelings in dienslewering in elk van die DMO se Diensleweringengebiede (DLG'e) te identifiseer.</li> <li>● Skattings van die vrugbaarheidskoerse in die Wes-Kaap op subprovinsiale vlak met gebruik van sensusstatistiek, data oor lewende geboortes in Suid-Afrika, gesondheids- en ander vrugbaarheidsverwante databronne wat in die provinsie beskikbaar is, is op streeks- en munisipale vlak saamgestel om die provinsiale en munisipale strategiese vyfjaarplan te ontwikkel.</li> <li>● Navorsing wat in die vorige jaar afgehandel is rakende 'n evaluering van dienssentrusse vir ouer persone het waardevolle insigte verskaf vir die maandelike ontwikkeling van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde versorgingsmodel binne die versorgingskontinuum.</li> </ul>

## **4. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM**

**Let asseblief daarop dat sektoraanwysers wat nie deur die Wes-Kaapse DMO oor verslag gedoen is nie, in bylaag C aangedui word.**

### **4.1 PROGRAM 1: ADMINISTRASIE**

#### **Doel**

Hierdie program omvat die strategiese bestuurs- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. provinsiale, streeks-, distriks- en fasiliteits-/institusionele vlak. Die KDS is gesetel in die DvdP<sup>4</sup>.

#### **Subprogramme**

- 1.1. Kantoor van die LUR
- 1.2. Korporatiewe bestuursdienste
- 1.3. Distriksbestuur

#### **Strategiese doelstellings**

Om strategiese ondersteuningsdienste te voorsien ten einde goeie bestuur en dienslewering van gehalte te bevorder.

---

<sup>4</sup> Die Korporatiewedienstesentrum lewer die volgende ondersteuningsdienste aan die Departement: menslikehulpbronbestuur, e-Innovasie, organisatoriese ontwikkeling, provinsiale opleiding, korporatiewe versekering, regsdiens en korporatiewe kommunikasie.



## AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELSTELLINGS

<b>SUBPROGRAM 1.2 KORPORATIEWE DIENSTE</b>							
<b>Om strategiese ondersteuningsdienste te verskaf ten einde vir goeie bestuur en gehalte dienslewering te bevorder.</b>							
<b>Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
Ongekwalifiseerde ouditmening sonder gevalle van beklemtoning en geen wesentliche bevindinge oor finansiële aangeleenthede en die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting nie	Skoon oudit	Skoon oudit	Skoon oudit	Skoon oudit	Skoon oudit	-	-

## PRESTASIE-AANWYSERS

<b>SUBPROGRAM 1.2 KORPORATIEWE DIENSTE</b>							
<b>Prestasie-aanwysers</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
<b>PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS</b>							
Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en verwante beroepe	41	34	25	25	25	-	-
Getal gegradueerde/voorgraadse internskappe	146	185	115	52	57	5	Oorprestasie as gevolg van beskikbaarheid van bykomende befondsing.
Getal internskappe in die Premier se Bevordering van die Jeug-program (PAY)	60	20	20	20	20	-	-
BPAL-vlak vir die bestuurstandaard: strategiese planne	-	Nuwe aanwyser	4	4	4	-	-

<b>SUBPROGRAM 1.2 KORPORATIEWE DIENSTE</b>							
<b>Prestasie-aanwysers</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Bepaalde teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
BPAl-vlak vir die bestuurstandaard: jaarlikse prestasieplanne	-	Nuwe aanwyser	3.5	4	4	-	-
BPAl-vlak vir die bestuurstandaard: korporatiewe bestuur van IKT	-	Nuwe aanwyser	4	4	4	-	-
BPAl-vlak vir die prestasiegebied: verskaffingsketting-bestuur <sup>5</sup>	BPAl: 3 KBOV: 3	BPAl: vlak 4 KBOV: 3	4	3	4	1	VKB het die vorige jaar se verbeterings in stelselprosesse gekonsolideer en gehandhaaf, en het daarin geslaag om die hoë bestuursgradering (4) te handhaaf wat vir 2015-16 behaal is.
BPAl-vlak vir die prestasiegebied: finansiële bestuur <sup>6</sup>	BPAl: 3 KBOV: 3+	BPAl: 3.8 KBOV: 3+	4	4	4	-	-

### Programprestasies

- BPAl-resultate is op vlak 4 gehandhaaf ten opsigte van die Strategiese Plan, Jaarlikse Prestasieplan, IKT, finansiële bestuur en VKB-standaarde.
- Die DMO het 'n vakaturekoers van 2,5% bereik gegrond op befondsde, gevulde poste (met uitsluiting van internskappe) wat onder die DSDA se teiken van 10% is.
- Die volgende evaluerings- en navorsingsverslae is voltooi:
  - 'n Ontleding van maatskaplike en demografiese tendense in die Wes-Kaap;
  - 'n Evaluering van die ondersoekproses in verband met bewerings van kindermishandeling in die Wes-Kaap en in verband met die veiligheidsouerprogram;
  - 'n Evaluering van die herleidingsprogram vir kinderoortreders – fase 1;

<sup>5</sup> Prestasiepeil vir al vier standaarde vir die Bestuursprestasie-assesseringsinstrument (BPAl) moet vir hierdie prestasiegebied verkry word soos uiteengesit in die Handleiding vir Aanwyserbeskrywings (HAB).

<sup>6</sup> Prestasiepeil vir al vyf BPAl-standaarde moet vir hierdie prestasiegebied verkry word soos uiteengesit in die HAB.

- 'n Evaluering van psigososiale dienste vir slagoffers van seksuele misdrywe by Thuthuzela-sorgsentrus in die Wes-Kaap;
- Skattings oor vrugbaarheid en 'n evaluering van die Weskus-distriksmunisipaliteit en sy plaaslike munisipaliteite se Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's);
- Kartering van dienste vir kinderbeskerming.

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Geen.

### Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

### Prestasie gekoppel aan begrotings

Die program het 100% van sy begroting van R185,987 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee in vergelyking met 100% wat in die 2015/16-boekjaar bestee is.

**Tabel D: Besteding aan subprogram**

Naam van subprogram	2016/17			2015/16		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) / Onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) / Onderbesteding
Administrasie	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Kantoor van die LUR	6 418	6 418	-	5 864	5 864	-
Korporatiewe bestuursdienste	122 274	122 274	-	114 989	114 989	-
Distriksbestuur	57 295	57 295	-	53 420	53 420	-
<b>Totaal</b>	<b>185 987</b>	<b>185 987</b>	<b>-</b>	<b>174 273</b>	<b>174 273</b>	<b>-</b>

## 4.2 PROGRAM 2: MAATSKAPLIKEWELSYNSDIENSTE

### Doel

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelnsdienste aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

### Subprogramme

Subprogram 2.1:	Bestuur en ondersteuning
Subprogram 2.2:	Dienste aan ouer persone
Subprogram 2.3:	Dienste aan mense met gestremdhede
Subprogram 2.4:	MIV en Vigs
Subprogram 2.5:	Maatskaplike noodleniging

### Strategiese doelstellings

- 2.2 Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van gehalte vir arm en kwesbare ouer persone.
- 2.3 Die verskaffing van geïntegreerde programme en dienste aan mense met gestremdhede en hul gesinne/versorgers.
- 2.4 'n Beleidsbesluit is geneem dat MIV/Vigs-intervensies en die begroting daarvoor by die program vir kindersorg en -beskerming geïntegreer sal word.
- 2.5 Om toegang tot onmiddellike en tydelike maatskaplikenuoodlenigingsdienste te fasiliteer vir diegene wat deur rampe en uitermatige ontberings geraak word.

## AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELSTELLINGS

<b>SUBPROGRAM 2.2 DIENSTE AAN OUER PERSONE</b>							
<b>Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van gehalte vir arm en kwesbare ouer persone</b>							
<b>Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
Getal kwesbare ouer persone wat toegang tot maatskaplike-ontwikkelings-dienste van gehalte in die provinsie verkry	32 292 <sup>7</sup>	22 625	22 845	24 931	24 471	-460	Die onderprestasie is weens die residensiëlesorg- en leefhulp- en selfsorgfasiliteite wat dit nie kon bekostig om vakatures te vul nie omdat die staatspensioene en -subsidies laer is as werklike koste.

## PRESTASIE-AANWYSERS

<b>SUBPROGRAM 2.2 DIENSTE AAN OUER PERSONE</b>							
<b>Prestasie-aanwysers</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Beplande teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
<b>SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS</b>							
Getal ouer persone wat toegang tot befondsde residensiële fasiliteite verkry	9 606	8 988	8 419	9 000	8 693	-307	Onderprestasie is as gevolg van vakatures weens sterftes en verklaarde leë bedspasie. Die fasiliteite kon nie bekostig om vakatures te vul nie omdat die subsidies laer is as werklike koste.
Getal ouer persone wat toegang tot gemeenskaps-gebaseerde versorgings- en ondersteunings-dienste verkry	13 303	13 302	13 805	15 000	15 121	121	Wewingsveldtogte gedurende die laaste jaar het verhoogde ledetal tot gevolg gehad en derhalwe oorprestasie
<b>PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS</b>							

<sup>7</sup> Hierdie syfer sluit dienste in aan mishandelde persone, kliënte wat ondersteuningsgroepe vir demensie bywoon en kliënte wat as aktiewe ouer persone dienste ontvang.

<b>SUBPROGRAM 2.2 DIENSTE AAN OUER PERSONE</b>							
<b>Prestasie-aanwysers</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Bepaalde teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
Getal ouer persone wat toegang verkry tot leefhulp- en selfsorgfasiliteite wat deur die DMO befonds word	391	335	621	931	656	-275	Die fasiliteite kon nie bekostig om vakatures te vul nie omdat die subsidies laer is as werklike koste.

### **Programprestasies:**

- Die registrasie van gemeenskapsgebaseerde versorgings- en ondersteuningsdienste (dienssentrums) is geïmplementeer met die doel om die standaard van dienste aan ouer persone te verbeter.
- Aansienlike vordering is gemaak met nakoming ten opsigte van verslagdoening van befondsde OSW's wat groter aanspreeklikheid deur diensverskaffers weerspieël.
- Kapasiteitsbou rakende norme en standaarde en 'n verbeterde moniterings- en verslagdoeningsproses het gelei tot verbeterde nakoming deur OSW's.

### **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

- Bykomende fondse vir verswakte sorg is vanaf PT versoek – dit is vir die 2017/18-boekjaar ontvang.
- Versoek bykomende fondse vir die 2018/19-boekjaar om leefhulp- en selfsorgfasiliteite te verbeter.

## AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELSTELLINGS

<b>SUBPROGRAM 2.3 DIENSTE AAN MENSE MET GESTREMDHEDE</b>							
<b>Verkaffing van geïntegreerde programme en dienste aan mense met gestremdhede en hul gesinne/versorgers</b>							
<b>Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Bepalende teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van bepalende teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
Getal mense met gestremdhede en hul gesinne/versorgers wat toegang tot ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste verkry	58 830	59 870	85 475	79 261	97 977	18 716	Oorprestasie weens 'n hoë aanvraag na gespesialiseerde ondersteuningsdienste.

## PRESTASIE-AANWYSERS

<b>SUBPROGRAM 2.3 DIENSTE AAN MENSE MET GESTREMDHEDE</b>							
<b>Prestasie-aanwysers</b>	<b>Werklike prestasie 2013/14</b>	<b>Werklike prestasie 2014/15</b>	<b>Werklike prestasie 2015/16</b>	<b>Bepalende teiken 2016/17</b>	<b>Werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Afwyking van bepalende teiken teenoor werklike prestasie 2016/17</b>	<b>Kommentaar oor afwykings</b>
Getal jeugdige wat aan vaardigheids-ontwikkelings-programme deelneem <sup>12</sup>	11 759	11 540	12 140	11 000	22 197	11 197	Die goeie prestasie was weens spesiale uitreikprogramme wat tydens die oorsigjaar geïmplementeer is.
<b>PROVINSIALE PRESTASIE-AANWYSERS</b>							
Getal jeugdige wat aan werksgeleenthede en ander vaardigheids-ontwikkelings-geleenthede vanuit eie dienste gekoppel is	4 440	3 270	4 645	3 210	5 603	2 393	Oorprestasie hou verband met spesiale streeksprojekte en gestruktureerde jeugontwikkelingsuitreikprogramme wat geïmplementeer is.
Getal operasionele Jeugkafees	-	Nuwe aanwyser	5	6	6	-	-

### Programprestasies

- Die konsep-SBP vir Jeugkafees sowel as norme en standaarde vir jeugontwikkelingsdienste is voltooi.

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Geen.

<sup>12</sup> In 2015/16 het hierdie aanwyser "Getal jeugdige wat aan DMO-befondsde vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem" in aanmerking geneem.

## Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

<b>SUBPROGRAM 5.7 VROUE-ONTWIKKELING</b>							
Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur..							

## AANWYSERS VIR STRATEGIESE DOELSTELLINGS

<b>SUBPROGRAM 5.8 BEVORDERING VAN BEVOLKINGSBELEID</b>							
Om bevolkingsnavorsing, bevolkingsvoorspraak en bevolkingskapasiteitsbou ten opsigte van demografie-dinamiek en bevolkingstendense te fasiliteer, uit te voer en te bestuur, en om die implementering van beleid in die provinsie te monitor en te evalueer.							
Prestasie-aanwysers vir strategiese doelstelling	Werklike prestasie 2013/14	Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17	Kommentaar oor afwykings
Getal beleidsnavorsingsprojekte en demografiese profiele voltooi	61	8	7	8	8	-	-

## RESTASIE-AANWYSERS

<b>SUBPROGRAM 5.8 BEVORDERING VAN BEVOLKINGSBELEID</b>							
Prestasie-aanwysers		Werklike prestasie 2014/15	Werklike prestasie 2015/16	Beplande teiken 2016/17	Werklike prestasie 2016/17	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2016/17	Kommentaar oor afwykings
<b>SEKTORPRESTASIE-AANWYSERS</b>							
Getal navorsingsprojekte voltooi	Nuwe aanwyser	2	1	2	2	-	-
Getal demografiese profiele voltooi		61	6	6	6	-	-

## **Programprestasies**

- Die Bevolkingseenheid het op die kartering van gebiede gefokus waar OSW's werksaam is wat kindersorg-en-beskermingsdienste in die Wes-Kaap aanbied. Dit is gedoen om gapings/oorvleuelings in dienslewering in elk van die DMO se DLG's te identifiseer.
- Skattings van die vrugbaarheidskoerse in die Wes-Kaap op subprovinsiale vlak met gebruik van sensusstatistiek, data oor lewende geboortes in Suid-Afrika, gesondheids- en ander vrugbaarheidsverwante databronne wat in die provinsie beskikbaar is, is op streeks- en munisipale vlak saamgestel om die provinsiale en munisipale strategiese beplanning te ontwikkel.

## **Strategie om areas van onderprestasie te oorkom**

Geen.

## **Veranderinge aan beplande teikens**

Geen.

## **Koppel prestasie aan begrotings**

Die program het 99,4% van sy begroting van R50,092 miljoen vir die 2016/17-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R321,000 hou verband met onderbesteding aan VvW omdat geskikte kandidate nie via die werwingsproses gevind kon word nie, sowel as weens interne bevorderings en personeel wat diens verlaat het. In die 2015/16-boekjaar het die program 100% van sy begroting van R77,873 miljoen bestee.

**Tabel F: Besteding aan subprogram**

Naam van subprogram	2016/17			2015/16		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) / Onderbesteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-) / Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Bestuur en ondersteuning	6 257	6 257	-	5 331	5 331	-
Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	768	768	-	941	941	-
Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	25 085	24 764	321	56 783	56 783	-
Jeugontwikkeling	15 520	15 520	-	12 010	12 010	-
Bevordering van bevolkingsbeleid	2 462	2 462	-	2 808	2 808	-
<b>Totaal</b>	<b>50 092</b>	<b>49 771</b>	<b>321</b>	<b>77 873</b>	<b>77 873</b>	<b>-</b>

## 5. OORDRAGBETALINGS

### 5.1 Oordragbetalings aan staatsentiteite

Nie van toepassing nie

### 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsentiteite

Verwys asseblief na die webwerf.

#### **Die Departement monitor die oordragbetalingsproses op die volgende maniere:**

- Elke program het 'n moniteringsplan vir elke OSW wat daardeur befonds word, wat terreinbesoeke insluit;
- Nakoming word gemonitor ingevolge die OBO wat al die teikens en befondsingsvoorwaardes bevat;
- Befondsingsvergaderings is ingestel as 'n bykomende instrument om programme se OBO's te monitor; en
- Die prosesse om prestasie-inligting te bestuur (insluitend verslagdoeningsvorme, SBP's en 'n handleiding vir aanwyserbeskrywings), is hersien om te verseker dat die data wat versamel word, betroubaar en geldig is en dat die datastelle volledig is.

Die groot uitdaging en probleem wat met die oordragbetalingsproses ervaar is, is dat die Departement fondse voorheen kwartaalliks aan OSW's oorgedra het. In opdrag van die Provinsiale Tesourie moes betalings vanaf September 2016 maandeliks verwerk word om kontantvloei meer akkuraat te beraam. Die verwerking van maandelikse betalings aan meer as 2 000 OSW's het 'n geweldige administratiewe las vir die Departement veroorsaak en dit het daartoe gelei dat sommige OSW's betalings nie betyds ontvang het nie.

Met behulp van die ontwikkeling en implementering van die OSW-bestuurstelsel sal die Departement hierdie kwessies die hoof kan bied.

## 6. VOORWAARDELIKE TOEKENNINGS

### 6.1 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal

Geen om te rapporteer nie.

### 6.2 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang

'n Bedrag van R9,9 miljoen is vir die 2016/17-boekjaar aan die Departement toegewys. Die toewysing is vir die skep van UOWP-werksgeleenthede binne bestaande en nuwe programme.

#### Die totale bedrag van werklike besteding van alle toewysings

100% van toekennings wat ontvang is, is gedurende die 2016/17-boekjaar bestee.

#### Bevestiging dat alle oordragte in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinsiale Tesourie gedeponeer is

Ontvangste ten bedrae van R9,9 miljoen is vanaf die Nasionale Departement van Openbare Werke ontvang.

#### Voorwaardelike toekenning: UOWP

<b>Departement wat die toekenning oorgedra het</b>	Nasionale Departement van Openbare Werke
<b>Doel van die toekenning</b>	Om sinvolle werksgeleenthede vir werklose jeugdige te skep
<b>Verwagte uitsette van die toekenning</b>	426 voltydse ekwivalente geskep
<b>Werklike uitsette behaal</b>	180 werksgeleenthede is in die VKO-sektor geskep. 101 werksgeleenthede is in die gestremdheidsektor geskep. 90 werksgeleenthede is vir vroue geskep. 55 werksgeleenthede is in die jeugsektor geskep.
<b>Bedrag volgens gewysigde DORA</b>	NVT
<b>Bedrag ontvang (R'000)</b>	R9,9 miljoen
<b>Redes indien bedrag soos volgens DORA nie ontvang is nie</b>	Die volle bedrag is ontvang
<b>Bedrag deur die Departement bestee (R'000)</b>	R9,9 miljoen
<b>Redes vir onbestede fondse deur die entiteit</b>	NVT
<b>Redes vir afwykings van prestasie</b>	NVT
<b>Maatreëls geneem om prestasie te verbeter</b>	NVT
<b>Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement</b>	Ondertekende in-jaarmoniteringsverslae en besteding is aan die PT en Nasionale Departement van Openbare Werke voorgelê. Lynmonitering/terreinevaluerings is uitgevoer.



## 7. SKENKERFONDSE

Geen om te rapporteer nie.

## 8. KAPITAALBELEGGING

### 8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

#### Vordering gemaak met die implementering van kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Die Departement se kapitaalbeleggings bestaan hoofsaaklik uit roerende bates ten opsigte van rekenaartoerusting, meubels, motorvoertuie en ander toerusting. Die bateregister word onmiddellik bygewerk met verkrygings, vervreemdings en enige ander beweging van bates. Inligtingstegnologiebates sluit in 'n driejaarwaarborg in geval 'n bate onklaar raak.

#### Infrastruktuurprojekte (huidig en aan die gang)

Projekte wat gedurende hierdie boekjaar voltooi is, sluit in die Langa DLG, Beaufort-Wes DLG en die 8ste verdieping van Union House (hoofkantoor). Die 4de en 6de verdiepings van Union House is in die finale stadium van voltooiing.

Die volgende projekte is tans aan die gang:

- Union House se 2de, 5de en 10de verdiepings is in die konstruksiefase.
- Mosselbaai DLG – beplanningsfase is voltooi en die tenderproses sal in die volgende boekjaar begin.
- George DLG (York Park) – beplanningsfase is voltooi en die tenderproses sal volg.

#### Planne om enige huidige fasiliteite te sluit of af te gradeer

Tenderten KJSS is gedurende die oorsigtydperk gesluit.

#### Vordering gemaak met die instandhouding van infrastruktuur

Instandhoudings- en infrastruktuurkweessies is deur die DVOW hanteer.

#### Ontwikkelings in verband met bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die Departement se lopende besteding sal hê

Geen.

#### Veranderinge ten opsigte van batebesit

- Die totale kapitale bates van die Departement het op 31 Maart 2017 (berekende teen kosprys) R106 206 276,30 beloop. Die jaarlikse voorraadopname is op 31 Maart 2017 voltooi met uitsondering van Metro-Noord en die Sivuyile-sentrum, wat voor die voorlegging van die jaarverslag afgehandel is. Khayelitsha DLG1 kon nie geverifieer word nie omdat toegang tot die terrein beperk is weens opknappingswerk. Alle batebesonderhede is in die bateregister vasgelê en is akkuraat, betroubaar en korrek geklassifiseer en van rekenskap gegee. Alle verouderde, onbruikbare en beskadigde bates is gereeld en op 'n deursigtige wyse vervreem.
- In totaal is daar gedurende die 2016/17-boekjaar 103 bates vervreem.
- In totaal is daar gedurende die 2016/17-boekjaar 0 bates afgeskryf.

**Tabel G: Die uiteensetting van die vernaamste (kapitale) batebesit is as volg:**

Stoorplek	Kosprys
Hoofkantoor	R13 125 680,66
Metro-Suid	R5 657 456,49
Metro-Oos	R4 771 035,56
Metro-Noord	R4 613 676,29
Eden-Karoo	R3 721 098,51
Kaapse Wynlande	R4 475 047,40
Weskus	R2 943 607,30
Fasiliteite	R10 627 536,11
Departementele voertuie (SMV-voertuie)	R55 909 177,00
<b>TOTAAL</b>	<b>R105 844 315,32</b>

#### **Bates gedurende die 2016/17-boekjaar vervreem**

Die totale waarde van bates wat in die 2016/17-boekjaar vervreem is, beloop R3 408 401,72. Die batevervreemding hou verband met 16 staatsvoertuie, wat deur Staatsmotorvervoer vervang is en 86 ander kapitaalbate wat tydens die normale verloop van sake vervreem is.

#### **Maatreëls wat geneem is om te verseker dat die Departement se bateregister bygehou word**

Bates word op die datum van ontvangs aangeteken, en hierbenewens word maandelikse rekonsiliasies ook ten opsigte van batebesteding en die bateregister uitgevoer. Daar word ook van kostesentrums verwag om maandelikse steekproewe op die bates onder hulle bestuur uit te voer en om enige veranderinge te rapporteer wat in die proses geïdentifiseer word, aangesien dit oombliklike bywerking van die bateregister tot gevolg het. Die jaarlikse bateverifiëring word voorts onderneem om te verseker dat die bateregister volledig en akkuraat is.

#### **Die huidige stand van die Departement se kapitaalbate**

20% van bates is in 'n goeie (bruikbare) toestand, 75% van bates is in 'n billike (bruikbare) toestand en die oorblywende 5% van bates is in 'n swak toestand.

#### **Groot instandhoudingsprojekte wat onderneem is**

Geen.

#### **Vordering wat gemaak is om werk te maak van die instandhoudingsagterstand**

Die impak is minimaal vanwee die gebrek aan fondse wat deur die DVOW ervaar word.

**Tabel I: Infrastruktuurprojekte**

Infrastruktuurprojekte	Finale begroting R'000	2016/17 Werklike besteding R'000	(Oor-)/ Onder- besteding R'000	Finale begroting R'000	2015/16 Werklike besteding R'000	(Oor-)/ Onder- besteding R'000
Nuwe en vervangingsbates	-	-	-	-	-	-
<b>Bestaande infrastruktuur</b>						
- Opgraderings en aanbousels	-	-	-	-	-	-
- Rehabilitasie, verbouings en opknappingswerk	-	-	-	-	-	-
- Union House – 4de, 6de en 8ste verdieping	12 923 000	16 901 000	(3 978 000)	10 000 000	3 296 000	6 704 000
- Union House – 2de, 5de en 10de verdieping	5 200 000	4 255 000	945 000	1 500 000	402 000	1 098 000
- Langa	13 095 000	11 912 000	1 183 000	2 504 000	967 000	1 537 000
- Dan de Villiers	14 131 000	13 471 000	660 000	3 930 000	839 000	3 091 000
- Goulburn-sentrum	3 608 000	0	3 608 000	3 600 000	2 698 000	902 000
- Instandhouding en herstelwerk		4 649 056				
<b>Infrastruktuur-oordrag</b>						
- Lopend	-	-	-	-	-	-
- Kapitaal	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>48 957 000</b>	<b>51 188 056</b>	<b>2 418 000</b>	<b>21 534 000</b>	<b>8 202 000</b>	<b>13 332 000</b>

## DEEL C: STAATSBESTUUR

# DEEL C: STAATSBESTUUR

## 1. INLEIDING

Die Departement se verbintenis daartoe om die hoogste standaard van staatsbestuur te handhaaf, vorm die basis van die bestuur van openbare fondse en hulpbronne. Gebruikers wil die versekering hê dat die Departement goeie staatsbestuurstrukture in plek het vir die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese benutting van staatshulpbronne wat deur die belastingbetaler befonds word.

## 2. RISIKOBESTUUR

Die Departement se Rekenpligtige Beampte (RB) neem verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) ingevolge die Nasionale Tesourie se Openbaresektor-risikobestuursraamwerk, en die Direkoraat: Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier (DvdP) lewer 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die Departement.

In ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se Openbaresektor-risikobestuursraamwerk en om risikobestuur verder in die Departement te vestig, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) 'n ORB-beleidsverklaring aanvaar wat die WRK se oorkoepelende oogmerk met ORB uiteensit. Die Departement het 'n ORB-beleid, ORB-strategie en -implementeringsplan vir die tydperk 2016/17 – 2017/18 aanvaar, wat op 15 April 2016 deur die RB goedgekeur is. Die ORB-implementeringsplan het uitvoering gegee aan die departementele ORB-beleid en -strategie, en sit die rolle en verantwoordelikhede van bestuur en personeel uiteen in soverre risikobestuur in die Departement aanbetref.

Die Departement het beduidende risiko's wat 'n uitwerking op die bereiking van sy doelwitte kan hê, beide op strategiese en programvlak, op 'n kwartaallikse basis geëvalueer. Risiko's is geprioritiseer op grond van die waarskynlikheid en impak (inherent en nawerkend) daarvan en daar is op bykomende mitigasie-strategieë ooreengekom ten einde risiko's tot aanvaarbare vlakke te verlaag. Nuwe en/of ontwikkelende risiko's is tydens die kwartaallikse hersieningsproses geïdentifiseer.

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBK) saamgestel om die RB by te staan in die uitvoering van sy verantwoordelikhede ten opsigte van risikobestuur. Die komitee was werksaam kragtens 'n opdrag wat deur die RB op 4 April 2016 goedgekeur is. Die ORBK het die doeltreffendheid geëvalueer van die mitigasie-strategieë wat geïmplementeer is om die Departement se risiko's die hoof te bied en het, waar van toepassing, verdere optrede aanbeveel.

Die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee monitor verder ook die risikobestuursproses onafhanklik as deel van sy kwartaallikse hersiening van die Departement.

### 3. BEDROG EN KORRUPSIE

Bedrog en korrupsie hou beduidende moontlike risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die WKR het 'n Teenkorrupsiestrategie aanvaar wat die provinsie se standpunt van geen verdraagsaamheid teen bedrog en korrupsie bevestig. In lyn met hierdie strategie is die Departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte of bedrieglike aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg enige partye daadwerklik, in terme van alle beskikbare regsmittele, wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen.

Die Departement het 'n goedgekeurde bedrogvoorkomingsplan en 'n bedrogvoorkomingsimplementeringsplan. Daar is verskillende kanale vir die aanmelding van beweerde bedrog en korrupsie, wat breedvoerig beskryf word in die provinsiale Teenkorrupsiestrategie en die departementele bedrogvoorkomingsplan. Elke bewering wat deur die eenheid vir Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallestuurstelsel aangeteken, wat gebruik word as 'n bestuurshulpmiddel om verslag te doen oor vordering met gevalle wat verband hou met die Departement en om statistiek vir die Provinsie en Departement te genereer.

Werknemers wat die fluitjie blaas rakende beweerde bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (dit wil sê voldoen aan statutêre vereistes, byvoorbeeld in goeie trou). In hierdie verband is 'n transversale Beleid oor Openbaarmaking op 24 Februarie 2016 aanvaar ten einde riglyne neer te lê vir werknemers wat oor redelike gronde beskik dat 'n misdryf begaan is of dat daar onbehoorlik opgetree is sodat hulle hul klagtes onder die aandag van die tersaaklike lynbestuurders, spesifieke aangewese personeel binne die WKR, of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Wanneer bedrog of korrupsie bevestig word ná voltooiing van 'n ondersoek, word die betrokke werknemer wat aan dié dade deelgeneem het aan 'n tugverhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger verwag wat die tugverhoor geïnisieer het, om die afdanking van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig gemaak.

Vir die oorsigjaar het die PFD die volgende ten opsigte van vordering met gevalle gesertifiseer:

Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2016	1
Nuwe gevalle (2016/17)	4
Afgehandelde gevalle (2016/17)	(4)
Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2017	1

Die volgende tabel ontleed verder die afgehandelde gevalle waarna hierbo verwys word:

Uitkoms van afgehandelde gevalle	
Uitkoms	Getal
Bewerings gestaaf	1
Slegs voorlopige ondersoek sonder enige ongunstige bevindings	3

## 4. VERMINDERING VAN BOTSSENDE BELANGE

'n Hoë standaard van beroepsetiek moet in die staatsdiens bevorder en gehandhaaf word. Met hierdie doel voor oë word daar van alle lede van die SBD verwag om ingevolge hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies die besonderhede van al hul registreerbare belange aan die uitvoerende gesag te openbaar. Hoofstuk 2 het ten doel om enige botsing van belange te identifiseer ten einde billike en regverdig administratiewe optrede deur beampptes in senior poste te bevorder en sodoende die staatsdiens teen optrede te beskerm wat nadelig vir sy funksionering kan wees. Sodanige openbaarmakings vind jaarliks plaas. Indien enige botsing van belange na vore sou kom, sal dit ooreenkomstig die Staatsdiensregulasies van 2016 en verwante voorskrifte hanteer word.

Ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet (soos gewysig) kan werknemers ander besoldigde werk buite hul werk in die betrokke staatsdiensdepartement verrig mits hulle geskrewe toestemming van die uitvoerende gesag het. Verder verklaar regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, dat "'n werknemer nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is". Werknemers wat nie die nodige goedkeuring verkry het om ander besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig nie, sal aan dissiplinêre optrede onderwerp word.

Tesame met die bekendstelling van die nuwe Staatsdiensregulasies, 2016, bylaag 1 (oorgangsmatreëls) gelees met artikel 30 van die Staatsdienswet word groter klem geplaas op werknemers wat sake met 'n staatsinstelling doen. Oorgangsmatreëls kragtens bylaag 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016, vereis spesifiek die volgende:

- (1) Alle goedkeurings en erkende goedkeurings wat aan werknemers toegestaan is ingevolge artikel 30 van die Wet voor die inwerkingtreding van die bepaling soos beoog in regulasie 24 sal verstryk met ingang van ses maande ná die aanvang daarvan.
- (2) 'n Werknemer, wat ten tyde van die inwerkingstelling van hierdie regulasies, sake doen met 'n staatsinstelling of 'n direkteur van 'n maatskappy is wat sake met 'n staatsinstelling doen, behalwe vir 'n werknemer wat in haar/sy amptelike hoedanigheid 'n direkteur van 'n maatskappy is wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is, moet –
  - (a) binne een maand openbaarmaak dat die werknemer sake doen met 'n staatsinstelling of 'n direkteur van 'n maatskappy is wat sake met 'n staatsinstelling doen;
  - (b) binne ses maande:
    - (i) sake met 'n staatsinstelling staak of as 'n werknemer bedank;
    - (ii) as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling bedank of as 'n werknemer bedank;
  - (c) indien die werknemer nie binne die periode van ses maande bedank nie, moet die werknemer bewys dat die werknemer sake gestaak het of as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling bedank het binne 'n maand vanaf die datum van staking of bedanking.

Geïdentifiseerde gevalle van werknemers wat op die Sentrale Verskaffersdatabasis verskyn, word met die betrokke werknemers opgeneem en hulle word versoek om hul besluit soos beoog in die oorgangsmatreëls hierbo uit te oefen en om die Departement van die nodige dokumentêre getuienis rakende hul besluit te voorsien.

Werknemers wat ander besoldigde werk buite die staatsdiens wil verrig, moet ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet aansoek doen en die regulatoriese raamwerk gebruik wat deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSDA) daargestel is, wat 'n gewysigde aansoekvorm insluit, wat by die bepaalde etiekbeampte ingedien moet word om 'n rede(s) te steun en/of aan te dui wanneer die aansoek nie gesteun word nie, voor goedkeuring deur

die uitvoerende gesag of gedelegerde gesag toegestaan sal word. Met goedkeuring reik die uitvoerende gesag of gedelegerde gesag dan 'n Sertifikaat: Goedkeuring van Ander Besoldigde Werk uit, wat die aansoeker in kennis stel dat goedkeuring toegestaan is. Die sertifikaat sit duidelik uiteen watter ander besoldigde werk buite die staatsdiens deur die persoon verrig kan word, insluitend die tydperk. Die sertifikaat spesifiseer dat indien daar gevind word dat daar nienakoming van staatsvoorskrifte is wat ander besoldigde werk reguleer, insluitend om nie sake met 'n staatsinstelling te doen nie, toestemming onttrek sal word en dissiplinêre stappe, in lyn met die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens, ingestel sal word. Daar word ook genoem dat indien 'n persoon wil voortgaan met ander besoldigde werk ná die verstryking van die goedgekeurde datum, 'n verdere aansoek ingedien moet word.

Alle aansoeke moet skriftelik ingedien word en moet, onder andere, die aard en omvang aandui van die besoldigde werk wat verrig gaan word, insluitende die werkstye/ure en hoe dit met die normale pligte wat deur die werknemer in die staatsdiens verrig word, verband hou (moontlike botsing van belange of redes tot kommer). Sulke aansoeke is dan onderhewig aan hersiening. Werknemers moet jaarliks aansoek doen voor die verstryking van die tydperk soos goedgekeur deur die uitvoerende gesag of gedelegerde gesag. Kwartaallikse nuusflitse wat die prosedure rakende besoldigde werk buite die staatsdiens uiteensit, word aan interne personeel versprei om hulle begrip en nakoming van die regulatoriese raamwerk te verbeter.

Voorts is etiekbeamptes deur die uitvoerende gesag aangestel om nakoming ten opsigte van openbaarmakings te monitor. Om botsende belange in VKB-prosesse te verminder, is VKB-praktisyns en tenderkomitee lede attent gemaak op hul etiese verpligtinge, onder meer deur gedragskodes te onderteken. Wanneer enige tender of aanbod oorweeg, aanvaar of toegewys word, moet alle lede hulle belange verklaar deur 'n vorm te voltooi en te onderteken waar hulle bevestig dat hulle as lede van die komitee nie doelbewus enigeen in die besluitnemingsproses sal bevoordeel nie.

Om nakoming van die Staatsdienswet (soos gewysig) en die Staatsdiensregulasies, 2016, te verseker, word 'n transversale geskenkebeleid en die Departement se Geskenke- en Donasie-register en geskrewe verklarings toegepas. Die Navorsingsetiekkomitee wat in 2009 op die been gebring is, verseker ook die bevordering van navorsing in die Departement wat op etiese beginsels gegrond is. Die ontwikkeling van 'n navorsingsetiekbeleid lei tot die voorsiening van etiese riglyne om navorsing te onderneem.

## **5. GEDRAGSKODE**

Die Gedragskode vir die Staatsdiens, soos ingesluit in hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies is die "aanvaarde" kode. Die Gedragskode: skryf norme en standaarde voor ter bevordering van integriteit, en doeltreffende en doelmatige dienslewering aan die publiek; is 'n stel standaarde wat die gedrag beskryf wat ons van ons werknemers verwag; lei werknemers in wat eties van hulle verwag word, beide in hul individuele optrede en hul verhoudings met ander; en daar word van alle werknemers verwag om die gedragskode na te kom.

Bewusmaking rakende die Gedragskode is bevorder via induksie-opleiding vir nuwe werknemers, ten opsigte van internskappe, asook vir personeellede en dit is by wyse van nuusflitse aan alle personeellede verder beklemtoon. Die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag af te weer en te korrigeer.



## **6. GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES**

### **Beroepsgesondheid en -veiligheid:**

Gedurende die 2016/17-boekjaar het die departementele Beroepsgesondheid- en -Veiligheidskomitee (DBGVK), wat uit lede van die Departement se hoofkantoor, streke, plaaslike kantore en fasiliteite saamgestel is, alle beplande kwartaallike vergaderings gehou. Ten einde kommunikasie te vergemaklik en 'n interne protokol vir die rapportering van insidente te ontwikkel, het die Departement 'n omsendbrief uitgereik waarin voorgeskrewe verslagdoeningsprosedures vir die voorkoms van veiligheid- en sekuriteitsverwante insidente vervat is.

Ten einde die kapasiteit van aangewese beamptes deurlopend te ontwikkel en op te bou, is opleiding vir noodhulp-, vloer- en brandbeamptes aangebied. Sestig beamptes het by hierdie intervensies gebaat.

Drie van die Departement se plaaslike kantore is deur die Departement van Arbeid (DvA) vir nakoming ten opsigte van beroepsgesondheid en -veiligheid geïnspekteer. Die foute wat geïdentifiseer is, was weens die swak instandhoudingsdiens wat van die DVOW ontvang is en hierdie kantore is met sluiting gedreig. Onderhandelings met die DvA het tot en met jaareinde geduur. Ondanks hierdie uitdagings moet dit vermeld word dat die Departement baie goed gevaar het tydens die BGV-oudit wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DvGV) gedurende hierdie tydperk uitgevoer is.

### **Sekuriteit**

Die Departement kommunikeer die doel en bereiking van veiligheid en sekuriteit as die individuele en gesamentlike verantwoordelikheid van alle DMO-werknemers. Die departementele Sekuriteitskomitee verskaf 'n toesigfunksie vir die oplossing van probleme in verband met veiligheid en sekuriteit wat moontlik binne die DMO ervaar word.

Die Sekuriteitskomitee is in werking en dit het in Junie 2016 'n sekuriteitsbeoordelingsstatus behaal in 'n evaluering wat deur die Staatsekuriteitsagentskap uitgevoer is. Die aanbevelings vir verbetering wat in die sekuriteitsbeoordeling uitgelig is, word tans geïmplementeer.

Die Sekuriteitskomitee het 'n prestasievlak van 92% behaal in die sekuriteitsoudit wat deur die SAPD in Oktober 2016 uitgevoer is. Aanbevelings vir verbetering wat in die prestasie-oudit uitgelig is, sal deur verbeterde sekuriteitstoetsing tydens die huidige konstruksiewerk by die Union House-hoofkantoor aandag geniet. Die konstruksiewerk by die hoofkantoor het 'n groter risiko vir veiligheid en sekuriteit geskep, maar werknemers word deur gereelde kommunikasie in kennis gestel om ekstra oplettend te wees en hul persoonlike besittings en die bates van die Departement te beskerm.

Weens die konstruksiewerk by die hoofkantoor is die toetsing van die Sakekontinuiteitsplan tydelik tot die derde kwartaal van die volgende boekjaar uitgestel.

'n Proaktiewe verbintenis tot veiligheid en inligtingsekuriteit word deur middel van 'n gevestigde vennootskap met die Departement van Gemeenskapsveiligheid (DvGV) gehandhaaf. Hierdie vennootskap vereis dat die DMO aan die jaarlikse korrektiewe plan wat deur die DvGV uitgevoer word deelneem. Ná die voltooiing van elke sekuriteitsoudit/inligtingsekuriteitsbeoordelingsproses, deur die relevante agentskap, behels dit dat korrektiewe aksieplanne deur die DMO opgestel moet word met bystand van die DvGV. Die korrektiewe aksieplanne rakende veiligheid en sekuriteit dra by tot die verbetering van algehele prestasie deur die DMO.

Die Departement prioritiseer die keuringskontrole van werknemers om sekuriteitsredes en het die Staatsekuriteitsagentskap versoek om die keuringskontroleproses van werknemers binne 'n korter tydperk af te handel om by nakomingsvereistes te hou.

Die Sekuriteitskomiteede het die geakkrediteerde sekuriteitsopleiding wat deur die Reguleringsgesag vir die Privaat Sekuriteitsbedryf (PSIRA) aangebied is, bygewoon en 'n gradering van E – A ontvang.

Die komitee het alle veiligheids- en sekuriteitsverwante beleide vir implementering hersien en goedgekeur.

## 7. PORTEFEULJEKOMITEES

Datum	Kwessie	Departementele respons	Staaende komitee
12 April 2016	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Kinderbeskermingsverslag deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing;</li> <li>● Die Departement se 2013-verslag oor kinders en gesinne;</li> <li>● Die moniterings- en evalueringsverslag vir die laaste drie jaar deur die Departement oor die skep van effektiewe gesinne; en</li> <li>● Die totale befondsings-toewysing vir die skep van effektiewe gesinne en 'n uiteensetting van programme wat deur die Departement befonds word.</li> </ul>	Die inligting wat versoek is, is op 3 Junie 2016 aan die komitee-koördineerder voorgelê.	Gemeenskaps-ontwikkeling
23 Augustus 2016	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Lys van die MGO-sentrums wat nie voedingsondersteuning van die Departement tydens die 2014/15-boekjaar ontvang het nie;</li> <li>● Redes vir die afname in die getal gemeenskapsgebaseerde kinder- en jeugwerkers wat opgelei is om die Isibindi-program aan te bied;</li> <li>● 'n Uiteensettingslys van programme teen middelmisbruik wat in die metropolitaanse gebiede aangebied word teenoor die landelike gebiede;</li> <li>● Getal OSW's in die provinsie wat intervensies teen middelmisbruik en buitepasiënt-rehabilitasieprogramme aanbied; en</li> <li>● Getal kinders wat verhoorafwagting is.</li> </ul>	Die inligting wat versoek is, is op 12 September 2016 aan die komitee-koördineerder voorgelê.	Gemeenskaps-ontwikkeling
21 Oktober 2016	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gemaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement moet bewusmaking bevorder rakende die regte van ouer persone deur middel van opvoedkundige pamflette wat by alle SASSA-uitbetalingsentrums beskikbaar gestel kan word;</li> <li>● Die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling moet saamwerk met die Minister van Menslike Nedersettings en die Minister van Plaaslike Regering om na die toestand van huise en sanitêre uitdagings te kyk wat die ouer persone in die provinsie beïnvloed, met spesifieke verwysing na buitetoilette. Die Minister van Menslike Nedersettings moet die plan van aksie voorsien om hierdie uitdaging die hoof te bied; en</li> <li>● Die Departement moet diepgaande navorsing oor uitdagings rakende maatskaplike ewels in</li> </ul>	Die Departement het kennis geneem van die aanbeveling deur die komitee.	Gemeenskaps-ontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele respons	Staaende komitee
	<p>die provinsie onderneem. Dit sal die Departement help met die toewysing van befondsing aan OSW's op grond van die aanvraag na dienste.</p> <p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit om die Departement in 2017 uit te nooi om die komitee oor die volgende in te lig:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die doeltreffendheid van die programme vir mense met gestremdhede in die provinsie;</li> <li>● Die verskillende bevolkings-projeksiemodelle, met spesifieke verwysing na kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar.</li> <li>● Die instelling van 'n spesiale VKO-program by 100 terreine om Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling te verbeter; en</li> <li>● Die Prestasiebestuurstelsel van die Departement.</li> </ul> <p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die besonderhede van die OSW wat die PHARPHET-projek aanbied;</li> <li>● 'n Verslag oor die navorsingsprojekte wat nie tydens die 2015/2016-boekjaar gefinaliseer is nie;</li> <li>● 'n Gedetailleerde uiteensetting van inligting oor tienermoeders in die provinsie tussen die ouderdom van 14 en 17 jaar, met insluiting van die geografiese gebiede van hierdie tienermoeders;</li> <li>● 'n Uiteensetting volgens streke rakende die agterstand in pleegsorg in die provinsie;</li> <li>● 'n Afskrif van die standaard-prestasiekontrak van maatskaplike werkers; en</li> <li>● 'n Afskrif van die Gemeenskaps-gebaseerde Model vir ouer persone.</li> </ul>	<p>Die Departement het 'n inligtingsessie met die komitee op 31 Januarie 2017 gehou.</p> <p>Die inligting wat versoek is, is op 3 Februarie 2017 aan die komitee-koördineerder voorgelê.</p>	
25 November 2016	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Lys van die OSW's wat nienakomend is, asook die redes vir hul nienakoming. Die lys moet die korrektiewe maatreëls en intervensies bevat wat die Departement aan hierdie OSW's aanbeveel het; en</li> <li>● 'n Lys van befondsde poste wat nie deur die Departement gevul is nie.</li> </ul>	<p>Die inligting wat versoek is, is op 3 Februarie 2017 aan die komitee-koördineerder voorgelê.</p>	Gemeenskaps-ontwikkeling
31 Januarie 2017	<p>Tydens die inligtingsessie het die staande komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gemaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Gestremdheidshulptoonbank moet versterk word deur meer befondsing toe te wys en meer personeel aan te stel; en</li> </ul>	<p>Die Departement het kennis geneem van die aanbeveling deur die komitee.</p>	Gemeenskaps-ontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele respons	Staaende komitee
	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Die Departement moet dit oorweeg om die Dapper Muis in Laingsburg te bekom en as 'n dagsorgsentrum te gebruik.</li> </ul> <p>Tydens die inligtingssessie het die staaende komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Lys van 221 gestremdeheidsfasiliteite wat gedurende die 2016/2017-boekjaar befonds is;</li> <li>● 'n Afskrif van die Wes-Kaapse Hoofstroomstrategie vir Gestremdeheid;</li> <li>● 'n Afskrif van die moniterings- en evalueringsverslag wat by die 10 terreine uitgevoer is, wat vir die VKO-loodsprojek geïdentifiseer is (die verslag moet voorgelê word wanneer dit op Maandag 1 Mei 2017 beskikbaar is);</li> <li>● 'n Uiteensetting van hoe die bykomende begroting van R35 000 000 vir die gestremdeheidsprogramme bestee is;</li> <li>● 'n Lys van toekomstige werksessies vir mense met gestremdhede in die provinsie;</li> <li>● 'n Situasië-ontleding van statistiek vir 2011 teenoor 2016 vir kinders wat spesiale versorgingsentrums bywoon en in residensiële sorgfasiliteite woon;</li> <li>● 'n Gedetailleerde situasië-ontledingsverslag van alle streke in die provinsie; en</li> <li>● 'n Afskrif van die implementeringstrategie vir die Wes-Kaapse beleidsraamwerk vir dienste aan persone met intellektuele gestremdhede.</li> </ul>	<p>Die inligting wat versoek is, is op 10 Maart 2017 aan die komiteë-koördineerder voorgelê.</p>	
13 Maart 2017	<p>Tydens die inligtingssessie het die staaende komitee die volgende aanbevelings aan die Departement gemaak:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die besluit moet hersien word oor die groepering van klein OSW's onder groot OSW's ten einde fondse te verminder wat op administrasie bestee word;</li> <li>● Die Departement van Plaaslike Regering moet betrek word wanneer die Rampbestuursplan saamgestel word;</li> <li>● 'n Volhoubare plan vir Jeugkafes in die provinsie moet ontwikkel word;</li> <li>● Meer inligting oor vroue-ontwikkelingsprogramme in die provinsie moet verskaf word; en</li> <li>● Oorweging moet geskenk word aan die bemagtiging en benutting van OSW's in landelike gebiede om dienste aan hul gemeenskappe te lewer.</li> </ul> <p>Tydens die inligtingssessie het die staaende komitee besluit dat die Departement die volgende dokumente moet verskaf:</p>	<p>Die Departement het kennis geneem van die aanbeveling deur die komitee.</p> <p>Die inligting wat versoek is, is op 7 April 2017 aan die komiteë-</p>	Gemeenskaps-ontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele respons	Stande komitee
	<ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Gedetailleerde verslag oor die 150 VKO's wat deur die Departement in die 2017/18-boekjaar befonds sal word. Die verslag moet 'n uiteensetting bevat van die geografiese verspreiding van hierdie VKO's en die gebiede waar hulle werksaam is;</li> <li>● 'n Gedetailleerde verslag/uiteensetting van die jaarlikse bedryfskoste van die Jeugkafees in die provinsie;</li> <li>● 'n Verslag oor die doeltreffendheid van Jeugkafees in die provinsie;</li> <li>● Die kwartaalverslae vir die monitering en evaluering van OSW's wat dienste aan mense met gestremdhede in die provinsie verskaf;</li> <li>● 'n Gedetailleerde verslag oor die uiteensetting van tuis- en gemeenskapsgebaseerde dienste teen middelmisbruik wat deur die Departement befonds word, en die geografiese gebiede waar hierdie dienste gelewer word; en</li> <li>● Inligting oor gemeenskapsgebaseerde versorgers vir mense met gestremdhede, hul totale getal in die provinsie, hul toewysing in terme van geografiese gebied en die befondsing vir die program.</li> </ul>	<p>koördineerder voorgelê.</p>	

## 8. SKOOR-RESOLUSIES

Geen gedurende hierdie verslagdoeningsperiode nie.

## 9. VORIGE WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE

Aard van kwalifisering, vrywaring, ongunstige mening en aangeleenthede wat met nienakoming verband hou	Boekjaar waarin dit die eerste keer voorkom	Vordering gemaak met die uitwissing/oplossing van die aangeleentheid
<ul style="list-style-type: none"> <li>● <b>Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid</b>   <b>Ouditmening:</b> Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste   <b>Aard van beklemtoning:</b> Voorafbepaalde doelwitte</li> <li>● <b>Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid</b>  Die gerapporteerde prestasie-inligting van Maatskaplikewelsynsdienste is in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betroubaar ooreenkomstig die geïdentifiseerde raamwerk vir prestasiebestuur en -verslagdoening.   <b>Ouditmening:</b> Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 3: Kinders en gesinne.   <b>Aard van beklemtoning:</b> Voorafbepaalde doelwitte</li> <li>● <b>Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid</b>  Die gerapporteerde prestasie-inligting van Program 3: Kinders en gesinne is in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betroubaar ooreenkomstig die geïdentifiseerde raamwerk vir prestasiebestuur en -verslagdoening.   <b>Ouditmening:</b> Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 4: Herstellende dienste.   <b>Aard van beklemtoning:</b> Voorafbepaalde doelwitte</li> <li>● <b>Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid</b>  Die gerapporteerde prestasie-inligting van Program 4: Herstellende dienste is in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betroubaar ooreenkomstig die geïdentifiseerde raamwerk vir prestasiebestuur en -verslagdoening.   <b>Ouditmening:</b> Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting – Program 5: Ontwikkeling en navorsing.   <b>Aard van beklemtoning:</b> Voorafbepaalde doelwitte</li> <li>● <b>Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid</b>  Die gerapporteerde prestasie-inligting van Program 5: Ontwikkeling en navorsing is in alle wesenlike aspekte bruikbaar en betroubaar</li> </ul>	<p style="text-align: center;">2015/16</p>	<p style="text-align: center;">-</p>

Aard van kwalifisering, vrywaring, ongunstige mening en aangeleenthede wat met nienakoming verband hou	Boekjaar waarin dit die eerste keer voorkom	Vordering gemaak met die uitwissing/oplossing van die aangeleentheid
<p>ooreenkomstig die geïdentifiseerde raamwerk vir prestasiebestuur en -verslagdoening.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li> <b>Bereiking van beplande teikens</b>                      Die Ouditeur-Generaal het wesenlike wanvoorstellings geïdentifiseer in die jaarlikse prestasieverslag wat vir ouditering voorgelê is oor die gerapporteerde prestasie-inligting van Program 5: Ontwikkeling en navorsing                 </li> </ul>		<p>Aangesien die bestuur sedertdien die wanvoorstellings reggestel het, het die Ouditeur-Generaal geen wesenlike bevindinge oor die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geopper nie.</p>



## 10. INTERNE BEHEERENHEID

Tydens die oorsigjaar het hierdie eenheid hoofsaaklik gefokus op goeie staatsbestuur, versekeringsdienste en verliesbeheer.

### Goeie staatsbestuur

Die Departement het die volgende funksies ten opsigte van interne beheer verrig:

- Die implementering van 'n ten volle webgebaseerde stelsel of E-GAP-toepassing (Electronic Governance Action Plan) wat verslae oor historiese data en tendense moontlik sal maak, sowel as 'n sentrale inligtingsbiblioteek wat omkeertye sal bespoedig en dit moontlik sal maak om kennis te deel en prosesse te verbeter.
- Monitering van die implementering van interne en eksterne ouditaanbevelings, sowel as dié van die BPAI.
- Koördinerings van die Ondernemingsrisikobestuurskomitee se vergaderings.
- Die Departement erken die volgende belanghebbendes, naamlik die ouditkomitee, interne oudit, PT en die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika in verband met die finalisering van aangeleenthede.
- 'n Spesiale intervensieprogram is in September 2016 en Februarie 2017 met die streekskantore en die fasiliteite uitgevoer oor nuwe verwickelinge in interne beheer.
- Drie finansiesforums is met die streekskantore en fasiliteite gehou.

### Versekeringsdienste

Gedurende die oorsigjaar is die volgende deur die Departement verrig:

- Een finansiële inspeksie by die Metro-Noord-streekskantoor, een by die HUB en fasiliteite.
- Verifiëring van betalings ná verwerking ten einde geldigheid en akkuraatheid te verseker – ouditgereedheid.
- Alle dokumente is ter wille van veilige bewaring geskandeer, sowel as 'n maatreël om misplasing of dubbele betalings te voorkom.

### Verliesbeheer en bedrog

- Die Departement maak gebruik van die ORACLE-verliesbeheerstelsel om verliese weens diefstal, skade, ens., te beheer.
- Die Departement erken die volgende belanghebbendes, naamlik die SAPD, KDS: Regsdienste, SMV en PT in die finalisering van aangeleenthede.
- Gedurende die verslagtydperk is 89 sake (SMV-voertuigongelukke en -skade) gefinaliseer en afgeskryf.

## 11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en deurlopend die werksaamhede van die Departement te verbeter. Dit help die Departement om sy doelwitte te behaal deur middel van 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van staatsbestuur en prosesse vir risikobestuur en -beheer. Die volgende sleutelaktiwiteite word in dié verband uitgevoer:

- Evalueer en maak toepaslike aanbevelings om die staatsbestuursproesse te verbeter om die Departement se doelwitte te behaal;
- Evalueer die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuursproses en dra by tot die verbetering daarvan;
- Staan die Rekenpligtige Beampte by in die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls deur dié maatreëls te evalueer vir hul doeltreffendheid en doelmatigheid, en deur aanbevelings te ontwikkel om hulle te versterk of te verbeter.

Die volgende versekeringsinteraksies is in die interne ouditplan vir 2016/17 goedgekeur:

- Jeugontwikkeling;
- Openbare administrasie en bestuursafvaardigings;
- Kindersorg en -beskerming – Metro-Oos;
- Kliëntediens;
- Kindersorg en -beskerming – Metro-Suid;
- Oordragbetalings;
- Middelmisbruik; en
- Volhoubare lewensbestaan.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam ingestel en voorsien onafhanklike toesig oor die staatsbestuur-, risikobestuur- en beheerproesse in die Departement, wat toesig en verantwoordelikhede insluit met betrekking tot:

- Interne ouditfunksie;
- Eksterne ouditfunksie (OGSA);
- Departementele boekhouding en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- Hersiening van die (OGSA) se bestuurs- en ouditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte; en
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Tersaaklike inligting oor die Ouditkomiteelede word in die tabel hieronder openbaar gemaak:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Ameen Amod	MBA, CIA, CGAP, CRMA; BCOM, CD(SA)	Ekstern	NVT	1 Januarie 2016	NVT	8
Mnr. Mervyn Burton	CA(SA); CFP; B Compt (Hons); B Compt;	Ekstern	NVT	1 Januarie 2015 (2de termyn)	NVT	8
Me. Judy Gunther	CIA; AGA; CRMA; Meestersgraad in Kosterekeningkunde; Bcompt	Ekstern	NVT	1 Januarie 2016 (2de termyn)	NVT	8

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, pos in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Francois Barnard	MComm (Belasting); CA(SA); Nagraadse Diploma in Ouditkunde; CTA BCompt (Hons); BProc	Ekstern	NVT	1 Januarie 2016 (2de termyn)	NVT	8

## 12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Ons lê met genoeë ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2017 voor.

### Ouditkomitee se verantwoordelikhede

Die Ouditkomitee rapporteer dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur artikel 38(1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1.13. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat toepaslike, formele opdragte as die Handves van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie handves geregleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

### Die doeltreffendheid van interne beheer

In lyn met die WOFB en Tesourieregulasies, verskaf Interne Oudit die Ouditkomitee en die bestuur van redelike versekering dat die interne beheer voldoende en doeltreffend is. Dit word verkry deur 'n risikogebaseerde interne ouditplan, met Interne Oudit wat die doeltreffendheid assessee van beheermaatreëls wat die risiko's mitigeer, en die Ouditkomitee wat implementering van korrektiewe aksies monitor.

Die volgende interne ouditwerk is gedurende die oorsigjaar voltooi:

- Jeugontwikkeling
- Openbare administrasie en bestuursafvaardigings
- Kindersorg en -beskerming – Metro-Oos
- Kliëntediens
- Kindersorg en -beskerming – Metro-Suid
- Oordragbetalings
- Middelmisbruik
- Volhoubare lewensbestaan

Die areas vir kommer en verbetering sal deur die Ouditkomitee hanteer word vervolgens die vergadering in die vierde kwartaal en die evaluering van die finansiële state.

### In-jaar-bestuurs- en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Departement het maandeliks en kwartaalliks aan die Tesourie verslag gedoen, soos vereis deur die WOFB.

### Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat in die jaarsverslag ingesluit is, met die ouditeur-generaal Suid- Afrika (OGSA) en die rekenpligtige beampte hersien en bespreek;
- Die OGSA se bestuursverslag en die bestuur se reaksie daarop nagegaan;
- veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyke soos gerapporteer in die finansiële jaarstate hersien;

- veranderinge aan die rekeningkundige beleid en praktyke soos gerapporteer in die finansiële jaarstate hersien; en
- materiaal aanpassings as gevolg van die oudit van die Departement hersien.

### **Nakoming**

Die Ouditkomitee het die prosesse van die Departement hersien in verband met die nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings.

### **Provinsiale Forensiese Dienste**

Die Provinsiale Forensiese Dienste (PFS) het ons statistieke gegee. Die Ouditkomitee moniteer die vordering van die PFS-verslae op 'n kwartaallike grondslag. Daar was geen sake wat onder ons aandag gebring is nie, wat verdere verslagdoening deur die Ouditkomitee vereis het.

### **Prestasie-inligting**

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte hersien soos gerapporteer in die kwartaallike prestasieverlag.

## **Verslag van die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het kwartaalliks die Departement se implementeringsplan in verband met ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien en is tevrede dat die aangeleenthede voldoende opgelos is. Die Ouditkomitee het met die AGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste probleme is wat voortspruit uit die regulerende oudit nie. Korrektiewe aksies oor die gedetailleerde bevindinge wat deur die AGSA geopper word, word op kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer.

Die Ouditkomitee stem saam met die AGSA se mening oor die Finansiële Jaarstate en aanvaar dat hierdie Geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar word en saam met hul verslag gelees word.

Die Ouditkomitee prys die Departement vir die handhawing van 'n ongekwalfiseerde ouditmening sonder wesenslike bevindinge.

### **Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die bestuur van die Departement, die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika en die WKG Korporatiewe Versekeringsafdeling vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het om ons in staat te stel om hierdie verslag op te stel.



---

**Ameen Amod**  
**Voorsitter van die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee**  
**Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**  
**Datum: 11 Augustus 2017**

## **DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR**

## **DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR**

### **1. INLEIDING**

Ons unieke bydrae tot die werk van die WKR word grootliks toegeskryf aan die volgehoue en dikwels onbaatsugtige werk van die mense binne die Departement. Om 'n nuwe weg vir dienslewering te ontwikkel en om die gesamentlike werk van ons span suksesvol te bestuur, bied sy eie uitdagings. Die moderne mensebestuursomgewing het die afgelope paar jaar beduidend verander en vereis komplekse navigasie tussen 'n reeks mededingende veranderlikes.

Behalwe vir die feit dat hierdie veranderlikes interafhanklik is en onderling verband hou, word hulle ook deur streng reëls en regulasies beheer, wat 'n uitdaging kan wees wanneer inisiatiewe rakende personeelbehoud en -aantrekking verken word. Dit sluit in die balansering van diensleweringimperatiewe, die aantrekking en behoud van kritiese en skaars vaardighede, werksmagbemaatting, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n instaatstellingsomgewing waarin werknemers kan floreer. Daar word ook verder van die Departement vereis om binne 'n beperkte finansiële omgewing te funksioneer, wat veroorsaak dat bestuurders die impak daarvan moet oorweeg om meer met minder te doen.

Ondanks dit alles het die voortgesette harde werk van ons mense, te midde van immer uitdagende omstandighede, gelei tot merkwaardige prestasies en die verbetering van dienslewering tydens die oorsigjaar.

#### **Vakaturekoers**

Ten einde deurlopende dienslewering in die staatsdiens ten uitvoer te bring, het die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) 'n strategie in 2011 van stapel gestuur om die vakaturekoers in departemente na 'n nasionale standaard van onder 10% te verminder. Nakoming van die strategie word gemonitor deur die Forum van Suid-Afrikaanse Direkteurs-Generaal (FOSAD) en die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie (DBME) deur middel van die BPAI.

Aan die einde van die 2016/17-boekjaar het die Departement 'n algehele vakaturekoers van 2,5% gehad. Dit is 'n verbetering op die vakaturekoers van 5,4% gedurende die 2015/16-oorsigjaar. In die kategorie vir kritieke beroepe was die vakaturekoers ook onder die norm van 10% teen 3%.

#### **Internskapprogramme**

Die Departement het leergeleenthede vir 20 werklose matrikulante geskep deur middel van die Premier se Bevordering van die Jeug-program (PAY-internskapprogram) en het 13 gegradueerdes van werkservaring voorsien. 'n Verdere 30 jeugdige wat internskappe deurloop, het indiensopleiding as deel van hul kursus ontvang en 15 leerlingmaatskaplikehulpwerkers het indiensopleiding as deel van hul program ontvang. Die 78 jeugdige wat internskappe deurloop, het 3% van die totale werksmag uitgemaak wat tydens die periode vergoed is.

## 2. STAND VAN MENSEBESTUUR IN DIE DEPARTEMENT

### 2.1. Departementele werksmagbeplanningsprioriteite

MH-beplanningsprioriteite	Uitkomstes
<b>Organisatoriese ontwerp</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Verbeterde dienslewering/verbeterde prosesse rakende relevante PSD (ondersoek van organisatoriese ontwerp; eenvormige befondsingsiklusproses)</li> <li>● Implementeringsplan (implementeringsplan van wetgewende mandaat, met spesifieke verwysing na Kinderwet, insluitend personeelkwessies, begroting, ens.)</li> <li>● Meer gunstige verhouding tussen maatskaplike werkers en bevolkingsgetalle</li> </ul>
<b>Personeelwerwing/-voorsiening/-behoud</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Verkorte tydramwerke om geadverteerde poste te vul (werwingsplan)</li> <li>● Verminderde vakaturekoers en meer doeltreffende werwings- en keuringsproses (werwingsplan)</li> <li>● Vermindering van die omkeertyd om poste te vul (elektroniese werwingstelsel)</li> <li>● Verbeterde personeelstabiliteit/verminderde arbeidsomset (verminder die getal kontrakwerkers wat vir permanente poste aangestel word)</li> <li>● Gedeelde waardes en kultuurbelyning wat tot personeelbehoud bydra (implementeer en ontplooi die "On-Boarding" program om nuwe werknemers suksesvol te integreer)</li> </ul>
<b>Loopbaanbestuur insluitend opleiding en ontwikkeling</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Bekwame werksmag</li> <li>● Besikbaarheid van 'n poel bekwame werknemers wat gereed is om vakante posisies te vul</li> <li>● Verminderde entropievlakke soos werknemers meer produktief word</li> <li>● Verhoging in geïdentifiseerde personeelgroeperings en nakoming van nasionale teikens (leerderskappe: 2% en internskappe: 3%)</li> <li>● Besikbaarheid van gespesialiseerde/skaars/kritieke vaardighede</li> <li>● Opleidingsbehoefte word genoegsaam aandag gegee</li> <li>● Doeltreffende oordrag van vaardighede en bewaring van institusionele geheue</li> </ul>
<b>Kennisbestuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Institusionele geheue beskikbaar om grondige besluitneming te steun</li> </ul>
<b>Bevordering van diensbillikheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Uiteenlopende werksmag met gelyke geleenthede vir almal</li> <li>● Nakoming van diensbillikheidsteikens in SBD (geslag 50/50)</li> </ul>
<b>Institusioneel veranderingsnavigasie binne die Departement (insluitend waardes, etiek en organisasiekultuur)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Entropie (energie vermors op onproduktiewe take) tot aanvaarbare vlakke verminder</li> <li>● Goeie werknemerbetrekkinge</li> <li>● Verhoogde veerkragtigheidsvlakke</li> </ul>

### 2.2. Werknemerprestasiestelsel

Een van die hoekstene van die personeelprestasiestelsel is die basiese vereiste dat alle werknemers verplig is om te doen wat van hulle verwag word. Hierdie verwagtinge en die vereiste prestasiestandaard word vergestalt deur middel van posbeskrywings, prestasie-ooreenkomste en sake-/bedryfsplanne. Belonings en aansporings word dus net toegeken vir werk wat kwalitatief en kwantitatief die werk oortref waarvoor werknemers vergoed word.

Werknemers wat vir prestasiebonusse genomineer word, word geassesseer deur modereringspanele, wat die bewyse van uitsonderlike prestasie ontleed. Personeel wat onderpresteer, daarenteen, moet die aksies voltooi wat in 'n prestasieverbeteringsplan uiteengesit word. Hulle word noulettend gemonitor om absolute nakoming van aanvaarbare prestasiestandaard te verseker.



Die raamwerk poog ook om 'n positiewe werksplekkultuur te bevorder wat formele en informele besprekings oor prestasiegehalte, toonaangewende praktyke en deurlopende individuele verbetering aan te moedig.

Hierdie stelsel vorm die raamwerk waarvolgens die werkgewer sowel as die werknemer op gelyke vlak hul doelwitte en doelstellings kan realiseer om te verseker dat PSD 5 verwesenlik kan word, naamlik "Vestig goeie staatsbestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning".

### 2.3. Werknemerwelstand

Die ontwikkeling van 'n welstandkultuur in die Departement is strategies belangrik om te verseker dat werknemers optimaal presteer, terwyl hulle voel dat hulle in die werkskonteks versorg en ondersteun word. Die WKR se transversale program vir Werknemergesondheid en -Welstand (WGW) volg 'n holistiese benadering tot werknemerwelstand en is grotendeels voorkomend van aard deur beide primêre en sekondêre dienste aan te bied. Die WGW-program word deur die Departement gemonitor deur middel van maandelikse verslae oor die benutting van primêre dienste (24-uur-telefoonberadingsdiens, aanlyn e-sorgdiens en verslagdoening) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma en kritieke insidente, opleiding en geteikende intervensie, bestuursafrigting, en voorspraak).

'n Kwartaalverslag word deur die Direkoraat: Organisasoriese Gedrag binne die KDS voorberei, wat tendense ten opsigte van benutting ontleed, risikos identifiseer en die impak daarvan op produktiwiteit aandui. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) ook 'n vereiste en sodanige verslagdoening fokus op vier gebiede, naamlik MIV/Vigs, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en SHEQ-bestuur (veiligheid, gesondheid, omgewing en gehalte).

## 3. OORSIGSTATISTIEK RAKENDE MENSEBESTUUR

### 3.1 Personeelverwante besteding

Die volgende tabelle is 'n opsomming van finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2.).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is van die Basiese Rekeningkundige Stelsel verkry en die syfers in Tabel 3.1.2 is van die PERSAL-stelsel (personeelsalarisstelsel) verkry. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en -bedankings en/of oorplasing na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in totale besteding soos in hierdie stelsels weerspieël word.

**Die sleutel in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme binne die Departement.**

**Voortaan sal daar na programme volgens hul nommer verwys word.**

Program	Programbenaming
Program 1	Administrasie
Program 2	Maatskaplikewelsynsdienste
Program 3	Kinders en gesinne
Program 4	Herstellende dienste
Program 5	Ontwikkeling en navorsing

**Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2016/17**

Program	Totale besteding (R'000)	Personeel-besteding (R'000)	Opleiding-besteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeel-besteding as 'n % van totale besteding	Gemiddelde personeel-besteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Program 1	184 085	142 377	3 398	32 046	77,34%	322	442
Program 2	768 382	361 045	0	54 440	46,99%	336	1 073
Program 3	611 241	23 865	0	784	3,90%	379	63
Program 4	344 612	136 181	0	106 556	39,52%	240	568
Program 5	49 771	13 280	0	728	26,68%	474	28
<b>Totaal</b>	<b>1 958 091</b>	<b>676 748</b>	<b>3 398</b>	<b>194 554</b>	<b>34,56%</b>	<b>311</b>	<b>2 174</b>

**Let wel:** Die getal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningsperiode vergoed is, insluitend internskappe, maar met uitsluiting van die Minister. Die getal werknemers is die totaal en nie 'n momentopname soos dit op 'n spesifieke datum was nie.

**Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisband, 2016/17**

Salarisband	Personeel-besteding (R'000)	% van totale personeel-besteding	Gemiddelde personeel-besteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Laer geskoold (vlak 1-2)	4 778	0,7	50	95
Geskoold (vlak 3-5)	139 119	20,4	186	747
Hoogs geskoold: produksie (vlak 6-8)	321 380	47,2	294	1093
Hoogs geskoold: toesighouding (vlak 9-12)	189 021	27,8	505	374
Senior bestuur (vlak 13-16)	26 604	3,9	1 023	26
<b>Totaal</b>	<b>680 902</b>	<b>100,0</b>	<b>292</b>	<b>2 335</b>

**Let wel:** Die getal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningsperiode vergoed is, insluitend internskappe, maar met uitsluiting van die Minister. Die getal werknemers is die totaal en nie 'n momentopname soos dit op 'n spesifieke datum was nie.

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisband (Tabel 3.1.4) rakende uitgawes wat aangegaan is weens salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelae, wat die totale personeelbesteding uitmaak nie. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbesteding wat vir hierdie items benut is.

**Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2016/17**

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel-besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel - besteding	Bedrag (R'000)	Behuisings-toelae as 'n % van personeel-besteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel - besteding
Program 1	100 910	14,8	802	0,1	4 367	0,6	7 225	1,1
Program 2	260 489	38,3	2 620	0,4	10 855	1,6	17 706	2,6
Program 3	17 916	2,6	59	0,008	516	0,1	1 138	0,2
Program 4	96 263	14,1	452	0,1	6 344	0,9	8 008	1,2
Program 5	10 050	1,5	0	0,0	321	0,05	557	0,1
<b>Totaal</b>	<b>485 627</b>	<b>71,3</b>	<b>3 934</b>	<b>0,6</b>	<b>22 404</b>	<b>3,3</b>	<b>34 634</b>	<b>5,1</b>

**Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per salarisband, 2016/17**

Salarisband	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeel - besteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeel - besteding	Bedrag (R'000)	Behuisings-toelae as 'n % van personeel-besteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeel - besteding
Laer geskoold (vlak 1-2)	4 010	0,6	24	0,003	106	0,02	89	0,01
Geskoold (vlak 3-5)	95 147	14,0	484	0,1	7 911	1,2	10 295	1,5
Hoogs geskoold: produksie (vlak 6-8)	231 708	34,0	2 565	0,4	10 579	1,6	17 456	2,6
Hoogs geskoold: toesighouding (vlak 9-12)	138 027	20,3	860	0,1	3 474	0,5	6 464	0,9
Senior bestuur (vlak 13-16)	16 736	2,5	0	0,0	334	0,05	331	0,05
<b>Totaal</b>	<b>485 627</b>	<b>71,3</b>	<b>3 934</b>	<b>0,6</b>	<b>22 404</b>	<b>3,3</b>	<b>34 634</b>	<b>5,1</b>

### 3.2 Indiensneming en vakatures

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (met uitsluiting van internskappe en die Minister) en die persentasie aktiewe vakante poste soos aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied ten opsigte van drie belangrike veranderlikes, naamlik: program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie afdeling word as 'n momentopname verskaf soos aan die einde van die oorsigjaar.

**Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2017**

Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	411	406	1,2
Program 2	1 089	1 065	2,2
Program 3	64	63	1,6
Program 4	590	565	4,2
Program 5	27	27	0,0
<b>Totaal</b>	<b>2 181</b>	<b>2 126</b>	<b>2,5</b>

**Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisband soos op 31 Maart 2017**

Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Laer geskool (vlak 1-2)	26	26	0,0
Geskool (vlak 3-5)	927	902	2,7
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	942	923	2,0
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	261	250	4,2
Senior bestuur (vlak 13-16)	25	25	0,0
<b>Totaal</b>	<b>2 181</b>	<b>2 126</b>	<b>2,5</b>

**Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep soos op 31 Maart 2017**

Kritieke beroepe	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers-%
Kinder- en jeugsorgwerker	414	396	4,3
Maatskaplikehulpwerker	191	185	3,1
Maatskaplike werker	768	750	2,3
<b>Totaal</b>	<b>1 374</b>	<b>1 331</b>	<b>3,1</b>

**Let wel:** Kritieke beroepe verwys na beroepe wat noodsaaklik is vir dienslewering. Indien hierdie beroepe nie in die Departement teenwoordig is nie, sal die funksie/dienste ineenstort.

### 3.3 Posevaluering

Posevaluering is ingestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Binne 'n raamwerk wat nasionaal vasgestel is, word daar van uitvoerende owerhede verwag om elke nuwe pos in sy of haar organisasie te evalueer of om enige pos te herevalueer waar die mandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevalueringproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Daar moet begryp word dat posevaluering en personeelprestasiebestuur verskil in die sin dat posevaluering verwys na die waarde/gewig van die aktiwiteite wat met die pos gepaardgaan en personeelprestasiebestuur verwys na die beoordeling van 'n individu se prestasie.

Tabel 3.3.1 is 'n opsomming van die getal poste wat gedurende die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel verskaf ook statistieke oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

**Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Salarisband	Totale getal poste soos op 31 Maart 2017	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	Poste opgegradeer as 'n % van totale poste	Getal	Poste afgegradeer as 'n % van totale poste
Laer geskool (vlak 1-2)	26	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Geskool (vlak 3-5)	927	95	4,4	2	0,1	0	0,0
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	942	43	2,0	0	0,0	0	0,0
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	261	46	2,1	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur Diensband A (vlak 13)	20	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur Diensband B (vlak 14)	4	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur Diensband C (vlak 15)	1	0	0,0	0	0,0	0	0,0
<b>Totaal</b>	<b>2 181</b>	<b>184</b>	<b>8,4</b>	<b>2</b>	<b>0,1</b>	<b>0</b>	<b>0,0</b>

**Let wel:** Die "Getal poste geëvalueer" per salarisband weerspieël die finale goedgekeurde posvlak ná posevaluering.

**Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens hul poste wat opgegradeer is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Begunstigdes	Swart	Indiër	Bruin	Wit	Totaal
Vroulik	0	0	1	0	1
Manlik	0	0	1	0	1
<b>Totaal</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2</b>	<b>0</b>	<b>2</b>
<b>Werknemers met 'n gestremtheid</b>					<b>0</b>

**Let wel:** Tabel 3.3.2 verskaf 'n uiteensetting van poste wat volgens tabel 3.3.1 opgegradeer is.

Tabel 3.3.3 is 'n opsomming van die getal gevalle waar salarisvlakke die graad oorskry het wat deur posevaluering bepaal is of waar hoër kerwe binne 'n spesifieke salarisvlak aan werknemers toegestaan is. Elke salarisvlak bestaan uit 12 kerwe. Redes vir die afwyking word in elke geval verskaf.

**Tabel 3.3.3: Werknemers per kritieke beroep aan wie hoër salarisse toegestaan is as wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Hoofberoep	Getal werknemers	Posevaluering- vlak	Vergoeding op 'n hoër salarisvlak	Vergoeding op 'n hoër kerf van dieselfde salarisvlak	Rede vir afwyking
Adjunkdirekteur:	1	9	-	11 kerfverhogings	Personeel-aantrekking
<b>Totaal</b>					<b>1</b>
					<b>0,05</b>

**Tabel 3.3.4: Werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is as wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Begunstigdes	Swart	Indiër	Bruin	Wit	Totaal
Vroulik	1	0	0	0	1
Manlik	0	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>1</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>1</b>
<b>Werknemers met 'n gestremdheid</b>				<b>0</b>	

**Let wel:** Tabel 3.3.4 verskaf 'n uiteensetting van tabel 3.3.3 volgens ras en geslag.

### 3.4. Veranderinge in indiensneming

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die Departement gedurende die oorsigjaar. Die volgende tabelle is 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling bevat nie inligting oor internskappe nie.

**Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Omsetkoers % 2015/16	Aanstellings in die Departement	Oorplasinge na die Departement	Diensverlatings uit die Departement	Oorplasinge uit die Departement	Omsetkoers % 2016/17
Laer geskool (vlak 1-2)	27	8,0	1	0	3	0	11,1
Geskoold (vlak 3-5)	883	5,7	72	11	28	2	3,4
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	923	10,3	115	12	141	9	16,3
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	246	11,1	14	3	18	3	8,5
Senior bestuur Diensband A (vlak 13)	18	5,6	1	0	1	0	5,6
Senior bestuur Diensband B (vlak 14)	4	0,0	0	0	0	0	0,0
Senior bestuur Diensband C (vlak 15)	1	0,0	0	0	0	0	0,0
<b>Totaal</b>	<b>2 102</b>	<b>8,4</b>	<b>203</b>	<b>26</b>	<b>191</b>	<b>14</b>	<b>9,8</b>
			<b>229</b>		<b>205</b>		

**Let wel:** "Oorplasinge" verwys na die sywaartse beweging van werknemers vanaf een staatsdiensentiteit na 'n ander (beide provinsiaal en nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn te bereken (getal werknemers soos op 31 Maart 2016).

**Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse per kritieke beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Omsetkoers % 2015/16	Aanstellings in die Departement	Oorplasinge na die Departement	Diensverlatings uit die Departement	Oorplasinge uit die Departement	Omsetkoers % 2016/17
Kinder- en jeugsorgwerker	386	4,9	34	0	11	0	2,8
Maatskaplikehulpwerker	178	3,6	8	0	1	0	0,6
Maatskaplike werker	727	9,5	91	0	63	4	9,2
<b>Totaal</b>	<b>1 290</b>	<b>7,4</b>	<b>133</b>	<b>0</b>	<b>75</b>	<b>4</b>	<b>6,1</b>
			<b>133</b>		<b>79</b>		

**Let wel:** "Oorplasinge" verwys na die sywaartse beweging van werknemers vanaf een staatsdiensentiteit na 'n ander (beide provinsiaal en nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale diensverlatings as 'n persentasie van die basislyn te bereken (getal werknemers soos op 31 Maart 2016).

**Tabel 3.4.3: Personeel wat die Departement se diens verlaat het, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Kategorie van diensverlating	Getal	% van totale diensverlatings	Getal diensverlatings as 'n % van totale getal werknemers soos op 31 Maart 2016
Dood	2	1,0	0,1
Bedanking *	140	68,3	6,7
Verstryking van kontrak	3	1,5	0,1
Afdanking – bedryfsveranderinge	0	0,0	0,0
Afdanking – wangedrag	14	6,8	0,7
Afdanking – ondoeltreffendheid	0	0,0	0,0
Ontslag weens swak gesondheid	5	2,4	0,2
Aftrede	26	12,7	1,2
Werknemeergeïnisieerde skeidingspakket	1	0,5	0,04
Statutêre oorplasing	0	0,0	0,0
Oorplasing na ander staatsdepartemente	14	6,8	0,7
<b>Totaal</b>	<b>205</b>	<b>100,0</b>	<b>9,8</b>

**Let wel:** Tabel 3.4.3 identifiseer die verskeie kategorieë van diensverlatings vir daardie personelede wat die Departement se diens verlaat het.

\* Bedankings word verder in Tabel 3.4.4 en 3.4.5 bespreek.

**Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Redes vir bedanking	Getal	% van totale bedankings
Werk-lewe-balans	2	1,4
Beter vergoeding	9	6,4
Kontrak na permanente aanstelling *	79	56,4
Familie/persoonlike omstandighede	10	7,1
Interpersoonlike verhoudings	1	0,7
Gebrek aan geleentheid vir bevordering	4	2,9
Behoeftes aan loopbaanverandering	15	10,7
Geen rede verskaf nie	7	5,0
Persoonlike gesondheid	6	4,3
Voltydse studies	4	2,9
Begin 'n eie onderneming	3	2,1
<b>Totaal</b>	<b>140</b>	<b>100,0</b>

**Let wel:** \* Maatskaplikewerkgegradeerdes wat in permanente poste aangestel is via 'n formele werwings- en keuringsproses.



**Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Ouderdomsgroep	Getal	% van totale bedankings
<19 jaar	0	0,0
20 tot 24 jaar	3	2,1
25 tot 29 jaar	61	43,6
30 tot 34 jaar	24	17,1
35 tot 39 jaar	15	10,7
40 tot 44 jaar	12	8,6
45 tot 49 jaar	9	6,4
50 tot 54 jaar	7	5,0
55 tot 59 jaar	4	2,9
60 tot 64 jaar	5	3,6
65 > jaar	0	0,0
<b>Totaal</b>	<b>140</b>	<b>100,0</b>

**Tabel 3.4.6 Werknemergeriniseerde skeidingspakkette**

Kategorie	Getal aansoeke ontvang	Getal aansoeke na die MSDA verwys	Getal aansoeke deur die MSDA gesteun	Getal pakkette deur die Departement goedgekeur
Laer geskoold (vlak 1-2)	0	0	0	0
Geskoold (vlak 3-5)	0	0	0	0
Hoogs geskoold: produksie (vlak 6-8)	0	0	0	0
Hoogs geskoold: toesighouding (vlak 9-12)	1	1	1	1
Senior bestuur (vlak 13-16)	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>	<b>1</b>

**Tabel 3.4.7: Bevorderings per salarisband, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers	Kerforderings binne 'n salarisvlak	Kerforderings as 'n % van totale werknemers
Laer geskoold (vlak 1-2)	27	0	0,0	7	25,9
Geskoold (vlak 3-5)	883	4	0,5	233	26,4
Hoogs geskoold: produksie (vlak 6-8)	923	18	2,0	370	40,1
Hoogs geskoold: toesighouding (vlak 9-12)	246	13	5,3	155	63,0
Senior bestuur (vlak 13-16)	23	2	8,7	19	82,6
<b>Totaal</b>	<b>2 102</b>	<b>37</b>	<b>1,8</b>	<b>784</b>	<b>37,3</b>

**Let wel:** Bevorderings weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer ná hy/sy bevorder is. Werknemers wat nie vir kerfverordering kwalifiseer nie sluit dié in wat op proef aangestel is, asook werknemers wat swak presteer. Voorts ontvang werknemers binne die Beroepspesifieke Dispensasie (BSD) nie jaarliks kerfverorderings nie.

**Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2016	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe	Kerfverorderings binne 'n salarisvlak	Kerfverorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe
Kinder- en jeugsorgwerker	386	4	1,0	63	16,3
Maatskaplikehulpwerker	178	0	0,0	36	20,2
Maatskaplike werker	727	7	1,0	136	18,7
<b>Totaal</b>	<b>1 290</b>	<b>11</b>	<b>0,9</b>	<b>235</b>	<b>18,2</b>

**Let wel:** Bevorderings weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer ná hy/sy bevorder is. Werknemers wat nie vir kerfverordering kwalifiseer nie sluit dié in wat op proef aangestel is, asook werknemers wat swak presteer. Voorts ontvang werknemers binne die Beroepspesifieke Dispensasie (BSD) nie jaarliks kerfverorderings nie.

### 3.5. Diensbillikheid

**Tabel 3.5.1: Totale getal werknemers (insluitend werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke soos op 31 Maart 2017**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (vlak 15-16)	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Senior bestuur (vlak 13-14)	2	6	0	3	1	6	0	6	0	0	24
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (vlak 9-12)	25	75	0	10	53	155	3	32	0	0	353
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (vlak 6-8)	87	191	1	14	219	448	5	49	0	0	1 014
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (vlak 3-5)	118	197	1	6	134	250	0	10	0	0	716
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (vlak 1-2)	5	4	0	0	4	5	0	0	0	0	18
<b>Totaal</b>	<b>237</b>	<b>473</b>	<b>2</b>	<b>34</b>	<b>411</b>	<b>864</b>	<b>8</b>	<b>97</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2 126</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Groototaal</b>	<b>237</b>	<b>473</b>	<b>2</b>	<b>34</b>	<b>411</b>	<b>864</b>	<b>8</b>	<b>97</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2 126</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Die syfers wat per beroepsvlak weerspieël word, sluit alle permanente, deeltydse en kontrakwerkers in, maar sluit internskappe uit. Voorts word die inligting per salarisvlak aangebied en nie volgens posvlak nie. Vir die getal werknemers met gestremdhede, verwys na Tabel 3.5.2.

**Tabel 3.5.2: Totale getal werknemers (slegs met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke soos op 31 Maart 2017**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (vlak 13-14)	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (vlak 9-12)	1	1	0	1	1	2	0	1	0	0	7
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (vlak 6-8)	2	2	0	2	3	4	0	1	0	0	14
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (vlak 3-5)	2	1	0	0	1	0	0	0	0	0	4
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (vlak 1-2)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>5</b>	<b>5</b>	<b>0</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>6</b>	<b>0</b>	<b>2</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>26</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Groototaal</b>	<b>5</b>	<b>5</b>	<b>0</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>6</b>	<b>0</b>	<b>2</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>26</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Die syfers wat per beroepsvlak weerspieël word, sluit alle permanente, deeltydse en kontrakwerkers in, maar sluit internskappe uit. Voorts word die inligting per salarisvlak aangebied en nie volgens posvlak nie.

**Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (vlak 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (vlak 9-12)	1	1	0	2	2	9	1	1	0	0	17
Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (vlak 6-8)	8	15	0	0	45	52	1	6	0	0	127
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (vlak 3-5)	12	23	0	1	12	32	0	3	0	0	83
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (vlak 1-2)	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
<b>Totaal</b>	<b>21</b>	<b>40</b>	<b>0</b>	<b>3</b>	<b>59</b>	<b>93</b>	<b>2</b>	<b>11</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>229</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Groototaal</b>	<b>21</b>	<b>40</b>	<b>0</b>	<b>3</b>	<b>59</b>	<b>93</b>	<b>2</b>	<b>11</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>229</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Werwing verwys na die aanstelling van nuwe werknemers op die Departement se diensstaat, maar sluit internskappe uit. Die totale sluit oorplasinge in vanaf ander staatsdepartemente en/of -instellings soos per tabel 3.4.1.

**Tabel 3.5.4: Bevorderings, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (vlak 13-14)	0	2	0	0	0	0	0	0	0	0	2
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (vlak 9-12)	2	3	0	0	2	5	1	0	0	0	13
Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (vlak 6-8)	1	2	0	0	4	11	0	0	0	0	18
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (vlak 3-5)	0	2	0	0	0	2	0	0	0	0	4

Ongeskoold en gedefinieerde besluitneming (vlak 1-2)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>3</b>	<b>9</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>6</b>	<b>18</b>	<b>1</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>37</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Grooftotaal</b>	<b>3</b>	<b>9</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>6</b>	<b>18</b>	<b>1</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>37</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat binne die departement na 'n hoër posvlak bevorder is soos per tabel 3.4.7.

**Tabel 3.5.5: Diensverlatings, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (vlak 13-14)	0	0	0	0	0	0	0	1	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (vlak 9-12)	3	3	0	1	1	8	0	5	0	0	21
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (vlak 6-8)	11	28	0	0	40	68	2	1	0	0	150
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (vlak 3-5)	4	12	0	0	3	10	0	1	0	0	30
Ongeskoold en gedefinieerde besluitneming (vlak 1-2)	2	1	0	0	0	0	0	0	0	0	3
<b>Totaal</b>	<b>20</b>	<b>44</b>	<b>0</b>	<b>1</b>	<b>44</b>	<b>86</b>	<b>2</b>	<b>8</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>205</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Grooftotaal</b>	<b>20</b>	<b>44</b>	<b>0</b>	<b>1</b>	<b>44</b>	<b>86</b>	<b>2</b>	<b>8</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>205</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Diensverlatings verwys na werknemers (met uitsluiting van internskappe) wat die diens van die Departement verlaat het, insluitend oorplasing na ander departemente soos per tabel 3.4.1.

**Tabel 3.5.6: Dissiplinêre optrede, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Dissiplinêre optrede	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Afdanking	4	2	0	0	0	2	0	0	0	0	8
Onskuldig	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Drostery	0	1	0	0	2	3	0	0	0	0	6
Skryflike waarskuwing	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Skorsing sonder salaris tesame met 'n finale skryflike waarskuwing	0	3	0	0	1	0	0	0	0	0	4
<b>TOTAAL</b>	<b>4</b>	<b>8</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>3</b>	<b>5</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>20</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Die totaal van dissiplinêre optrede verwys slegs na formele resultate en nie koptelling nie. Vir verdere inligting oor die resultate van die dissiplinêre verhore en tipes wangedrag wat by dissiplinêre verhore hanteer is, verwys na tabel 3.12.2 en tabel 3.12.3.

**Tabel 3.5.7: Vaardigheidsontwikkeling, 1 April 2016 tot 31 Maart 2017**

Beroepsvlakke	Manlik				Vroulik				Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	
Topbestuur (vlak 15-16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (vlak 13-14)	0	1	0	0	0	1	0	1	3
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (vlak 9-12)	10	22	0	1	42	84	1	21	181
Geskoolede tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (vlak 6-8)	40	100	0	6	104	318	1	29	598
Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (vlak 3-5)	97	176	0	5	123	183	0	6	590
Ongeskoold en gedefinieerde besluitneming (vlak 1-2)	2	2	0	0	3	8	0	0	15
<b>Totaal</b>	<b>149</b>	<b>301</b>	<b>0</b>	<b>12</b>	<b>272</b>	<b>594</b>	<b>2</b>	<b>57</b>	<b>1 387</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Groototaal</b>	<b>149</b>	<b>301</b>	<b>0</b>	<b>12</b>	<b>272</b>	<b>594</b>	<b>2</b>	<b>57</b>	<b>1 387</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.

**Let wel:** Die tabel hierbo verwys na die totale getal werknemers wat tydens die oorsigjaar opleiding ontvang het en nie na die getal opleidingsintervensies wat deur individue bygewoon is nie. Vir verdere inligting oor die werklike opleiding wat voorsien is, verwys na tabel 3.13.2.

### 3.6. Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede

**Tabel 3.6.1: Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede soos op 31 Mei 2016**

SBD-posvlak	Getal aktiewe SBD-poste per vlak	Getal SBD-lede per vlak	Getal getekende prestasie-ooreenkomste per vlak	Getekende prestasie-ooreenkomste as % van SBD-lede per vlak
Departementshoof	1	1	1	100,0
Salarisvlak 14	4	4	4	100,0
Salarisvlak 13	20	19	19	100,0
<b>Totaal</b>	<b>25</b>	<b>24</b>	<b>24</b>	<b>100,0</b>

**Let wel:** Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as SBD-lede aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit. Voorts weerspieël die tabel inligting wat met salarisse per pos verband hou en nie die individuele salarisvlakke van werknemers nie. Die toekenning van prestasieverwante belonings (kontantbonus) vir SBD-lede word later in die verslag bespreek. Verwys na tabel 3.8.5 in hierdie verband.

**Tabel 3.6.2: Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede teen 31 Mei 2016 gesluit is nie**

Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede gesluit is nie
NVT

**Tabel 3.6.3: Dissiplinêre stappe teen SBD-lede gedoen omdat prestasie-ooreenkomste nie teen 31 Mei 2016 gesluit is nie**

Dissiplinêre stappe teen SBD-lede gedoen omdat prestasie-ooreenkomste nie gesluit is nie
Geen benodig nie

### 3.7. Vulling van SBD-poste

Die tabelle in hierdie afdeling verskaf inligting oor indiensneming en vakatures soos dit met lede van die SBD volgens salarisvlak verband hou. Dit verskaf ook inligting oor die advertering en vulling van SBD-poste, redes waarom daar nie aan voorgeskrewe tydraamwerke voldoen is nie en dissiplinêre stappe wat gedoen is in gevalle van nienakoming.

**Tabel 3.7.1: Inligting oor SBD-poste soos op 30 September 2016**

SBD-vlak	Getal aktiewe SBD-poste per vlak	Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Departementshoof	1	1	100,0	0	0,0
Salarisvlak 14	4	4	100,0	0	0,0
Salarisvlak 13	20	20	100,0	0	0,0
<b>Totaal</b>	<b>25</b>	<b>25</b>	<b>100,0</b>	<b>0</b>	<b>0,0</b>

**Tabel 3.7.2: Inligting oor SBD-poste soos op 31 Maart 2017**

SBD-vlak	Getal aktiewe SBD-poste per vlak	Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Departementshoof	1	1	100,0	0	0,0
